Die waarde van spelterapie: ‘n Pastorale benadering

J Marx

12903353

Proefskrif voorgelê vir die graad Doctor Philosophiae in Pastoraal aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof dr GA Lotter

Medepromotor: Dr FG Minnie

Mei 2014

Dit begin alles hier ™

NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Voorwoord en bedankings

Baie Dankie !

- **Here, ek erken U Almag! U hou in gedagte dat ons net mense is, maar ons aanbid 'n wonderlike "U Is"!**
- **Pieter, dat jy 'n getuienis van my lewe is, my passie ken en my liefhet. Enige tyd bereid is om my te help en nog boeke te koop, terwyl jy hard probeer om my te verstaan.**
- **Madelien en Kalienka, julle is werklik julle eie mense.**
- **Prof George Lotter, dankie, dankie, dankie! Jy weet regtig altyd meer en beter.**
- **Dr Chrissie Reynecke.**
- **Die Teologiese fakulteit, in besonder vir Prof Francois Fika Janse van Rensburg.**
- **Dr Frans Minnie.**
- **Die biblioteek vroue, veral Hester Lombaard, die administrasie dames, beurs mense en natuurlik die Afrikaanse universiteit!**
- **Hester Ferrezuelo, jou hulp met die rekenaar en jou terugvoer is vir my goud, gesuiwerde goud, werd.**
- **Andre du Plessier, jou ryk, wye Afrikaanse kennis en jou lewenswysheid het my verstom.**
- **Antjie, Amanda, Hannelie, Rita en al my baie vriende.**
- **My familie, wat op 'n manier in my glo terwyl hulle wonder of ek ooit sal klaarkry.**
- **Aan al die wonderlike kinders, (en hulle mammas en hulle pappas, die juffrouens, skoolhoofde, dokters, terapeute, ouma's, oupa's, dominees en pleegouers). Dit was 'n voorreg om te beleef hoe julle ernstig speel met die groot probleme in julle lewe!**
- **My gebed is:**

...dat elkeen wat hierdie studie lees, deur die Here geseën sal wees en tot die insig sal kom dat Jesus 'n kind in julle midde geplaas het.

Hierdie navorsing word opgedra aan: Oom Nico en Tannie Ems Meyer.

.. julle het my in julle huis en harte ingeneem toe my ouerhuis begin verdwyn het.

Opsomming

Die navorser stel riglyne vir ’n *beradingspel* model voor vir die gebruik in pastorale berading aan kinders.

Daar is ’n nuwe opkomende bewustheid oor die plek van die kind in die kerk. Die navorser neem inisiatief op die gebied met hierdie studie. Met die rigting wat die Osmermodel vir Praktiese Teologie voorstel, is die helende effek van spel verken. ’n Empiriese ondersoek dmv die “gemengde navorsingsmetode” is uitgevoer en al die resultate opgeteken.

Die voorkoms van kinderspel en die kultuurgebruike rondom die kind in die Mediterreense wêreld is ondersoek. Aspekte van kinderteologie, soos Jesus Christus se benadering tot en hoe Hy kinders ontvang het, is ondersoek. Die narratiewe, metafore (gelykenisse) en projeksies in die Skrif word ontleed. Uit elke psigologiese denkrigting het vorme van spelterapie ontwikkel. Die navorser som die hoofstrome in die sielkunde op en beskryf die ontwikkeling van spelterapie.

Die gebruike van spelterapie, hulpbronne en teorieë is bespreek. Kinders begin eers op elf jarige ouderdom abstrak redeneer en tot dan kan die taal wat gebruik word spel wees en die speelgoed woorde.

Die navorser beskryf aspekte van Kinderteologie. Die agtergrond en bestaanreg van pastorale berading as integrale deel van Praktiese teologie is verduidelik. Gebed maak deel van die beplanning sowel as die interpretasie van gebeure in die speelkamer uit. Die kind se vrae oor God, Jesus Christus, die Heilige Gees of die Koninkryk, word eerlik en Skriftuurlik hanteer. Die berader word aangemoedig om die kind se soeke na God te leer onderskei en die geleentheid te gebruik om die waarheid omtrent Skrifaangeleenthede oor te dra.

Die mens en Skrifbeskouings soos dit in die reformatoriese tradisie voorkom is in die bylae ingesluit.

Abstract

The researcher proposes guidelines in a model for pastoral counselling through the use of play with children.

There is a new awareness of the place of the child in the church. The researcher has done pioneering work through the study in this area. An approach to the healing effects through play has been investigated with the direction of the Osmer model for practical theology.An Empirical study using the “mixed research method” was conducted and all results recorded.

The appearances of child play and cultural practices surrounding the child in the Mediterranian world were examined. Jesus Christ’s approach, how He received the children and spoke out over them was investigated. The narratives, metaphors (parables) and projections of Scripture are of value. Play therapy developed from every physchological viewpoint and the researcher summarised major schools of psychology and showed the development of play therapy.

The use of play therapy, resources and theories were discussed. A child first starts abstract reasoning at the age of eleven years, and until then their words are toys and language play.

The researcher addresses issues of child theology. The history and background of pastoral counseling as a subdivision in practical theology was addressed. Incidences of pastoral moments occur naturally during the time of play. Prayer is an integral part of the planning and interpretation of events in the play room. Questions from the child about God, Jesus Christ, and the Holy Spirit are treated honestly and Scripturally. The counselor needs to be sensitve to the child’s search for God and to transfer Scriptural truth to the child.

Human- and Scriptural views of the reformatory tradition is included in the appendix

Sleutelterme

Speel, spel, spelterapie, pastoraal, pastorale benadering

Key words

Play, play therapy, pastoral, pastoral approach

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord en bedankings ..... **i**
Uittreksel ..... Error! Bookmark not defined.
Abstract ..... **iii**
Sleutelterme ..... **iii**
Key words ..... **iii**
Hoofstuk 1 - Inleiding **1**
1.1 Probleemstelling **1**
1.1.1 Agtergrond 1
1.1.2 Rol van die kind in die kerk 1
1.1.3 Nuwe bewustheid van die kind se rol in teologie 2
1.1.4 Pastorale berading van kinders 3
1.2 Eie tersaaklike agtergrond **5**
1.3 Behoefte aan meer hulp vir kinders **6**
1.4 Pastorale begeleiding en spel **7**
1.5 Stand van navorsing **7**
1.6 Sentrale navorsingsvraag en verdere vrae **9**
1.6.1 Sentrale navorsingsvraag 9
1.6.2 Verdere vrae 9
1.7 Navorsingsdoelstelling en -doelwitte **9**
1.7.1 Doelstelling 9
1.7.2 Doelwitte 10
1.8 Sentrale teoretiese argument **10**
1.9 Metode van ondersoek **10**
1.9.1 Metodologie 10
1.9.2 Osmer se model 11
1.10 Enkele ander aspekte van belang **12**
1.11 Hoofstukindeling **13**
Hoofstuk 2 - Empiriese ondersoek met betrekking tot die kind en spel **14**
2.1 Inleiding **14**
2.2 Omvang van empiriese navorsing **15**
2.3 Kwalitatiewe navorsing **16**
2.3.1 Die waarde van kwalitatiewe navorsing 16
2.3.2 Elemente van navorsing 16
2.4 Werkswyse van die navorser **17**

2.4.1 Aanvangsessie....17
2.4.2 Verloop van daaropvolgende sessies....18
2.4.3 Pastorale momente in beradingspel....18
2.4.4 Gebed....19
2.5 Beradingspelsessies....19
2.5.1 Gevallestudie 1 – Hannes (7 jaar, graad 1)....19
2.5.2 Gevallestudie 2 – Tertius (6 jaar, graad 1)....22
2.5.3 Gevallestudie 3 – Johan (5 jaar, kleuterskool)....26
2.5.4 Gevallestudie 4 – Belinda (4 jaar 6 maande)....30
2.5.5 Gevallestudie 5 – Jakob (11 jaar, graad 4)....34
2.5.6 Gevallestudie 6 – Amanda (7 jaar, graad 1)....37
2.5.7 Gevallestudie 7 – Sarel (9 jaar, graad 3)....40
2.6 Gevolgtrekkings....43
2.7 Kwantitatiewe navorsing....44
2.8 Doel van die kwantitatiewe ondersoek....45
2.9 Metode van navorsing....45
2.9.1 Verkennende navorsing....45
2.9.2 Die opstel van die ontwerp....45
2.9.3 Etiese oorweginge....45
2.10 Werkswyse....46
2.10.1 Oorsig....46
2.10.2 Pos- of versendingsvraelys....46
2.10.3 Data-insameling....47
2.11 Terugvoer....47
2.12 Uitkoms....49
2.13 Nabetragting van die navorser....50
2.14 Gevolgtrekking....50
Hoofstuk 3 Skriftelike en psigologiese interpretasie van kind en spel....51
3.1 Inleiding....51
Deel Een....51
3.2 Skriftuurlike siening van die kind en spel....51
3.2.1 Inleiding....51
3.2.2 Teologiese interpretasie van die kultuurhistoriese agtergrond....52
3.2.3 Verklaring van woorde....57
3.2.4 Gevolgtrekking oor die spel van kinders in die Skrif....58

3.2.5 Jesus Christus herstel die posisie van die kind in die gemeenskap.....59
Deel Twee 64
3.3 Literatuurstudie van spelterapie 64
3.3.1 Inleiding 64
3.3.2 Die ontwikkeling en gebruik van spelterapie.....64
3.3.3 Spelterapie.....69
3.3.4 Wat is spelterapie?.....76
3.3.5 Die praktiese hulpbronne in spelterapie 81
3.3.6 Algemene riglyne vir spelterapeute 84
3.3.7 Spelterapiebewegings.....85
3.3.8 Gevolgtrekking 95
Hoofstuk 4 - Normatiewe momente oor die waarde van die gebruik van spel vir die pastorale kinderberader. 98
4.1 Inleiding 98
Deel een 99
4.2 Skriftuurlike beskouings van spelterapeutiese bewegings 99
4.2.1 Inleiding 99
4.2.2 Oorsprong van spelterapie 99
4.2.3 Aspekte van spelterapieteorieë 100
4.3 Verdere insigte in spel wat as leidrade in berading kan dien 108
4.3.1 Spontane spel.....109
4.3.2 Kreatiewe spel 109
4.3.3 Simboliese spel.....109
4.3.4 Gevaarlike spel 110
4.3.5 Bybels-geïnspireerde spel.....110
4.3.6 Skeppingspel 110
Deel twee 111
4.4 Kinderteologie.....111
4.4.1 Inleiding 111
4.4.2 Wat is teologie? 112
4.4.3 Wat is praktiese teologie? 113
4.4.4 Wat is kinderteologie?.....113
4.4.5 Benaderings wat nie kinderteologie is nie 114
4.4.6 Godly play.....115
4.5 Matteus 18:1-5.....116

4.6 Pastorale berading 117
4.6.1 Pastorale beraders 117
4.6.2 Die betekenis van die woord “pastoraal” 117
4.6.3 Die agtergrond en wese van pastorale sorg 118
4.6.4 Die vertrekpunte van die pastorale kinderberader 120
4.7 Spelterapie as beradingsmodel in die pastoraat 121
4.7.1 Die onderontwikkelde pastorale bediening aan kinders 121
4.7.2 Die ontwikkeling van die kind se geloof 121
4.7.3 Skriftuurlike begronding vir die gebruik van spelterapie in die pastoraat 124
4.8 Gevolgtrekkings 125
Hoofstuk 5 - Pastoraleberadingspel met betrekking tot kind en spel 126
5.1 Inleiding 126
5.2 Waardevolle gevolgtrekkings in 2.6 wat voortspruit uit die kwalitatiewe navorsing 127
5.3 Raamwerk vir ’n beradingspelmodel 128
5.3.1 Die berader 128
5.3.2 Die kind 129
5.3.3 Gebruik van gebed 130
5.3.4 Leiding van die Heilige Gees 130
5.3.5 Toerusting 131
5.3.6 Hantering van ouers 132
5.3.7 Die verloop van die beradingspelsessies 132
5.4 Pastorale momente 138
5.5 Gevolgtrekking 139
Hoofstuk 6 - Gevolgtrekking 140
6.1 Inleiding 140
6.2 Empiriese ondersoek met betrekking tot die kind en spel 140
6.3 Interpreterende moment met betrekking tot die kind en spel 141
6.4 Normatiewe aspekte met betrekking tot kind en spel 142
6.5 Pastoraleberadingspel met betrekking tot kind en spel 142
Bylae 1 143
B.1 Beradingspelsessies met kinders 143
B.1.1 Navorser 1 – Hannes 143
Sessie 1 143
Sessie 2 143

Sessie 3 143
Sessie 4 143
Sessie 5 144
Sessie 6 144
B.1.2 Navorser 2 – Tertius 2 145
Sessie 1 145
Sessie 2 145
Sessie 3 146
Sessie 4 147
Sessie 5 147
Sessie 6 148
Sessie 7 148
B.1.3 Navorser 3 – Johan 150
Aanvangsbesoek 150
Sessie 1 150
Sessie 2 151
Sessie 3 151
Sessie 4 151
Sessie 5 152
Sessie 6 152
Sessie 7 152
B.1.4 Navorser 4 – Belinda 153
Sessie 1 153
Sessie 2 153
Sessie 3 154
Sessie 4 154
Sessie 5 154
B.1.5 Navorser 5 – Jacob 156
Sessie 1 156
Sessie 2 157
Sessie 3 157
Sessie 4 158
Sessie 5 158
Sessie 6 158
Sessie 7-10 158

B.1.6 Navorser 6 – Amanda 159
Aanvangsessie 159
Sessie 1 159
Sessie 2 159
Sessie 3 159
Sessie 4 160
Vyf maande later 160
Opvolgsessie 160
B.1.7 Navorser 7 – Sarel 160
Aanvangsessie 160
Sessie 1 160
Sessie 2 161
Sessie 3 161
Sessie 4 161
Sessie 5 161
Sessie 6 161
B.1.8.1 Materiaal aan ouers gegee 162
B1.2.1 Voorbeeld van toestemmingsbrief 162
B.1.8.2 Aanvangsbrief aan ouers oor beradingspel 163
B.1.8.3 Voorbeeld van hulp aan Johan se ma gegee 164
Bylae 2 165
B2 Kwantitatiewe navorsing – voorbeelde van materiaal wat uitgestuur is 165
B.2.1 Voorbeeld van "dekbrief" in Afrikaans en Engels. 165
B.2.2 Voorbeeld van Engelse vraelys 166
B.2.3 Voorbeeld van Afrikaanse vraelys 167
Bylae 3 168
B3 Mensbeskouing en Skrifbeskouing 168
3.1 Inleiding 168
3.2. Mensbeskouing 168
3.2.1 Mensbeskouing van Calvyn 168
3.3 Skrifbeskouing 171
3.3.1 Vertrekpunte as agtergrond vir Skrifbeskouings 171
3.4 Eie Skrifbeskouing 172
MOONTLIKE VERDERE NAVORINGSTEMAS 173

BRONNELYS **174**

Taalsorgverklaring

Chrissie Reinecke, Ph.D., U.D.B.

Taalpraktisyn

Louis Leipoldtstraat 6

POTCHEFSTROOM

2531

Posbus 21109

NOORDBRUG

2522

Telefoon: 018 294 6501

Sel: 082 467 7258

E-pos: chrissiereinecke@gmail.com



Vertaalwerk: Engels in Afrikaans
Afrikaans in Engels

Bibliografiese versorging

Taalversorging van Afrikaanse en Engelse tekste

16 November 2012

Heil die leser!

Hiermee verklaar ek dat ek die volgende proefskrif taalversorg het:

J. Marx (studentenommer: 12903353). *Die waarde van spelterapie: 'n pastorale benadering*.

C. S. Reinecke

C.S. Reinecke

Hoofstuk 1 - Inleiding

1.1 Probleemstelling

1.1.1 Agtergrond

In 1967 verskyn die boek *Dibs* (Ballantine Books), waarin vertel word hoe ’n seuntjie deur spel van die gevolge van verwerping deur sy ouers genees word. Wanneer die seuntjie se sessies na afloop van ’n jaar gestaak word, woel daar egter nog baie onbeantwoorde vrae in sy jong gemoed oor God, oor ’n kerkgebou as God se huis en oor die hemel. Hy vra sy ma om hom vir nog een sessie na sy spelterapeut terug te neem. Dit word gereël. Op versoek van die seuntjie verlaat hy en sy terapeut die terapiegebou en gaan hulle die kerkgebou langsaan binne. In die kerk oorweldig die grootte en stilte die jong kind en spoor dit hom aan om sy vrae oor God aan die terapeut te stel. In ooreenstemming met die vereiste van die spelterapiemetode wat die terapeut in die begeleiding van die seuntjie gevolg het, gee hy geen antwoorde aan die seuntjie nie. Hy verseker hom egter dat hy eendag self sal kan besluit waaraan hy wil glo. Die seuntjie beëindig die gesprek deur te sê, “It makes me feel lonesome not knowing God” (Axline, 1990:129).

Tydens die lees van hierdie verhaal het daar by die navorser ’n dringende behoefte ontstaan om kinders in soortgelyke situasies te begelei. In die praktyk het sy reeds daarmee te doen gekry. Hierdie momente, wanneer ’n kind op sy ontvanklikste vir die waarheid rakende die bestaan van God is, behoort ondersoek te word. Vir die seuntjie in bogenoemde verhaal het die geleentheid om meer van God te leer, verbygegaan.

Die verhaal van die seuntjie is dié van “Dibs”. Hy is deur ’n niedirekte spelterapiemetode ondersteun om self sy eie onvervulde behoeftes en pynlike ervarings deur spel te hanteer en nuwe ervarings in sy spel in te bou.

1.1.2 Rol van die kind in die kerk

Matteus 18:5 beskryf hoe Jesus Christus ’n kind in sy naam verwelkom. Hy plaas die kind in die dissipels se midde en daag hulle uit om soos ’n kind te word, sou hulle die Koninkryk wil binnegaan. Hierdie uitdaging is vandag steeds geldig. Om ’n kind te kan verstaan, moet die volwassene bereid wees om die wêreld van die kind te betree. Die manier waarop kinders leer, luister, ontdek, ontwikkel, verstaan, onthou en situasies verwerk, is anders as dié van volwassenes. Dit geld ook hulle geloofshandelinge.

Lester (1985:27), ’n teoretikus wat baanbrekerswerk met betrekking tot die plek van die kind in die kerklewe gedoen het, maak die volgende stelling: “Few pastors give any systematic attention to pastoral relationships with children, even those in crises.” Berryman (2006:116) beweer dat Lester een van die eerste geestelike leiers was wat oor die pastorale sorg vir kinders geskryf het. As ’n mens in ag neem dat Lester sy stelling hierbo slegs 27 jaar gelede gemaak het, het die bewustheid van pastorale sorg vir die kind redelik onlangs na vore gekom. Verder is die huidige tekort aan publikasies oor pastorale sorg vir kinders ’n bewys van Berryman se bewering dat daar steeds min belangstelling in hierdie onderwerp is. Weber (1979:x) onderskei twee benaderings in die kerk van sy tyd. In sommige kerke bestaan daar ’n eensydige kind-gesentreerdheid in hulle aktiwiteite en aanbidding, teenoor ander kerke en Christengroepe wat weer só betrokke by groot aksies raak, dat hulle van die kinders vergeet. Oor die algemeen sal kinders so goed moontlik by die teologiese program van hulle kerke inpas. Pridmore (2009:187) ondersteun laasgenoemde siening. Stafford (2010:5-6) gaan sovêr om die kerk te blameer en beweer dat die kerk deel het aan die verwaarlosing van kinders. Volgens Stafford word kinders weggelaat uit die kerk se visie, strategieë, programme en prioriteite. Bunge (2011:1) veroordeel die manier waarop Christene hul kinders steeds, soos in die verlede, op ’n eng en destruktiewe wyse hanteer. White (2012:32) verduidelik dat die teologie tradisioneel ’n “adult orientated pursuit” is. Hy brei sy mening uit en stel dit onomwonde dat die rol van kinders en hul bydrae tot die kerk nog altyd onderskat is.

1.1.3 Nuwe bewustheid van die kind se rol in teologie

Die afgelope paar jaar het daar in die teologie ’n beweging ontstaan wat indringend na die kind as leier of selfs voorloper in die uitlewing van geloof kyk. Land (2010:10) identifiseer die kind as “... an emblem of the ‘already/not yet’ Kingdom of God. Just as the child is a full participant in our communities, so also is the Kingdom a present reality in the church.”

Internasionaal is daar dus tans ’n bewustheid te bespeur van die plek wat die kind in die kerk kan inneem. Die Child Theology Movement (White, 2009:62) is deel van ’n toenemende belangstelling en navorsing oor die plek wat kinders in die kerk kan inneem. Volgens Van Rensburg (2011) moet daar ernstig aandag gegee word aan ’n saak wat die kerk vir twee duisend jaar oorgesien het, naamlik die belangrikheid van kinders.

1.1.4 Pastorale berading van kinders

Net soos die kind tot dusver weinig erkenning in die kerk gekry het, word die manier waarop die pastorale berading van kinders hanteer word, ook afgeskeep. In die praktiese teologie gaan dit oor geloofshandelinge. Hierdie geloofshandelinge bestaan uit die prediking, die viering van die erediens, kerklike onderrig, diens, gemeentebou en pastorale sorg (Pieterse, 1993:2). Pastorale berading is dus ’n subkategorie van praktiese teologie.

Een van die voorlopers in Christelike (pastorale) berading, Jay Adams (1986a:184-192), aanvaar dat Christenouers hul kinders deur modellering en instruksie behoort te onderrig, met die veronderstelling dat kinders ook Skriftuurlike lewensbeginsels en probleemhantering sal aanleer. Verder dra hy die verantwoordelikheid van kinderberading aan die skool op (Adams, 1986a:252): “The Christian teacher (not a counseling specialist) is the key to counseling in the school.” Dit kom dus voor of Adams pastorale hulp aan kinders onnodig vind. Tog, daar moet in gedagte gehou word dat Adams veronderstel dat kinders doelgerigte Christelike onderwys ontvang en derhalwe deur onderwysers pastoraal begelei sal word. Soos vroeër genoem is, behoort Christenouers hul kinders ook lewensbeginsels te leer en in probleemhantering touwys te maak. Die praktyk, soos ons dit vandag beleef, teken egter heeltemal ’n ander prentjie as wat Adams voorstel. Christelike onderwys, soos Adams daarna verwys, dien nie meer as norm nie. Die gaping tussen die kerk (Christelikheid) en onderwys word net groter (Osmer & Schweitzer, 2003:xiv). Wanneer White (2011:1) die volwassenes in die kerk aanspoor om die geleenthede te skep en leiding te gee sodat kinders op hul unieke manier die stem van God kan hoor, verwys hy ook na die kind se vermoë om te kommunikeer.

Alhoewel die pastorale berader dikwels, direk of indirek, met kinders te doen kry, kom dit voor of daar meer navorsing oor pastorale kinderwerk gedoen kan word. Sou dit gebeur dat kinders met emosionele en geestelike probleme vroegtydig hulp ontvang, behoort minder volwassenes met onopgeloste probleme – ook geloofsprobleme – te worstel. Baie volwassenes se persoonlike krisisse ontstaan reeds in hul kinderjare (Lester, 1985:24; Hart, 1992:4; Sweeney, 1997b:xvi). Gould (2006:271) verduidelik byvoorbeeld dat mense wat verbrokkelde verhoudings met hul ouers beleef het, eensaamheid en ontoereikende emosionele sekuriteit as volwassenes ervaar. Stafford (2009:2) skryf dat kinders hulself blameer vir probleemsituasies. Hy illustreer in sy boek *Too Small to Ignore* hoe kinders diep geestelike littekens wat deur trauma in hulle kinderjare veroorsaak is, hulle hele lewe met hulle kan saamdra.

Die meeste volwassenes besit normaalweg die vermoë om hul emosies en persoonlike probleme verbaal oor te dra (Landreth, 1991:14; Chesley *et al.,* 2008:400). Dus is die pastorale gesprek vir volwassenes waardevol; vir kinders hou sulke gesprekke nie dieselfde voordele in nie. Die rede hiervoor is dat kinders oor die algemeen nie hulle probleme kan verwoord nie. Navorsing ondersteun hierdie verskynsel (Landreth, 1991:7; Collins, 2007:854; Chesley *et al.*, 2008:399; Geldard & Geldard, 2008:5). ’n Kind beskik nog nie oor die kognitiewe en verbale vermoëns van ’n volwassene nie (Sweeney, 1997b:xvi; Sharry, 2005:57; Gill, 2006:12; Geldard & Geldard, 2008:5). Volgens die kognitiewe ontwikkelingsmodel van Piaget kan ’n kind eers abstrak begin redeneer op die ouderdom van sewe tot elf jaar. Dougherty (2006:82) verduidelik dat kinders se vermoë om hul verbaal uit te druk in laasgenoemde konkrete ontwikkelingsfase ontwikkel. Andrews en Marotta (2005:39) verwys na kinders in hierdie konkrete ontwikkelingsfase as “preverbal children”.

Rademeyer (2008:1) verduidelik in ’n artikel dat kinders wat trauma beleef het, aangemoedig moet word om gebeure uit te speel of uit te praat. Dit is duidelik dat die pastorale berader nie slegs deur die gesproke taal hulp sal kan verleen aan kinders wat getraumatiseer is nie, omdat kinders trauma en die belewenis daarvan nie altyd kan verbaliseer nie. Daarom moet ook ander hulpmiddels wat die kind se ontwikkelingsvlak in aanmerking neem, gebruik word. Privett (2009:101) verwys na die verskillende tale wat kinders en volwassenes gebruik en verstaan. ’n Kind wat as gevolg van sy kognitiewe ontwikkeling nie in staat is om te verstaan wat gesê of verduidelik word nie, behoort dus deur beraders op ’n ander manier of maniere gehelp te word.

Gebruik van spel

Wanneer daar in die psigologie na die hantering van kinders gekyk word, kom die gebruik van spel op die voorgrond. Die uitdrukking van Landreth (2002:9) dat *speelgoed die woorde* en *speel die taal* is waarmee kinders hul uitdruk, is betekenisvol en word dikwels deur ander skrywers herhaal. Vergelyk Cattanach (2005:3) en McMahon (2009:26). Hierdie frase word deur Sweeney (2002:550) benadruk wanneer hy skryf, "... children, however, talk through play. The toys become their words." Dieselfde skrywer doen al ’n geruime tyd navorsing hieroor. Hy verduidelik dat daar nie van mishandelde kinders verwag kan word om hul ervaring te beskryf in ’n taal wat hulle nie begryp nie. Sweeney (1997a:47), wat ’n Christen is, waarsku Christenberaders dat hulle daaraan moet werk om nie ’n generasie van gewonde kinders, wat hulle lewens in vrees en angs deurbring, agter te laat nie.

Dit is duidelik volgens Sisemore (2003:115), wat erkenning aan die werk van die pastorale berader gee, dat daar min voorgestelde modelle bestaan wat spesifiek vir hulp aan kinders ontwerp is. Die navorser is van mening dat Powlison (2000:19) se bevraagtekening van die praktiese teologie ook op pastorale kinderwerk van toepassing kan wees. Powlison meen dat dit wil voorkom of ’n sekulêre gesondheidsisteem nog steeds die praktiese teologie oorheers en verduidelik, “…even the Christian counseling field has largely taken its cues from the secular psychologies, as if Scripture did not really have much to say beyond religiosity and morality.” Dit lyk asof Powlison oortuig is dat die praktiese teologie nie ’n selfstandige en onafhanklike bydrae deur die toepassing van Skrifbeginsels maak nie. Dit is uiteraard ’n eensydige siening. Hierdie aspek word later breedvoerig beskryf.

Om met bogenoemde standpunt te volstaan, sal die wisselwerking tussen die praktiese teologie (en meer spesifiek pastorale teologie) en ander deelwetenskappe misken. Die navorser sal hierdie wisselwerking in Hoofstuk 4 verder bespreek.

1.2 Eie tersaaklike agtergrond

In die beradingspraktyk het die navorser gevind dat kinders se optrede en gedrag verander nadat hulle sekere situasies in en deur spel verwerk het. Die kinders kom oor die algemeen gelukkiger voor, sonder dat daar ’n uitsluitlik kognitiewe benadering was. Tydens sulke sessies het die navorser die volgende vrae aan haarself gestel:

- Is dit nodig dat die berader die kind se spel onderbreek as die kind in die spel moord pleeg of ander soortgelyke handelinge uitvoer?
- Vind genesing werklik deur spel plaas?
- Hoekom word die tegnieke van spel so min deur pastorale beraders gebruik?
- Bestaan daar opleiding wat spesifiek op spel konsentreer en wat vir die pastorale berader beskikbaar is?

Ervaring het egter aan die navorser gewys dat kinders tot en met die ouderdom van elf (en soms selfs tot dertien) oor die algemeen nog nie die vermoë ontwikkel het om abstrakte denke te formuleer nie. Hierdie bevinding word deur Landreth (2002:15) en Andrews en Marotta (2005:39) ondersteun.

Ná die bywoning van ’n konferensie oor niedirekte spelterapie (Christian Counselling Conference. Focusing on Children in Crises, 16-17 Mei 2008) het die navorser spelterapie verder ondersoek. Daarna het sy spel in die beradingskantoor suksesvol begin gebruik en in 2009 opleiding in

Gestaltspelterapie ondergaan. Sy het begin om riglyne en wenke vir Skrifgebaseerde speltegnieke te versamel en ontdek dat daar ’n leemte in pastorale literatuur oor die gebruik van spel bestaan. Die waarde van spelterapie lê in die volgende beginsel: *Wanneer die kind in sy spel begin om negatiewe ervarings uit die verlede met nuwe spelaktiwiteite te vervang, begin herorganisering* (Landreth, 1991:61-62) *en selfregulering* (Schoeman & van der Merwe, 1996:67).

Die navorser het sedert Augustus 2009 hierdie spelterapie beginsels by die *Open Arms Kinderhuis buite Komga* toegepas. Die omvang van die werk by die kinderhuis sal egter nie in hierdie studie gedek kan word nie.

Die genesende effek van spel word onderskat en speel nie ’n groot rol in pastorale berading nie.

1.3 Behoefte aan meer hulp vir kinders

Die behoefte aan geestelike hulp aan kinders is oral sigbaar – ook buite die kerk. Daar is selfs ’n behoefte aan meer kinderterapeute in die geestesgesondheidsdienste. Volgens Sisemore en Moore (2002) ontvang minder as ’n vyfde van die 10% kinders in Amerika wat die soort hulp nodig het, dit wel. Hierdie persentasie sou na tien jaar sekerlik gestyg het sonder dat die aantal terapeute noodwendig toegeneem het. Botha (2007:9) berig dat 200,000 kinders en tieners in die Oos-Kaap ernstige psigiatriese hulp benodig, maar geen toegang tot hoësorgbehandeling het nie. Die skrywer haal Dawes aan wat beweer dat 11% van die siektetoestande in Suid-Afrika psigologiese ongesteldheid is. Rademeyer (2008:1) waarsku in haar artikel dat kinders weens misdaad aggressief word. Sy noem dat ongeveer 20-40% van Suid-Afrikaanse kinders aan algemene posttraumatiesestres-sindroom ly.

Die verslag van die Human Science Research Council (HSRC, 2004:5) stel dit duidelik dat daar geen data op nasionale of provinsiale vlak beskikbaar is oor die persentasie kinders in Suid-Afrika wat geestelike of sielkundige hulp ontvang nie. Dit is ’n leemte wat agt jaar later steeds bestaan en bemoeilik die meting van sodanige hulp.

Volgens Brewster (2011:85) word die saak van kinders nie ernstig deur die kerk opgeneem nie. Hy noem dit “the great omission”. Dit is juis in die kerk waar geestelike hulp aan kinders hanteer behoort te word. Daar sal in hierdie studie aangetoon word dat dit spelterapie is wat die meeste waarde in kinderbegeleiding het. In die pastoraat behoort die gebruik van spel dus sterk aangemoedig te word. Thacker (2010:3) dui die behoefte vir pastorale spelterapie soos volg aan:

> "Despite the emergence of play therapy in the field of counseling, a thorough review of the literature indicated no studies that provided an in-depth investigation into the beliefs of counseling seminary students regarding children."

Heel onlangs – in hierdie jaar – verwys Grobbelaar (2012:81) ook na hierdie aspek. Hy is van mening dat die meeste pastors nie opgelei word om hulle gedagtes só uit te druk dat kinders hulle kan verstaan nie.

1.4 Pastorale begeleiding en spel

Dit is die opinie van die navorser dat 'n Christelike inisiatief in die veld van begeleiding en hulp deur middel van spel aangemoedig behoort te word. Hierdie siening word ook deur ander kenners gehuldig. Die navorser is oortuig dat daar nie genoeg pastorale hulp aan kinders met emosionele en geestelike probleme gegee word nie (ook Sweeney, 1997a:14; Sisemore & Moore, 2002:320).

As kinders deur spel hul verhale vertel en speelgoed as woorde gebruik, behoort die pastorale berader oor die opleiding en insig te beskik om die kind in sy wêreld te ontmoet. Verder is die navorser oortuig dat daar 'n perspektief hierop in die Skrif te vinde is. Om bogenoemde stellings in pastorale konteks te plaas, is dit vir die berader nodig om na te vors watter Skrifperspektief op hierdie saak gevind kan word. 'n Moontlike voorbeeld word in 1 Korintiërs 13:11 aangetref, waar Paulus verwys na die verskille in die denke, redenasies en spreektaal van kinders en volwassenes.

1.5 Stand van navorsing

Na afloop van 'n soektog wat in die Jan Lion Cachet Biblioteek en die Ferdinand Postma Biblioteek gedoen is, het dit duidelik geword dat daar nog nie in Suid-Afrika genoeg navorsing oor pastorale spelterapie gedoen is nie. 'n Uitgebreide elektroniese soektog op die volgende databasisse is deur die biblioteke van Die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) gedoen. Die volgende databasisse is gebruik:

- ATLA – American Theological Library Association – Religious Database
- EBSCO HOST – Academic Search Elite Database
- North West Unversity Library Catalogue
- NEXUS DATABASE SYSTEM – Dissertations and Theses
- ISI – Web of Science

- ISAP – South African Journal Articles
- SABINET – Online Library Service
- SA Cat – Publications

Daar is egter enkele studies wat wel raakpunte met die voorgestelde navorsing het.

Die verhandeling van Strydom (1997) ondersoek die historiese ontwikkeling, teorieë en vorms van spel, veral soos aangedui deur Schoeman en Van der Merwe (1996). Hy beskryf die wese van die pastoraat (Strydom, 1997:59-69), maar wys daarop dat ontspanningspel meestal gebruik word in die kontakfase van die pastorale ontmoeting. Verder word soorte speltegnieke bespreek, maar die navorser is juis van mening dat daar spesifiek oor die *praktiese gebruik* van spelterapie as proses berig behoort te word.

Grobler (2005) het spelterapietegnieke in die begeleiding van haar kliënte gebruik om hulle in staat te stel om pynlike seksuele ervarings te identifiseer en te erken. Dit blyk dat sy dikwels projeksiespel gebruik het (vgl. Cattanach, 2005:17). Baie meer aktiwiteite as net projeksie kan deur spel plaasvind. Wanneer die kind begin om in sy spel sy verlede agter te laat en nuwe toekomstige gebeure te waag, begin herorganisering (Landreth, 1991:61-62) en selfregulering (Schoeman & van der Merwe, 1996:67).

Alhoewel die titel van Laas (2004) se PhD: *Verbeelding as Verhaalskeppende Aktiwiteit in Narratiewe Pastorale Terapie*, die indruk skep dat dit direk met spelterapie verband hou, is dit nie die geval nie. Sy studie handel oor die gebruik van die verhaal as metafoor soos dit in praktiese teologie aangewend word. Die gebruik van narratiewe terapie vorm die basis van Laas se navorsing.

Die verhandeling van Denton (2005) veronderstel dat sy navorsing op die spelterapierigting gebaseer is. Die leeftyd waartydens spelterapie suksesvol gebruik kan word, is vóór adolessensie. (Vergelyk die term “preverbal children” in 1.1.4.) Die titel *Die Adolessent wat Mishandel is se Verhouding met God: ’n Pastorale Gestaltbenadering* toon duidelik dat die navorsing eerder oor die Gestaltbenadering as oor spelterapie gaan. Die skrywer stel die Schoeman-model voor (Denton, 2005:134) en pas ’n pastorale Gestaltterapiebenadering toe. Verder gebruik Denton Gestaltterapie vir adolessente (vgl. ook Denton, 2010), wat meebring dat dit nie direk op hierdie studie betrekking het nie.

Thacker (2012) het aan die aan die NTU (North Texas University) navorsing gedoen om vas te stel of teologiestudente opleiding in spelterapie ontvang. Sy het tot die gevolgtrekking gekom dat daardie studente nie toegerus word om met klein kindertjies te werk nie.

Uit hierdie enkele studies blyk dit dus dat daar geen toepaslike studie oor die gebruik van spel in kinderberading in ’n pastorale konteks gedoen is nie. Daarom wil die navorser in hierdie studie veral aantoon dat die gebruik van spel veel meer behels as ’n manier om te kommunikeer. Is dit moontlik dat spel slegs in uitsonderlike gevalle gebruik word om ’n verhouding tussen die berader en die kind te bou? Die redes waarom spel in die pastoraat gebruik behoort te word, is legio. Die doel van hierdie studie is om bruikbare pastorale riglyne vir die gebruik van spel te ontwikkel.

1.6 Sentrale navorsingsvraag en verdere vrae

1.6.1 Sentrale navorsingsvraag

Kan die onontginde potensiaal van spel deur die pastorale berader gebruik word om die kind tot heling te lei?

1.6.2 Verdere vrae

Om bogenoemde navorsingsvraag sinvol te beantwoord, word die volgende vrae geformuleer as onderdele van die sentrale navorsingsvraag:

- Wat kan by kinders waargeneem word gedurende speelsituasies waar pastorale intervensie gebruik word?
- Watter interpretasies kan uit ’n teologiese en psigologiese invalshoek na aanleiding van die uitkomste van die empiriese navorsing gemaak word?
- Watter normatiewe waardes kan uit ’n teologiese en psigologiese invalshoek afgelei word vir die gebruik van spel tydens pastorale begeleiding van die kind?
- Watter pastorale riglyne kan vir die berader wat met kinders werk, voorgestel word?

1.7 Navorsingsdoelstelling en -doelwitte

1.7.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doel van hierdie studie is om ná ’n pastoraal-teologiese en psigologiese ondersoek na die gebruik van spel, bruikbare pastorale riglyne vir die gebruik van spel in pastorale berading te ontwikkel en vir die pastorale kinderberader voor te stel.

1.7.2 Doelwitte

- Om deur middel van die uitkomste van die empiriese navorsing vas te stel watter riglyne vir die gebruik van spel belangrik is.
- Om die interpreterende aspekte soos die agtergrond van spel, kinderhantering, asook die rol wat die kind in die Messiasverwagting gespeel het, aan te dui. Om verder die ontwikkeling en waarde van spelterapie te ondersoek.
- Om die normatiewe aspekte in die teologiese en psigologiese literatuur oor spelterapie te ondersoek om spelterapieteorieë vanuit 'n pastoraal-teologiese perspektief te evalueer.
- Om pragmatiese riglyne vir die gebruik van spel in 'n pastorale benadering voor te stel.

1.8 Sentrale teoretiese argument

Spel besit die onontginde potensiaal om deur die pastorale berader gebruik te word om die kind tot heling te lei.

1.9 Metode van ondersoek

1.9.1 Metodologie

Verskillende raamwerke ("modelle") van ondersoek in pastorale berading is bekend aan die navorser. Die ooreenstemmende punt in al die modelle is dat daar 'n komponent is wat die Skrif, Christelike tradisie, die literatuur- en empiriese navorsing bevat. Die modelle waarmee die navorser bekend is, is dié van Heitink (1997:178), Lotter (2007:4), Zerfass (vgl. Heyns & Pieterse, 1998:37) en Osmer (2008).

Die navorser stel voor dat die model van Osmer (2008), wat vir praktiese teologie ontwikkel is, in hierdie navorsing gebruik word. Sy model word in die volgende vier komponente verdeel, naamlik die beskrywend-empiriese, interpreterende, normatiewe en pragmatiese take (Osmer, 2008:4). Een van die merietes van die model van Osmer is die vloeibaarheid of ineenskakeling van die gebeure en aparte komponente met mekaar.

Die Engelse woord wat Osmer vir die take in sy model gebruik, is "tasks". In Afrikaans beteken die woord "taak" iets anders; dit dui op 'n voltooide stuk werk. Die woord "taak" kan met "momente" vervang word (De Klerk 2012:238). In die res van hierdie navorsing sal na die *momente* van die model en nie na take verwys word nie.

1.9.2 Osmer se model

1.9.2.1 Beskrywend-empiriese moment

Die vraag wat Osmer in hierdie moment stel, is: *Wat gaan aan*?

Die beskrywend-empiriese moment bevat die strategieë vir kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing (Osmer, 2008:49). Osmer (2008:50) verduidelik die twee navorsingsmetodes en stel 'n "mixed method"-navorsingsmetode voor. Die moment bestaan uit 'n empiriese ondersoek waarin die *gemengde navorsingsmetode* gebruik word. Hierdie metode word deur Creswell (2009:4) beskryf. Die skrywer definieer die twee klassieke navorsingsmetodes wat ter sprake is:

- *Kwalitatiewe navorsing* is 'n metode van ondersoek waarin daar probeer word om vas te stel hoe indiwidue of groepe die betekenis van 'n sosiale of menslike probleem verstaan.
- *Kwantitatiewe navorsing* is 'n metode van ondersoek waarin objektiewe teorieë getoets word deur die verhouding tussen veranderlikes te ondersoek.

1.9.2.2 Interpreterende moment

Osmer vra tydens hierdie moment: *Hoekom is dit aan die gang?* Osmer (2008:113) verwys na die analise en assessering van teoretiese kennis om 'n beter begrip van situasies te kry. Hierdie inligting word in die interpreterende moment beskryf. Die navorser stel voor dat twee dele in die interpreterende moment onderskei word:

- Die sosiaal-historiese konteks van spel by kinders en 'n ondersoek na Jesus Christus se benadering tot kinders
- 'n Oorsig van die historiese agtergrond, ontwikkeling en gebruik van verskillende spelterapietegnieke in die hulpwetenskap psigologie

1.9.2.3 Normatiewe moment

Die normatiewe moment beantwoord die vraag: *Wat behoort te gebeur?* Osmer (2008:113-114) beskou teologiese navorsing as deel van die normatiewe moment. Voordat daar egter teologies gekyk word na wat behoort te gebeur, sal die waarde van spelterapieteorieë soos dit in die interpreterende moment beskryf is, deur die navorser vanuit 'n pastoraal-teologiese perspektief beoordeel word.

Osmer (2008:161) groepeer die normatiewe in drie verskillende afdelings naamlik 'n *Teologiese interpretasie, goeie praktyk* en *wetenskaplike insigte*

- ’n *Teologiese interpretasie* wat uit ’n ondersoek na kinderteologie, ’n kort verkaring van Matteus 18:5 en ’n beskrywing van die sogenaamde “Godly play” bestaan, sal aangebied word.
- ’n Ondersoek sal gedoen word na goeie praktyk in die praktiese teologie en die pastoraat, terwyl die voorbeeld van Jesus Christus se as berader ook bestudeer sal word.
- Laastens sal *wetenskaplike insigte* uit die sielkunde *geformuleer word*, byvoorbeeld die tegnieke wat die pastorale berader kan gebruik, maar ongewenste aspekte van spelterapie sal ook aangedui word.

1.9.2.4 Pragmatiese moment

Die siklus van Osmer (2008:29) se vier momente word voltooi met die pragmatiese moment. Die volgende vraag word nou beantwoord: *Hoe moet daar reageer word?* In die pragmatiese moment word daar oorgegaan tot strategiese aksie waarin die oorspronklike ondersoek verder gevoer word en praktykvoorstelle gemaak word. Riglyne vir die pastorale berader wat met kinders werk, word geïdentifiseer en voorgestel.

1.10 Enkele ander aspekte van belang

- Hierdie pastorale studie word soos die van Louw (1993:75) vanuit die Gereformeerde tradisie gedoen. Dat daar ruimte vir die Gereformeerde bydrae tot die praktiese teologie is, blyk uit Osmer (2008:27) se waardering daarvoor.

- Die benadering in hierdie studie is gebaseer op 'n reformatories-teologiese vertrekpunt. Laasgenoemde is die geskrewe Woord van God, die Bybel, wat deur die inspirasie van die Heilige Gees tot stand gekom het. Die Bybel is gesaghebbend en onder die verligtende werking van die Heilige Gees is dit God se besondere openbaring naas sy openbaring in die skepping. Die koningskap van God word vanweë die besondere sentrale aksent en betekenis daarvan in die Bybel as die rigtinggewende basis beskou waarop teologie beoefen word.
- Die etiese aspekte, riglyne en vereistes vir die navorsing is in ooreenstemming met die riglyne van die Etiese Komitee van die NWU (http://www.nwu.ac.za/sites/default/files/files/library/documents/manual).
- Waar die geslagsvorm *hy* of *sy* (in die sin van *syne*) in die studie gebruik word, verteenwoordig dit ook die vroulike geslagsvorm *sy* of *haar*.
- Die ouderdomme van kinders, tensy anders vermeld, is van drie tot twaalf jaar.

1.11 Hoofstukindeling

- Hoofstuk 1 – Inleiding
- Hoofstuk 2 – Empiriese ondersoek met betrekking tot die kind en spel
- Hoofstuk 3 – Skriftelike en psigologiese interpretasie van kind en spel
- Hoofstuk 4 – Normatiewe momente oor die waarde van die gebruik van spel vir die pastorale kinderberader
- Hoofstuk 5 – Pastoraleberadingspel met betrekking tot kind en spel
- Hoofstuk 6 – Gevolgtrekking

Hoofstuk 2 - Empiriese ondersoek met betrekking tot die kind en spel

2.1 Inleiding

Die moontlikheid om spel in pastorale werk met kinders te gebruik, word in hierdie navorsing ondersoek. In hierdie hoofstuk word die beskrywend-empiriese momente ("tasks") wat deur Osmer (2008:4) voorgestel word, geïmplementeer. Smith (2008:3) interpreteer die voorstel van Osmer soos volg:

> It is a matter of attending to what is going on in the lives of individuals, families, and congregations. He refers to such attending as priestly listening. In a congregational setting, priestly listening can be informal, semiformal, or formal.

Osmer (2008:49) se "mixed method" word toegepas. In hierdie *gemengde navorsingsmetode* word kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes gekombineer (Tashakkori & Teddlie, 2003:120). Met *kwalitatiewe navorsing* word die eiesoortige karakter van 'n verskynsel bestudeer, terwyl sosiale en psigologiese verskynsels in *kwantitatiewe navorsing* getel en gekorreleer word (Van der Walt, 2011:196).

In die geval van hierdie navorsing kan die gemengde navorsingsmetode as 'n "sequential mixed method" (Morse & Niehaus, 2009:17) beskryf word, omdat die twee ondersoeke nie gelyktydig gedoen is nie. Die kwalitatiewe navorsing is eers afgehandel voordat die kwantitatiewe navorsing aangepak is.

Die navorser sou verkies het om slegs die kwalitatiewe navorsing uit te voer, omdat die metode al hoe meer deur navorsers in verskillende verwante terreine van die psigologie gebruik word, byvoorbeeld in beradings-, sosiale en narratiewe psigologie (Gilbert, 2001:3). Dit blyk egter dat 'n kwantitatiewe studie nodig is om aan te dui dat die gebruik van spel in pastorale berading in die kerk maar baie karig is. Kwantitatiewe, analitiese navorsing word dus ná afloop van die kwalitatiewe ondersoek gedoen (Osmer, 2008:54).

2.2 Omvang van empiriese navorsing

Die woord “empiries” is afgelei van die antieke Griekse woord *empeiria* wat “ondervinding” of “ervaring” beteken (Heitink, 1999:221). *Empiries* beteken dus dat die ondersoek of navorsing beleef word of dat iets ervaar is.

’n Kontensieuse vraag is of hierdie tipe navorsing nie moontlik die mense wat aan die navorsing deelneem, soos objekte behandel wat ondervra, uitgevra en ondersoek word sodat die navorser inligting kan versamel nie. Osmer (2008:39) beantwoord die vraag soos volg: “...empirical research is a disciplined way of attending to others in their particularity.”

Die navorser meen dat Osmer se verdere beskrywing van empiriese navorsing juis toegepas kan word op diegene wat aan die berading en spelaktiwiteite deelneem. Empiriese navorsing word beskryf as ’n evaluering wat tydens die eerstehandse waarneming van ’n geselekteerde groep se aktiwiteite plaasvind (Osmer, 2008:39).

Hierdie soort navorsing word deur Osmer (2008: 52) ’n *teoreties-gegronde ondersoek* genoem. Osmer verduidelik dat ’n teoreties-gegronde ondersoek daaruit bestaan dat ’n navorser ’n verskynsel bestudeer en ondersoek aan die hand van ’n teorie wat aan die verskynsel verwant is. Daarna word ’n nuwe teorie wat uit die navorsing voortspruit, geformuleer. Die teoreties-gegronde ondersoek behels die volgende in hierdie navorsing:

- om die verskynsel van die gebruik van spel in pastorale berading te bestudeer en te ondersoek;
- om die teorie van spelterapie, wat aan pastorale spel verwant is, te bestudeer;
- om ’n nuwe teorie wat deur ’n kwalitatiewe projek waarin diepgaande gevallestudies gemaak is, te formuleer.

Soos reeds aangedui is, bestaan die empiriese ondersoek uit twee afdelings, naamlik:

- kwalitatiewe navorsing wat tydens spelterapiesessies met kinders gedoen is;
- kwantitatiewe navorsing wat bestaan uit die versameling van data om die houding, ingesteldheid en opinies van gemeenteleiers oor pastorale berading aan kinders en spelterapie in kerke te bepaal.

2.3 Kwalitatiewe navorsing

2.3.1 Die waarde van kwalitatiewe navorsing

Kwalitatiewe navorsing help om die leefwêreld van ’n respondent te verstaan. Om die rede is die werklike doel van kwalitatiewe navorsing nie om opinies of mense te tel nie, maar om ’n verskeidenheid opinies en verskillende weergawes van die saak te ondersoek (Gaskell, 2000:39-41). Alhoewel hierdie studie nie die opinies van kinders kan ondersoek nie, sal die verskillende weergawes, soos Gaskell verduidelik, in die spelmomente van die deelnemers lig werp op hoe kinders hul leefwêreld deur spel verduidelik.

Ander voordele van kwalitatiewe navorsing is volgens Pieterse (1993:185), Strydom (1999:74) en Silverman (2001:87) die volgende:

- Daar is dialoog (in spel sal dit speelgoed wees) tussen die navorser en medenavorsers.
- Die kreatiewe interaksies neem opinies en geloof in ag.
- Die deelnemers kry die geleentheid om hul werklike ervarings te demonstreer en om deel van ’n navorsingsprojek te wees.
- Die navorser is dieper betrokke by die ondersoek.

Bogenoemde voordele is van toepassing op hierdie navorsing. Wanneer kinders deur spel hul ervarings met die navorser deel, sal die dialoog min woorde bevat, maar dat hulle kommunikeer, is beslis waar. Tydens kreatiewe interaksies sal die kind se opinie en geloof nie net in ag geneem word nie, maar ook ’n direkte invloed op die uitkoms van die navorsing hê. Omdat hulle hul ervarings in beradingspel kan “vertel”, sal die deelnemers die geleentheid kry om, sonder dat hulle dit werklik verstaan, bydra tot nuwe insigte in die pastorale berading aan kinders.

Jensen (2002:236) se uitgangspunt dat die navorser die rol van ’n “interpretive subject” speel, is van toepassing op bogenoemde situasie, waar die kind nie vrae beantwoord nie, maar deur sy spel ’n proses uitbeeld. Hierdie proses word deur die navorser vertolk.

2.3.2 Elemente van navorsing

2.3.2.1 Navorsingsvereistes

- Die navorser is bewus van die instansie se navorsingsvereistes en het daarby gehou.
- Skuilname word gebruik.

- Die ouers/voogde het skriftelik toestemming gegee dat –
    a) die kinders in hulle sorg aan die beradingspel mag deelneem;
    b) enige data wat uit die navorsing voortvloei, gebruik mag word.
- Die ooglopende voordeel vir die deelnemers is dat hulle gehelp word om oplossings vir probleme te kry.

Sou daar situasies ontstaan dat die ouer die kind wil onttrek, sal daar ’n gepaste geleentheid vir die ouers wees om dit aan die navorser mee te deel, omdat die navorser vóór en ná afloop van die sessies skriftelike terugvoer van die ouer kry.

Die riglyne word in die afbakening verduidelik.

2.3.2.2 Afbakening

Hoe oud die kinders sou wees wat aan die navorsing sou deelneem, is vooraf bepaal. Kinders van drie tot twaalf jaar is betrek. Volgens Piaget (1977:13-15) se kognitiewe ontwikkeling bevind hierdie groep hulle in hul konkrete operasionele fase. Hulle sal dus optimale hulp deur spelterapie kan ontvang.

2.4 Werkswyse van die navorser

Eerstens beskryf die navorser die gebeure kortliks soos sy dit in die beradingspelsessies waarneem (Osmer, 2008:58). Die interpretasie van die gebeure en situasies word ook in hierdie moment ingesluit en geëvalueer om die verloop van die berading te monitor.

Dit is belangrik om daarop te let dat die werklike sessies, voorbeelde van die kinders se projeksies, foto’s van aktiwiteite en gesprekke in die Bylae verskyn.

Die werksmetodes wat vervolgens beskryf word, is dieselfde vir alle speelsessies.

2.4.1 Aanvangsessie

Die kinders wat aan hierdie navorsing deelneem, word deur hul ouers/voogde na die navorser gebring. Tydens die aanvangsessie gee die ouers/voogde toestemming vir die berading. Die volgende gebeure vind plaas:

- ’n Verhouding word met die kind aangeknoop.

- ’n Algemene agtergrond van die betrokke kind en die rede vir aanmelding word vasgestel.
- Deur waarneming word vasgestel wat die verhouding tussen die ouers en die kind is.
- Die speelkamer word aan die kind bekend gestel.
- Alle inligting oor die navorsing en werkswyses van die navorser word aan die ouer verduidelik.

2.4.2 Verloop van daaropvolgende sessies

Die kind word ontvang en na die speelkamer geneem. Die navorser kommunikeer met die ouer deur skriftelike inligting aan die ouer te oorhandig. Skryfmateriaal word aan die ouers voorsien sodat hulle terugvoer kan gee en om aan hulle die geleentheid te bied om enige addisionele inligting neer te skryf. Dit is belangrik om die kommunikasie op skrif te hou. Op die manier word bewys van navrae en gegewe inligting in die dataversameling gebêre (voorbeeld in Bylae).

Sagte, Christelike kinder- of instrumentele lofprysingsmusiek word in die agtergrond gespeel. Die soort musiek skep ’n rustige atmosfeer. Dit help ook dat ander geluide nie skielik die aandag van die kind aftrek nie.

In die speelkamer verduidelik die berader die tydsduur van die sessie (een uur) met behulp van ’n muurhorlosie aan die kind. Vyf minute voordat die uur verstreke is, word die kind daaraan herinner dat die tyd amper verby is. Gewoonlik onthou kinders die uitleg van die speelkamer. Daar word weer aan die kind verduidelik dat hy kan kies waarmee hy wil speel. Indien die navorser spesifieke aktiwiteite beplan, vertel sy die kind nou daarvan. Dit bied aan kinders struktuur en veiligheid as hulle weet wat om te verwag. Wanneer daar bepan word om die kind te laat teken of verf of enige ander kunsaktiwiteit uit te voer, kan die kind die algemene kantoor gebruik.

2.4.3 Pastorale momente in beradingspel

Die voorkoms van pastorale momente is *sonder bedoeling*. Die berader is ingestel om enige verwysing van die kind na God die Vader, Jesus Christus of die Gees van God te sien of te hoor. Kinders sal dikwels hul persepsie van God uitbeeld of simboliseer. In die pastorale speelkamer word nie *gepreek* of *geleer* nie, omdat ’n kind nie abstrak kan begin redeneer voordat hy elf jaar oud is nie. Soos wat reeds verduidelik is, neem die kind aanvanklik die leiding in die speelkamer. Die verskillende stadiums van die kind se kognitiewe, psigososiale, morele en *geloofontwikkeling*

word deurlopend deur die berader in ag geneem. Dit verseker dat ’n holistiese benadering tot die kind se totale funksionering gevolg word. Die pastorale berader moet gereed wees om met die regte stelling, antwoord of verskuilde vraag op die kind se leidrade te reageer. Hierdie oomblikke is uiters belangrik en word in hierdie studie die *pastorale momente* genoem.

2.4.4 Gebed

Gebed vorm deel van die berader se voorbereiding en sal in die sessies gebruik word waar dit van toepassing is.

2.5 Beradingspelsessies

Die beradingspel van die sewe kinders wat aan die empiriese navorsing deelgeneem het, word hier kortliks beskryf. Daar word duidelik tussen die volgende gebeure onderskei:

- speelkameraktiwiteite en -beplanning,
- die insig van die berader, asook die wisselwerking tussen ouers en ander rolspelers.

Om hierdie onderskeid duidelik te maak, sal die berader se beplanning, refleksie, insig en wisselwerking met ander rolspelers in ’n blokkie geplaas word. Die volgende teken sal dit aandui:

Vir uitgebreide detail oor die verloop van die beradingspel word daar na die Bylae verwys.

2.5.1 Gevallestudie 1 – Hannes (7 jaar, graad 1)

Agtergrond en opsomming van probleem

Hannes se ouma is na ’n lang siekbed aan kanker oorlede, en sy oupa enkele maande later. Sy ma se kar is onlangs gesteel. Hy tree aggressief op en begin huil as hy ’n ambulans of ouer mense sien.

Spesifieke voorbereiding

Dit kom voor of Hannes se behoefte aan sekuriteit versteur is. Sy hartseer en angstigheid oor die gesin se veiligheid is moontlik die oorsaak van sy aggressie. Hannes ontvang liefde en erkenning in sy leefwêreld. Hy is kognitief in sy konkrete operasionele fase en kan nie abstrak redeneer nie.

Beradingspelsessies

Hannes het ses beradingspelsessies meegemaak. Sy pa het hom gebring. 'n Oueronderhoud was onnodig omdat hy aan die berader bekend is.

Sessie 1 - 2

Hannes gesels deurlopend gemaklik oor sy grootouers. Hy slaan op gepaste speelgoed en maak 'n sandtafelprojeksie. In die volgende sessie word sy vertelling van die hemel geïllustreer. Die berader lees vir hom enkele verse wat op die hemel betrekking het.

Hannes het sy rouproses voltooi. Hy het egter heelwat aggressie in die speelkamer getoon. Die berader besluit om vas te stel of sy aggressie moontlik uit die motorroofervaring spruit. 'n Karretjie soortgelyk aan die gesteelde een word in die volgende sessie uitgestal.

Sessie 3

Hannes speel die roofgebeure uit. Hy toon begrip en simpatie met die rowers. Terselfdertyd sien hy uit na die gesin se nuwe motor.

Dit blyk dat Hannes die roof verwerk het en hy vergewe die skelms selfs. Hy vertel dat hy al vir die skelms gebid het. In hierdie stadium twyfel die berader of Hannes werklik speelberading nodig het. Sy pa wys daarop dat hy dikwels ongelukkig is omdat sy ouer broer tuis meer voorregte as hy het. Omdat die keuse van hoenders tydens sy sandspel 'n groot rol speel, skryf die navorser 'n storie oor twee haanboeties. Dit behoort hom te help om sy probleem te verwerk.

Sessies 4-5

Hy is baie ontvanklik daarvoor om deel van die narratief te wees en speel sy rol in konfliksituasies tussen hom en sy broer. Voorvalle waar hy deur huisvriende se ouer seun geboelie word, kom na vore in Hannes se spel. Sy ouers is nie bewus van die geboelie nie.

Sy ouers gee aandag aan die situasie. Hannes kom nie ontsteld of bekommerd oor sy ander oupa voor nie. Die berader besluit om 'n tegniek waar die kind prente in 'n wapen (wapenskild) teken, toe te pas.

Sessie 6

Hy neem entoesiasties deel aan die aktiwiteit en wil ook vir sy pa wys wat hy gemaak het. Hannes het selfvertroue en is vol hoop vir die toekoms.

Hannes kon hom later in moeilike situasies handhaaf en besit weer eiewaarde. Positiewe terugvoer is van sy ouers ontvang.

Beradingspeltegnieke wat gebruik is

- Niedirekte kindgesentreerde tegnieke in aanvangsessie.
- Gestaltbewussynstegnieke om emosies te herken, storietegniek en narratiewe terapie.
- Gedragsanalise om rolspel te oefen.
- Gestalttegnieke word deurlopend by die sandtafel en in kreatiewe spel toegepas. Sodra die dominante behoefte van die kind na vore kom, word vrae en gevolgtrekkings deur die berader gebruik om die kind bewus te maak van die ontwyking van sy probleme en sy keuses in die situasie. Die tegniek bestaan daaruit om woorde vervang word of om bi-polariteitete te suggereer.

Pastorale momente

- Hannes het sy grootouers se dood aanvaar en verwerk. Hy is aangemoedig om hul nuwe lewe, soos hy dit sien, uit te beeld. Gepaste gedeeltes uit Openbaring 21 en 22 is gelees wanneer hy oor die hemel praat.
- Die berader het erkenning vir sy vergifnis van die motordiewe gegee en sy hoop ondersteun om uit te sien na die nuwe motor wat sy ma sal kan koop.
- Tydens die gesprek oor rusies, gee die berader 'n gelamineerde afskrif van Spreuke 15:1 aan hom sodat hy kan onthou dat skree en raas nie oplossings vir probleme is nie.

Uitkoms

- Alhoewel dit vir Hannes se ouers gelyk het of hy nie sy grootouers se dood kon verwerk nie, het hy insig in hul afsterwe en die hiernamaals gekry en vrede beleef.
- Dit is moontlik dat hy bang en kwaad oor die motordiefstal kon gewees het.
- Dit was egter sy behoefte aan eiewaarde en erkenning wat nie vervul is nie. Hy is ook deur ’n ouer maatjie afgeknou. Sy aggressiewe gedrag was die gevolg van afknouery.

Waarde vir die gebruik in die model vir pastoraleberadingspel

Die berader moet *deur die kind gelei word* en nie aanneem dat die “opsigtelike probleem” die oorsaak van wangedrag of emosionele uitbarstings is nie.

2.5.2 Gevallestudie 2 – Tertius (6 jaar, graad 1)

Agtergrond

Tertius is deur die skool verwys. Sy ma is drie weke tevore dood as gevolg van komplikasies ná ’n keisersnee. Die bababoetie is tuis. Tertius se pa het geskakel en inligting is ook van die skool ontvang. Tertius was ooraktief, emosioneel onstabiel en ongelukkig.

Spesifieke voorbereiding

> *Tertius het die verkeerde inligting oor sy ma se dood gekry. Dit sou nodig wees om die wanbegrip wat hy het met Skrifwaarhede te vervang. Tertius het gedink dat Jesus ’n juffrou vir die kinders in die hemel nodig het; daarom het Jesus haar kom haal. Sy ma is nou ’n engel. Hy word fisies versorg, maar hy sou ’n behoefte aan sekuriteit hê en sy ma se liefde mis. Hy is in sy middelkinderjare, wat beteken dat hy die wêreld soos hy dit ervaar sou uitbeeld. Hy is kognitief in sy konkrete operasionele fase en sou dus nie abstrak kon redeneer nie. Die berader beplan om haar deur hom te laat lei.*

Beradingspelsessies

Tertius het sewe sessies meegemaak.

Sy pa het hom vir sy eerste sessie gebring. ’n Algemene *aanvangsessie* (kyk 2.4.1) is gehou. Die berader het met die skoolhoof gereël dat Tertius eenmaal per week, elke keer op dieselfde tyd,

na die berader sou kom. Die skooltoesighouer het Tertius met die skoolbussie vir verdere sessies gebring.

Sessie 1

Hierdie seuntjie praat baie en vertel alles wat hy doen asof dit ’n storie is. Hy speel met klei, maak ’n deurmekaar sandtafelprojeksie en teken maklik en baie. Hy het ’n seer plek op sy toon en is ongelukkig totdat die berader dit versorg het. Hy aanvaar die riglyne en is gewillig om op te hou speel toe die tyd verby is.

Tertius lei die sessies in oorgawe en gebruik woorde en sinsnedes soos ’n volwassene. Sy woordeskat is uitgebreid, al weet hy nie altyd werklik wat hy alles sê nie. Die deurmekaar sandtafel wys dat hy trauma ervaar het. In ’n paar tonele is daar ’n pa en seuntjie. Die huisie se deur is oop en die mamma is weg! Wanneer hy van Jesus en die hemel praat, vra die berader hom of hy dink dat Jesus iets nodig het. Hy besluit dat Jesus niemand nodig het nie. Met die seer plek kom sy weerloosheid na vore. Hy ervaar sy ma nog as ’n swanger mamma of ’n mamma met ’n baba.

Sessie 2

Tertius se toon is gesond. Hy kondig sy planne aan en maak figuurtjies van klei. Hy teken sy ma as ’n engel en ons plak dit teen die muur. Ons gesels baie oor sy ma en die bababoetie.

Dit is opvallend dat Tertius nooit huil nie. Soms sit hy net stil en kyk na sy prente. Die navorser suggereer dat mense wat doodgaan ’n nuwe liggaam kry en nie engele word nie. Hy ignoreer dit. Hy wil graag erkenning hê dat hy slim is. Daar is oomblikke wanneer dit voorkom of hy die berader as ’n ma sien (“transference”). Hy kom gewoonlik met ’n spesifieke doel na die speelkamer. Die gebeure tydens sy ma se dood en begrafnis word nog soos ’n storie vertel. Die engel word vóór die volgende sessie deur die berader teen die muur opgeplak.

Sessie 3

In hierdie sessie maak Tertius twee kleifiguurtjies: een wat hy *Sus* noem en ’n *Jesus.* Hulle word saam met ’n hasie (sy hasie wat lank gelede dood is) teen die muur met wondergom vasgeplak. Tertius raak bewus van groter poppe. Hy speel veral met die swanger pop en opereer haar. Hy

hou sy eie tipe begrafnis en vra dat sy mamma-pop en die babatjie in die kas gebêre word. Die berader lees vir hom die gedeelte in Johannes 14:2 voor waar Jesus Christus sê dat daar baie woonplek in die huis van sy vader is. Hy wil egter nie daarna luister nie.

Tertius besef sy ma is nie 'n engel nie en hy weet nou sy het eers doodgegaan en het toe daarna hemel toe gegaan. Sus is nou die mamma in die hemel. Hy speel klaar die operasie en voltooi sy siklus van afskeid. Hy skop vas teen die voorlees van die plek wat Jesus gaan voorberei het. Dit kom tog voor of hy hom reguleer. Hy is baie moeg ná die baie besige sessie.

Sessie 4

Tertius se pa bring hom die volgende keer. Die seuntjie tree strydig met sy karakter op en daar word nie veel met sy proses gevorder nie. Hy toon aggressie en dit kom voor of hy oorgestimuleer of baie moeg is. Hy sing 'n *Gospel*-liedjie. Die berader gebruik die geleentheid om die CD " Hef jou hande na bo" vir hom te speel. Hy sing dit 'n paar keer.

Dit is ooglopend dat Tertius deurmekaar is. Hy maak 'n voorstelling van sy maatjie, maar vernietig hom in die speelkamer. Hy ervaar ooglopend baie konflik. Die navorser skakel die skool in die volgende week. Hulle het ook die verandering opgemerk. Die berader kom in aanraking met sy pa wat in 'n e-pos verduidelik dat 'n vriendin en haar seuntjie by hulle woon.

Sessie 5

Tertius kom vol planne terug. Hy maak 'n slaapkamer en 'n pop van papier. Daarna speel hy weer die afskeid van sy ma. Die familie kom kuier almal en sy ma is nog swanger. Sy gaan hospitaal toe.

Die navorser besef dat Tertius ondersteuning nodig het om sy emosies te kan identifiseer. Dit word teruggereflekteer. Die nuwe intrekkers in die huis blyk nie meer 'n konfliksituasie vir hom te veroorsaak nie. Hy gaan weer verder met sy rouproses. Dit is duidelik dat Tertius die dood van sy ma met die gebeure wat dit voorafgaan het, herhaal in sy spel. Hy verbind ook die bekende (die hasie wat lankal dood is) met die onbekende en begin hulle ***in die hemel*** *en ons* ***op die aarde****, groepeer. Hy bou twee woonplekke* ***–*** *dit kom voor of die een sy huis is waar sy ma gewoon het, en die ander een die huidige huis.*

Sessie 6

Tertius het ’n seer plek onder sy voet. Hy dring daarop aan om self sy eie seer voet te versorg. Hy speel die nuwe leefwyse van die pa uit en gooi die dogtertjiepop weg. Daarna begin hy om hom te laat geld deur self kos te maak. Hy begin ’n sosiale spel met die berader te speel, wat aandui dat hy ’n volgende speelfase ingaan.

Tertius het besluit om self verantwoordelikheid vir sy situasie te aanvaar en moontlik sien hy die berader nie meer as ’n versorger nie. Die berader begin hom voorberei dat die sessie volgende week die laaste een sal wees. Die tannie wat by hulle woon, is nie vir hom aanvaarbaar nie; daarom gooi hy haar weg. Later wys hy dat hy hom distansieer en begin selfversorgend optree. Hy begin sosiale spel met die berader te speel, wat kan aandui dat hy vir ander interaksies gereed is.

Sessie 7

Die laaste sessie is gemaklik en spontaan. Tertius maak weer stellings en gesels oor alledaagse dinge. Hy dikteer ’n brief vir mamma en vra dat die berader dit weer vir hom lees. Hy is tevrede. Tertius laat al die figure in die speelkamer agter en hy huppel op pad na die bussie toe.

Die seuntjie het sy ma se skielike dood uitgespeel. Hy is tevrede en maak klaar met hierdie proses. Die groetbrief bied sluiting aan hom. Hy speel gewone spel, maar wys tog dat hy die huidige lewe aanvaar. Kinders wat huppel, voel op so ’n moment meestal sorgvry.

Beradingspeltegnieke wat gebruik is

- Niedirekte kindgesentreerde aanvangspel.
- Die aanvaarding van “transference”.
- Kindgesentreerde refleksie van emosie en besluite.
- Gestalt se leëstoeltegniek tydens die afskeidsbrief.
- Gestalttegnieke wanneer die dominante behoefte na vore kom.

Pastorale momente

- Die engel wat Tertius geteken het, het hy mettertyd deur ’n kleifiguurtjie ‘Sus’ vervang. Die berader het die handeling gesuggereer. Later het hy ’n nuwe papierpop geteken, uitgeknip en aangetrek. Sy woon nou in die hemel.
- Tertius het self besef dat Jesus nie mense nodig het en hulle “kom haal” nie.
- Die hemel het ’n werklikheid geword.
- Hy het dikwels saam met die agtergrondliedjies gesing. Hy het self die lied “Hef jou hande na bo...” in sy proses ingeweef.

Uitkoms

Die berader het die skool ná die sessies besoek en ’n onderhoud met sy juffrou en die skoolhoof gevoer. Hulle was oortuig dat hy rustiger is en soos ’n gelukkige seuntjie funksioneer.

Tertius het die geleentheid gehad om op sý ontwikkelingsvlak die onwaarhede oor sy ma se heengaan te vervang met waarheid. Die lewenssituasieverandering tuis het sy proses onderbreek, maar hy kon dit ook “uitspeel”. Hy kon hom begin reguleer en het gegroei van ’n klaerige seuntjie met ’n seer toon na ’n selfstandige seuntjie wat self “’n plan maak”.

Sy pa het nooit die terugvoersessie opgevolg nie. Die “nuwe” gesin het drie maande later verhuis.

Waarde vir die gebruik in die model vir pastoraleberadingspel

Die kind lei die aanvanklike spel. In beradingspel moet verkeerde begrippe deur spel, voorlesing uit die Skrif en konkrete uitbeeldings hanteer word. Dit is nodig om die kind toe te laat om sy eie proses te volg. Samewerking tussen die skool en die huis help om die kind te ondersteun.

Die berader weet dat ander se lewens nie verander kan word nie. Die beradingspel in sy geheel ondersteun die kind om hom te bemagtig en deur ’n verlies te begelei.

2.5.3 Gevallestudie 3 – Johan (5 jaar, kleuterskool)

Agtergrond

Johan is ’n aangenome seuntjie. Hy is op tweejarige ouderdom deur sy biologiese ma afgeteken. Met sy aanneming was hy ondervoed, sieklik en getraumatiseer. Hy moes ’n nuwe taal aanleer. Sy nuwe ouers het geen ander kinders nie.

Die redes vir sy verwysing is frustrasie, ’n gesukkel om maatjies van sy eie ouderdom te maak, emosieloosheid en ’n moontlike gehoorafwyking. Hy toon vrees as hy met ouer vroue met grys hare in aanraking kom. Verder voltooi hy sy take selde, hy kan vernielsugtig wees, is nie mededeelsaam nie en eet dikwels te veel. Hy sing nie en is bang om te waag (te klim, te spring). Alhoewel hy al vrywillig aan swemlesse deelneem nadat hy aanvanklik baie bang was, wil hy nie water oor sy gesig toelaat nie. Sy ouers is toegewyde Christene wat gereeld vir hom bid. Johan het ’n bevrydingsgebed na sy aanneming ontvang. *Bevryding* beteken dat die ouers hom na ’n kenner op die gebied van geestelike onderskeiding geneem het, om sodoende geestelik vry te word van sy verlede.

Spesifieke voorbereiding

> *Hierdie seuntjie het nie stimulasie en optimale versorging voor sy aanneming gekry nie. Sekere take in sy ontwikkeling is nie voltooi nie. Johan is dus nie op die ontwikkelingsvlak van sy klasmaatjies nie. Hy is kognitief in die pre-operasionele fase, wat beteken dat hy sy wêreld konkreet moet ontdek en beheer.*

Beradingspelsessies

Aanvangsessie

Tydens die aanvangsessie konsentreer die berader daarop om voeling met Johan te kry. Hy speel lank op die mat en krap op die swartbord.

> *Na afloop van die aanvangsessie is dit duidelik dat Johan se behoefte aan fisiese versorging en veiligheid aangeraak is, alhoewel hy nog die gevolge van sy mishandeling en verwaarlosing dra. Dit kom voor of sy behoefte aan sosiale verbondenheid onvervul is. Dit is duidelik dat sy ma nie ingestel is om hom op sý ontwikkelingsvlak te ontmoet nie. Hy kan hom nie in taal uitdruk nie. Hy herhaal byvoorbeeld vrae in plaas daarvan om ’n antwoord te gee. Tiperend van kinders wat bang is om te waag, wil hy niks met papier te doen hê nie.*
>
> *Die berader berei spesifieke speel- en ontwikkelingsaksies voor wat sy ma sal help om hom te stimuleer. Sy kry ook ’n kopie wat alle aspekte van ’n vyfjarige se ontwikkeling uiteensit. Die berader en sy ma kom ooreen om skriftelik tydens sessies te kommunikeer. Die berader onderneem om saam met haar aan sy aktiwiteite deel te neem sodat sy dit kan herhaal. Daar word agtergrondmusiek gespeel.*

Sessie 1

Johan verken die speelkamer. Daar is drie dinge wat na vore kom. Die slegte mense in die boot, om self vir hom kos te maak en die kruis van Jesus.

Die speelding wat hy saambring is sy manier om hom te verseker dat hy nie alleen is nie (dit gebeur dikwels). Hy het behoefte daaraan om uiting te gee aan sy frustrasies deur kap-en-slaan-aktiwiteite. Johan betrek die berader deur vir haar 'n kroon op te sit. Hy gee ook oorbelle wat sy moet dra. Die water-en-boot-toneel word met konsentrasie gebou. Kinders wat in 'n stadium honger was, speel dikwels met kos. Dit is ook duidelik dat hy ***Bybelse feite leer wat hy glad nie begryp nie****.*

Sessie 2

Afgesien van 'n sintuiglike bewuswording speel Johan lank met klei wat gebruik word om kos te maak – maar hy *deel* dit vandag. Sy aandag fluktueer en hy praat Engels as hy met homself gesels.

Johan se ma gee positiewe terugvoer. Hulle speel by die huis, lees stories en Johan begin waag. Die berader besluit om hom aan die begin van die volgende sessie te laat verf om kleure te ontdek en van sy omgewing bewus te raak. Die oorbelle word 'n ritueel. Terselfdertyd sal hy tuis elke week 'n kleur en emosiewoorde byleer.

Sessie 3

Die klimaks van Johan se beradingspel vind in hierdie sessie plaas wanneer hy 'n situasie waar hy in water is en hom nie self kan help nie, uitspeel. Hy geniet die verf en die spel met smake. Lekkers dien as speelgoed wat hy kan eet.

Sy ma skryf dat hy gevra het of sy hom sal help om te dans. Sy het. Die verdrinktoneel in sy sandtafel kan op baie maniere vertolk word. Die berader hoef nie altyd te weet wát met 'n kind gebeur het nie. Wat belangrik is, is dat Johan weer die blinkers van die liefde van Jesus gestrooi het. Hy kon dus op 'n konkrete vlak liefde oor die toneel strooi.

Sessie 4

In die volgende sessie begin Johan emosie toon. Hy verf langer en begin in die speelkamer dadelik weer sy watertoneel opstel. Dit lyk of hy op'n manier wraak neem teen slegte mense.

Johan se ma skryf dat hy die aand ná sy vorige sessie'n vreemde "aanval" gehad het. Die navorser haal haar aan: "Hy het skielik koors gehad. Na medikasie het hy vir'n uur geslaap en histeries wakker geword. Hy het gebewe en uit sy kamer gehardloop om in die badkamer weg te kruip. Hy sê toe ek en sy pa is baie stout – ons wil hom nie uit die water uithaal nie. Dan sê hy skielik: 'Ek is baie lief vir julle.' Hy het begin huil en aangehou tot hy aan die slaap geraak het. Die volgende oggend het hy normaal wakker geword."

Sessie 5

Johan neem met oorgawe aan alles deel. Hy maak voorstelle en wil selfs teken.

Sy ma skryf hy het tuis vir die eerste keer "Jippie!" geskree het toe hy oor iets bly was. Hy is meer ontspanne, is mededeelsaam en trek hom nie in sy eie wêreld terug nie. Dit is opvallend dat hy begin om van trappies af te spring en hy speel al op klimrame. Johan het dus begin om te waag.

Sessies 6-7

Tydens die laaste twee sessies speel Johan baie lekker. Hy vra om met'n handpop te speel en gee nie meer moed op as hy iets nie kan doen nie.

Beradingspeltegnieke wat gebruik is

- Niedirekte aanvangspel in die speelkamer.
- Bewuswordingstegnieke van Gestalt.
- "Theraplay" – daar is dikwels saam met hom en sy ma gewerk ná afloop van die sessie.
- Kindgesentreerde refleksie van emosie en besluite.
- Gestaltdroomwerk is *nie* gebruik na die nagmerrieondervinding *nie***.** Dit is asof hy weer die episode ervaar het en dit het tydens die volgende beradingspel nie weer op sy voorgrond gekom nie.

Sy ouers het vir ’n onderhoud gekom waarin sy ontwikkeling en hantering bespreek is.

Pastorale momente

- Die konsep van die kruis en die woorde wat daarmee gepaard gaan, word deur hom gebruik, al verstaan hy dit nie. Die berader het dit in die speelkamer geïgnoreer, maar duidelik riglyne oor die geloofsbelewing en -ontwikkeling van kinders aan sy ouers gegee. Johan kan nog net reflekteer wat hy hoor en sien.
- Johan gooi blinkers op die sand en water en hou daarvan om te sê dat dit soos die liefde van Jesus is.
- Hy het dikwels van Jesus gepraat en verwys na die Vader se sorg. Dit is deur die berader herhaal en benadruk.
- Mettertyd het hy saam met die Christelike kinderliedjies in die agtergrond begin sing.

Uitkoms

Johan kon die situasies wat hy voor sy aanneming beleef het, deur spel verwerk. Die addisionele hulp van sy ma het hom gehelp om te begin klim, te spring, na stories te luister, te sing, rympies op te sê en met klei, sand en water te speel. Hy het hom beter uitgedruk en was besig om sy vrees te verloor. Alhoewel daar nog heelwat ontwikkelingsmylpale is wat hy moet inhaal, is hy tevrede en gelukkig.

Waarde vir die gebruik in die model vir pastoraleberadingspel

Wanneer ’n kind só getraumatiseer is, is dit beter om hom nie uit te daag nie. Die addisionele verlengde bewuswording wat smaak, reuk, voel en bewuswording en eksperimente met verf en kleur insluit, het beslis daartoe bygedra dat hy sy onderbewuste deur spel kon opsoek en nuwe episodes in die speelkamer, waar hý in beheer is, kon ervaar.

2.5.4 Gevallestudie 4 – Belinda (4 jaar 6 maande)

2.5.4.1 Agtergrond

Belinda is ’n vyfjarige dogtertjie wat in pleegsorg geplaas is, nadat sy oor ’n tydperk in haar huis verkrag en gemolesteer is. Sy was twee weke in pleegsorg toe sy na die berader gebring is. Haar bababoetie is in die sorg van ’n familielid wat in ’n ander provinsie woon. Sy gebruik medikasie wat haar soms naar maak. Haar pleegouers is simpatiek en sorg vir ’n vaste roetine en veiligheid. Die gesin het drie ander kinders.

2.5.4.2 Spesifieke voorbereiding

Belinda is kognitief in haar pre-operasionele fase en sal haar ervarings in konkrete handelinge uitdruk; sy sal baie leer. Daar kan verwag word dat sy gedrag sal naboots. Sy het geen stimulasie of informele voorskoolse onderrig ontvang nie. Die berader beplan geen aktiwiteite nie; sy sal haar dus deur Belinda laat lei.

2.5.4.3 Beradingspelsessies

Sessie 1

Belinda ondersoek die speelkamer. Dit kom voor of die figuurtjies wat sy in die sand druk, haarself, die bababoetie en moontlik haar ma voorstel. Sy maak kos, versorg haar baba, raas en baklei. Daarna lyk dit asof sy begin om haar ervaring in haar spel te besoek.

Belinda se optrede is tiperend van kinders van haar ouderdom, naamlik om haar ervaring van die vorige huishouding na te boots. Die berader kom agter dat sy 'n agterstand in haar ontwikkeling het. Haar taal is baie gebrekkig en sy gebruik kort sinne. Sy ken geen kleure nie. Haar pleegma skryf weekliks neer wat sy tuis ervaar. Daar is telefoniese kontak met die pleegma en 'n goeie kommunikasieverhouding kom tussen die pleegma en die berader tot stand. Die pleeggesin verkeer onder druk.

Sessie 2

Belinda druk 'n man in die sand. Haar verlange na haar ouma kom na vore. Dit lyk of sy iets soek en die berader besef sy wil met nog 'n manlike pop speel, maar sy kry hom nie. 'n Pop wat sy onder die sand begrawe het, is weg. Hy bly waar hy is.

*Belinda leer **Skrifwaarhede** by haar nuwe gesin. Sy herhaal wat sy hoor en leer. Hulle bid by die huis. Sy bid in die speelkamer. Die man word berispe. Die berader kry nog 'n manlike pop wat anders as die voriges lyk.*

Sessie 3

Belinda sien die nuwe pop maar ignoreer dit. Sy speel net met al die ander speelgoed en ignoreer die nuwe pop. Elke keer as sy met die menspoppe begin speel, los sy hulle kort daarna net daar op die plek. Sy gaan terug na die ma-rol wat sy naboots en wat haar veilig laat voel.

Dit is duidelik dat Belinda besig is om haar krisis in spel te verwerk. Haar pleegma noem dat haar gedrag by die huis agteruitgaan en dat sy begin het om 'n doek in die nag te dra. Die berader stel voor dat haar ma 'n drie-dae-lange gedragskaart hou om haar te help om Belinda se bednatmakery te beheer. Die ma is moeg en uitgeput.

Sessie 4

Die sessie behels spel met die groter poppe. Belinda stel in geen ander spel of aktiwiteite belang nie. Sy trek haar mense uit en aan. Die nuwe man is nou deel van haar spel.

Sy begin weer om haar geheime wêreld op te soek. Teen die tyd is sy baie gemaklik met die berader in die vertrek. Daar word nooit voor haar met haar ma gepraat nie. Die gedragskaart bring net spanning en dit word daar gelaat. Belinda kan doeke in die nag dra tot sy self wys dat sy gereed is om daarsonder te slaap.

Sessie 5

Nadat Belinda haar eie bekende inleiding van kosmaak gespeel het, begin sy die speelkamer herorganiseer. Sy wil 'n bed vir die man hê en vra hulp. Later draai sy die tafel om en maak 'n huisie. Sy wil die huis toemaak. Die berader gaan haal kombersies en help haar. Op die manier besoek Belinda die toneel wat sy self steeds in haar gedagtes beleef. Die dogtertjie klim in die huisie in.

Dit was tydens hierdie sessie net nodig om haar te ondersteun en te herhaal wat sy sê sonder om haar spel te infiltreer.

Sessies 6

Twee huise word in die speelkamer gebou. Sy kan al met klei speel en vra selfs daarvoor. Belinda maak haar nuwe gesin uit klei en gee almal name. Daarna begin sy met sosiale spel wat aandui

dat haar probleem klaar verwerk het. Sy gee baie aandag aan die baba. Haar pleegbroertjie is ook twee jaar en dit lyk of sy haar nuwe gesin se doen en late naboots.

Belinda kon haar van die gebeure distansieer. Daar word besluit om die beradingspel te staak.

Beradingspeltegnieke wat gebruik is

- Gestalt se bewuswording.
- Niedirekte kindgesentreerde spel.
- Kognitiewegedragspelterapie wat met die paradoks van Gestalt vervang is toe Belinda toestemming kry en aangemoedig word om snags ’n doek te dra.

Pastorale momente

Daar is net herhaal wat Belinda gesê het, byvoorbeeld dat Jesus sorg dat sy klere kry. Sy het vóór haar pleegsorg blykbaar geen blootstelling aan Bybelverhale of -liedjies gehad nie. Haar pleegouers het haar na hul kerk geneem en dit is duidelik dat hierdie dogtertjie aan die Here opgedra word. Sy gesels oor Jesus en vertel dat hulle bid. Die berader het alles bevestig.

Uitkoms

Die dogtertjie het aangepas by die gesin en ná die vakansie goed ingeskakel by haar kleuterskool. Haar pleegma het terugvoer gegee: Belinda het emosioneel, intellektueel en sosiaal baie goed aangepas.

’n Jaar later

Belinda het die navorser ’n jaar na haar eerste sessie weer besoek. In haar spel was daar geen verwysing na haar vorige probleme nie. Sy het met baie speelgoed gespeel en ook geteken. Dit gaan baie goed by die Engelse kleuterskool. Haar taal is suiwer en sy kom baie gelukkig en tevrede voor.

Waarde vir die gebruik in die model vir pastoraleberadingspel

Die samewerking tussen die ouers/pleegouers en die berader is van groot belang. Belinda se taalbegrip was baie swak. Dit is dus uiters belangrik om so ’n kind nie onder druk te plaas deur

Gestalttegnieke toe te pas wanneer die dominante behoeftes na vore kom nie. Belinda is holisties benader en kon genesing ontvang terwyl sy besig was om haar ervarings te verwerk – deur spel!

2.5.5 Gevallestudie 5 – Jakob (11 jaar, graad 4)

Agtergrond

Jakob is deur die skool verwys. Hy is tydelik geskors omdat hy baklei, klasse ontwrig, leuens vertel, nie huiswerk doen nie en soms nie by die skool opdaag nie. Die onderwyser meen hy onderpresteer. Jakob woon saam met sy ma, haar vriend en ander familie en kennisse. Hy het ’n stiefsussie van twee jaar. Die gesin woon in ’n lae-inkomstebehuisingsarea.

Spesifieke voorbereiding

> *Behalwe vir lofprysingsagtergrondmusiek was daar geen spesifieke voorbereiding nie. Die berader het besluit om Jakob onvoorwaardelik te aanvaar. Hy is kognitief in sy konkrete operasionele fase en sal beperkte logiese redenering kan toepas. Op grond van die agtergrondinligting wat die berader ontvang het, aanvaar sy dat daar geen aandag aan Jakob se sosiale behoeftes gegee word nie.*

Beradingspelsessies

Sessie 1

Aangesien die berader reeds oor Jakob se agtergrond ingelig is, is ’n aanvangsessie onnodig. In die speelkamer kyk hy dadelik na ’n *hond* en bou dan ’n *sekuriteitsplaas*. Hy vra vrae oor die *hemel en die hel.*

> *Ná die beradingspelsessie is dit duidelik dat Jakob ’n gebrek aan sekuriteit ervaar en dus nie optimaal kan funksioneer nie. Hy kry voeling met die berader nadat hy aanvanklik senuweeagtig was. Hy lyk rustig toe hy ry. Omdat hy al ouer as elf jaar is, was dit moontlik om abstrakte konsepte te verduidelik. Kinders wat met verhoudings sukkel, wil dikwels meer met diere omgaan. Wanneer hy vra of hy hel toe gaan, stel die berader hom gerus deur te verduidelik dat* ***kinders van God ’n oorvloedige lewe kan hê****.*

Sessie 2

In die volgende sessie leer Jakob *emosiewoorde* en speel hy *bordspeletjies*. Sy *parakiet* het weggevlieg en hy vertel in fyn besonderhede wat die voël eet, doen. Daarna word die emosies wat hy by die skool ervaar, ondersoek. Hy teken die skool en die parakiet wat wegvlieg.

Jakob kon sy gevoelens verwoord en kom gemakliker voor. Sy ouma vertel dat sy nog altyd vir hom bid. Die berader kom in aanraking met die skoolhoof. Jakob sal ná die vakansie weer terug skool toe kan gaan. Daar word ook gereël dat die berader die skool sal besoek.

Sessie 3

Jakob leer ontspanningsoefeninge. Daarna vertel hy van sy oupa se noodlottige hartaanval. Hy kan spontaan oor sy oupa praat. Nadat hy van sy oupa vertel het en die toneel van die hartaanval geteken het, lyk Jakob verlig. Hy besef hy dat sy skuldgevoel onnodig was.

Die ontspanningsoefeninge help baie. Jakob kon die insident waar sy oupa sterf weer besoek. Hy besef dat hy nie daarvoor verantwoordelik was nie

Sessie 4

In die volgende sessies herhaal die berader die ontspanningspel. Daar word hoofsaaklik aandag gegee aan die emosies wat aggressiewe optrede veroorsaak.

Vriende is vir Jakob baie belangrik. Alles wat met vriendskap gepaard gaan, is vir hom belangrik. Dit is duidelik dat hy nie by sy huis wil wees nie. Die berader ondersteun hom en help hom om situasies deur rolspel en prente te verwerk. Nadat die berader die skool genader het, kry Jakob vakansieskoolwerk. Dit is duidelik dat hy ’n agterstand het en dit kom voor of hy aandagafleibaar is. Sy ma kry ’n klein salarissie en het nie ’n mediese fonds sodat hy vir evaluering na ’n pediater kan gaan nie.

Sessie 5

Ná die vakansie reël die berader dat Jakob soggens vroeg vir sessies kom, omdat dit die enigste tyd is wanneer sy ma hom kan bring. Hy het egter geen skoolwerk tydens die vakansie gedoen nie. Die berader laat dit daar, aangesien sy skoolwerk nie deel van die spelterapie uitmaak nie.

Daar is ’n opvallende verandering by Jakob. Dit kom voor of hy hom positief handhaaf en glo dat hy sy skoolwerk sal kan baasraak.

Sessie 6

Die volgende week vertel Jakob dat hy sy biologiese pa lank gelede ontmoet het. Hy wil egter nie verder oor hom praat nie. Die res van die sessie teken hy en speel hy met die diere in die speelkamer.

Jakob se biologiese pa was nooit op die voorgrond tydens die sessies nie. Die berader neem haar voor om die situasie met sy ma te bespreek.

Sessies 7-10

Die berader sien Jakob vir nog ’n paar sessies. Die terugvoer van die skool is baie positief. Sy ma kom eendag alleen vir ’n sessie en die berader besef dat sy óók met baie probleme worstel. Sy luister na advies, maar voer nie uit waartoe sy ingestem het nie, naamlik om vir Jakob ’n eie ruimte in die huis te gee waar hy kan werk. Dit het tyd geword om die sessies te staak, want die eksamen breek aan.

Beradingspeltegnieke wat gebruik is

- Adler se spelterapie – tydens die werk met Jakob het die berader telkemale met die skool gekommunikeer en berader en skool het deurgaans saamgewerk.
- Gestaltbewuswording.
- Gestalttegnieke wanneer die dominante behoefte na vore kom.
- Kognitiewegedragspelterapie.

Pastorale momente

- Die toepassing van Johannes 10:10 het ’n werklikheid geword.

- Hy kon bid vir die voël wat nooit gevind is nie. Dat God sy skepping onderhou, het inslag by Jakob gevind.
- Die bewuswording dat elke mens ’n tyd het om gebore te word, maar ook om te sterf, het Jakob van skuldgevoelens bevry.

Uitkoms

Dit het vir ’n paar maande baie goed met Jakob gegaan. Hy het selfs ’n toekenning by die skool gekry vir sy vordering. ’n Paar maande later het sy biologiese pa selfmoord gepleeg. Sy ma het hom na die berader gebring sodat die berader die nuus kon oordra. Hy het met sy pa se familie in aanraking gekom, maar die kommunikasie het doodgeloop. Intussen het die gesin verhuis. Dit is duidelik dat die gebrek aan orde, struktuur en stabiliteit sy tol geëis het. Die skool het met die berader in aanraking gekom, want Jakob kom nie gereeld skool toe nie.

Die berader het hom een middag ná skool by sy nuwe adres gaan opsoek, maar dit het die mense waar hy woon twee uur geneem om hom op te spoor. Hy was baie bly om die berader te sien. Ongelukkig woon hy in omstandighede waar hy voortdurend moet veg vir selfbehoud. Om skool toe te gaan, het weer vir hom ’n slegte ervaring geword.

Waarde vir die gebruik in die model vir pastoraleberadingspel

Ouer kinders kan aan meer tegnieke blootgestel word. Die berader bly in gesprek met die kind en is ook aktief besig om die kind uit te daag om self keuses te maak.

Wanneer die ouers en familie nie die berading opvolg met struktuur en positiewe motivering nie, sal ’n kind soos Jakob ander identifikasiefigure opsoek. Dit is jammer. Ongelukkig was sommige van die onderwysers ook nie bereid om werklik aandag aan Jakob te gee nie.

2.5.6 Gevallestudie 6 – Amanda (7 jaar, graad 1)

Agtergrond

Amanda is deur die skool verwys omdat sy die laaste paar weke gesukkel het om te konsentreer en haar leeswerk agteruitgegaan het. Haar ma bring haar vir die aanvangsbesoek en verduidelik dat Amanda angstig is. Amanda wil nie alleen in haar eie kamer slaap nie. Haar ouers is getroud en sosiaal baie aktief en betrokke in die gemeenskap. Amanda is die jongste van drie kinders met twee ouer broers. Toe sy ’n klein dogtertjie was, het ’n hond haar in haar gesig gebyt.

Spesifieke voorbereiding

Amanda is nog in haar konkrete operasionele fase en kan nie abstrak redeneer nie. Die berader besluit om 'n algemene aanvangsessie met haar en haar ma te hê.

Beradingspelsessies

Sessie 1

Amanda is baie senuweeagtig, loop op haar tone en skrik vir enige geluid. Sy kom skaam voor en glimlag dikwels verleë.

Dit is duidelik dat Amanda vreesagtig is en maklik skrik. Sodra sy met speelgoed of kreatiewe aktiwiteite besig raak, is sy rustiger. Die oorsaak van haar vrees kan moontlik die aanval van die hond wees.

Dit is opvallend dat haar ma haar hanteer asof sy baie jonger is as wat sy werklik is. Die gesin is aktief by 'n gemeente betrokke. Die mamma onderneem om haar na die pastoor te neem sodat hy vir haar kan bid om sodoende die vreesagtigheid te bowe te kom.

Die berader gee ook skriftelike riglyne aan die ma oor hoe om met slaaptyd te werk te gaan.

Sessie 2

Tydens hierdie sessie is Amanda se spel spontaner. Dit is duidelik dat sy die berader vertrou en beweeg gemakliker rond. Sy kies 'n verskeidenheid speelgoed. Sy geniet die sessies.

Amanda voel veilig in die speelkamer. Sy waag meer en begin ook meer gesels. Haar ma skryf dat hulle haar na die pastoor geneem het. Sy slaap nog by haar ouers op 'n matras. Hulle lees vir haar gedeeltes uit die Skrif en bid dat sy rustig sal slaap (Bylaag gevallestudie 6). Die berader stel voor dat haar ma haar aanmoedig om met verskillende teksture soos sand, water, klei en deeg te speel.

Sessie 3

Die monster in Amanda se kamer kom skielik na vore. Sy teken haastig, sonder om te aarsel en sit die tekening eenkant. Daarna speel sy asof die insident nooit plaasgevind het nie.

Die dogtertjie se vrees het 'n beeld gekry. Die gebede, Skrifwaarhede en haar eie behoefte om van die beeld ontslae te raak, is bevrydend.

Sessie 4

Amanda speel asof sy nooit bang was nie. Tydens hierdie sessie is sy gemaklik en speel 'n sosiale speletjie met die berader. Daar word besluit om die sessies te staak.

Volgende besoek

Amanda se ma kom in aanraking met die berader. Daar was 'n inbraak by die huis en Amanda se fiets is gesteel. In die twee sessies daarna, weet Amanda presies wat sy wil doen en die berader ondersteun haar keuses. In haar spel is sy uiters doelgerig. Die beradingspel wat volg, is vir haar én die berader baie lekker.

Beradingspeltegnieke wat gebruik is

- Aanvanklike kindgesentreerde terapie.
- Gestaltbewuswording.
- Gestalttegnieke wanneer die dominante behoefte na vore kom.
- Tydbeperkende spelterapie – wanneer Amanda vir die tweede reeks vir terapiesessies kom, beplan sy saam met die berader wat hulle gaan doen.

Pastorale momente

- Die ouers en pastoor het gedoen wat hulle onderneem het.
- Amanda ken, verstaan en pas Psalm 91:11 toe.
- Op 'n vraag of die "bang" weg is, het sy het bevestigend geantwoord en verduidelik dat Jesus dit weggeneem het.
- Die berader verwys terloops na Skrifgedeeltes om God se beskerming te beskryf.

Uitkoms

Amanda kon later in haar eie kamer slaap en was rustig. By die skool kon sy beter konsentreer. Sy is die daaropvolgende jaar na graad twee toe.

Waarde vir die gebruik in die model vir pastoraleberadingspel

Hierdie gevallestudie is ’n ideale voorbeeld van die hulp wat kinders deur beradingspel kan kry. Die samewerking tussen die ouers, kerk, skool en berader dra by tot die suksesvolle uitkoms.

2.5.7 Gevallestudie 7 – Sarel (9 jaar, graad 3)

Agtergrond

Sarel se ma nader die berader. Sarel is baie teruggetrokke en hy voltooi nie sy werk nie. Hy sukkel om maats te maak, wil dikwels nie skool toe gaan nie, huil maklik, is baie keer lusteloos en ontevrede. Sy onderwyseres is bekommerd oor sy vordering en het gevra dat hy ’n pediater besoek sodat die pediater medikasie vir aandagafleibaarheid kan voorskryf.

Die gesin het twee jaar gelede hierheen verhuis. Sarel se ouers is geskei toe hy nog baie klein was. Daarna het hy, sy ouer suster en sy ma saam met sy aanstaande stiefpa gewoon. Sy stiefpa, met wie hy ’n goeie verhouding gehad het, is twee jaar gelede in ’n motorongeluk oorlede. Sarel se biologiese pa werk in Amerika op ’n passasierskip en kom selde in aanraking met die twee kinders.

Sarel is die jongste van die twee kinders. Sy sussie is vier jaar ouer as hy. Sy presteer op skool en blink uit in sport en kultuur.

Spesifieke voorbereiding

Sarel is kognitief in sy konkrete operasionele fase en kan dus nie abstrak redeneer nie. Die berader besluit om geen voorbereiding te doen nie en hom toe te laat om self die rigting van die berading aan te dui.

Beradingspelsessies

Aanvangsessie

Die aanvangsessie is uitdagend. Sarel is teruggetrokke. Hy wil nie saamwerk nie. Op ’n stadium ontdek hy die klei en begin om daarmee te speel en maak die oulikste vorms. Hy teken ook baie ekspressief. Sy ma is baie beslis dat sy nie wil hê dat hy medikasie vir depressie of aandag-afleibaarheid gebruik nie.

Dit is duidelik dat hierdie seuntjie baie ongelukkig is. Sy ma is ’n baie positiewe vrou wat baie hard werk en sy glo die Here sal hom genees. Haar frustrasies met Sarel se lusteloosheid is duidelik.

Sessie 1

Sarel hou van die speelkamer. Hy word opgewonde oor die sand en bou ’n toneel wat hom en sy pa insluit. Sy gemoedstemming is egter bedruk as hy nie kreatief met iets besig is nie. Dit kom uit dat hy by die skool geboelie of moontlik sosiaal uitgeskuif word.

’n Kind wat heeltyd in beheer wil wees en lusteloos voorkom, sal nie maklik maats maak nie. Sarel aanvaar geen verantwoordelikheid vir enigeen van sy handelinge nie. Dit is baie moeilik om hom te probeer motiveer. Die berader bly deur e-pos in verbinding met sy ma. Daar word besluit dat sy hom sakgeld as beloning sal gee as hy daagliks sekere take voltooi.

Sessie 2

Sarel probeer sy grense verskuif. Hy hou aan om sy eie speletjie te speel en wil nie ophou nie. Hierdie seuntjie lei ooglopend aan depressie. Dit verg baie geduld en deursettingsvermoë om hom in enige aktiwiteit te laat belangstel.

Sarel voel diep verontreg. Hy het geen hoop op enigiets nie en probeer om hom deurgaans te laat geld. Hy het die sakgeld wat hy verdien het, gebruik om lekkers vir ander kinders te koop.

Sessie 3

Sarel hou niks van homself nie. Hy verafsku sy blas vel en word blykbaar gespot. Sy aggressie is egter minder en hy begin later om in die sessie saam te werk. Hy teken vinnig en aggressief.

Daar kan niks aan sy liggaamsbeeld verander word voordat hy nie groter tevredenheid toon nie. Hy weier soms om die bene van 'n figuur te teken.

Sessies 4-6

Die berader besluit om alle leiding aan Sarel oor te laat, maar konsentreer op gesins-verhoudinge. In hierdie laaste sessies gaan dit oor sy pa. Sy gesig helder op as hy van hom praat. Hy bou die see en die skip waarop sy pa werk in die sandtafel. Hy gaan self oor 'n moeilike terrein na sy pa toe. Vrees vir inbrekers is dikwels op sy voorgrond.

Die berader lei uit sy spel af dat hy dikwels na opruiende gesprekke van volwassenes luister. Sarel se oupa woon in Noord-Wes. Hy is blykbaar polities regs en almal vrees hom. Hy kan sy kleinseun nie verdra nie, maar verwag dat sy kinders een keer per jaar kom kuier. Dit is duidelik dat Sarel afgesien van sy pa geen manlike rolmodel het nie. Sy ma word hieroor ingelig.

Sessies word gestaak omdat Sarel meer tevrede voorkom. Sy ma het vir hom 'n sandtafel laat maak en hy speel blykbaar baie daarin.

Beradingspeltegnieke wat gebruik is

- Aanvanklike kindgesentreerde terapie.
- Gestaltbewuswording.
- Bewuswordingstegnieke van Gestalt.
- Kognitiewegedragspelterapie.

Pastorale momente

- Sarel het elke moontlike verwysing na God verwerp. Hy het nooit gereageer nie.
- Die kind lei die aanvanklike spel. In die beradingspel kan daar aan verkeerde begrippe deur spel, voorlesing uit die Skrif en konkrete uitbeeldings aandag gegee word. Dit is nodig om die kind toe te laat om sy eie proses te volg. Samewerking tussen die skool en die huis help om die kind te ondersteun.

- Die berader weet dat ander se lewens nie verander kan word nie. Die beradingspel in die geheel ondersteun die kind om hom te bemagtig en om hom deur ’n verlies te begelei.

Uitkoms

Dit het beter met Sarel gegaan en hy kon meer konsentreer. Sy swaarmoedigheid het hom net verlaat as hy kreatief met iets besig was. Sy ma het hom voortdurend aangemoedig, probeer motiveer en reguleer. Hy was steeds nie in staat om maats te maak nie.

Waarde vir die gebruik in die model vir pastoraleberadingspel

Dit sou in hierdie geval beter gewees het as daar wel mediese ingryping in die seuntjie se lewe kon wees. Hy het baie simptome van kinderdepressie getoon. ’n Kind wat so min hoop het, kan nie die volle waarde uit beradingspel put nie.

2.6 Gevolgtrekkings

Die berader moet *deur die kind gelei word* en nie aanneem dat die “opvallende probleem” die oorsaak van wangedrag of emosionele uitbarstings is nie.

Tertius het die geleentheid gehad om op sý ontwikkelingsvlak die *onwaarhede oor die afsterwe van sy ma met Skriftuurlike waarheid te vervang.* Die lewensituasieverandering tuis het sy proses onderbreek, maar ook dit kon hy “uitspeel.” Hy is deur sy eie spel en die ondersteuning van die berader bemagtig om sy situasie te aanvaar. Gevolglik kon hy groei van ’n klaerige seuntjie met ’n seer toon na ’n selfstandige een wat self “’n plan kon maak.”

Wanneer ’n kind baie getraumatiseer is, is dit beter om hom/haar nie uit te daag nie. In so ’n situasie is addisionele, verlengde bewuswording belangrik. Dit sluit die volgende in: om te proe, om te ruik, om te voel en bewus te word van en te eksperimenteer met verf en kleur. Al hierdie aspekte dra daartoe by dat ’n kind sy onderdrukte emosies en geheue deur spel kan besoek en nuwe episodes in die speelkamer, waar hý in beheer is, inbou.

Johan kon die situasies wat hy vóór sy aanneming beleef het, deur spel verwerk. Die addisionele hulp aan sy ma het hom gehelp om te begin klim, spring, na stories te luister, te sing, rympies op te sê en met klei, sand en water te speel. Hy het die seuntjie Johan beter tot sy reg laat kom en was besig om sy vrees te verloor. Alhoewel daar nog heelwat ontwikkelingsmylpale was om in te haal, was hy tevrede en gelukkig.

Die samewerking tussen die ouers/pleegouers en die berader is van groot waarde. Belinda se taalbegrip was baie swak. Dit is uiters belangrik om so ’n kind nie onder druk te plaas deur Gestalttegnieke toe te pas wanneer die dominante behoeftes na vore kom nie. Sy moes die geleentheid kry om self haar gestaltegewingsproses te laat plaasvind. Deur ’n holistiese benadering is sy genees terwyl sy besig was om haar ervarings te verwerk – deur spel.

Ouer kinders kan aan meer tegnieke blootgestel word. Die berader bly in gesprek met die kind en is ook aktief besig om die kind uit te daag om self keuses te maak

Wanneer die ouers en familie nie die berading opvolg met struktuur, roetine,voorspelbaarheid en positiewe motivering nie, sal ’n kind soos Jakob ander identifikasiefigure opsoek. Dit is jammer. Ongelukkig was sommige onderwysers ook nie bereid om werklik aandag aan hom te gee nie. Die berader moet egter vertrou dat die bydrae wat gemaak is, wel vrugte sal afwerp.

Soms is ’n kind só lank aan spanning blootgestel, dat die langdurige angstigheid op depressie kan uitloop. Dit sou in hierdie geval beter wees as daar wel mediese ingryping in so ’n kindjie se lewe kon plaasvind. Sarel het baie simptome van kinderdepressie getoon. ’n Kind wat só min hoop het, kan nie die volle waarde uit beradingspel put nie

2.7 Kwantitatiewe navorsing

Soos wat reeds in 2.1 verduidelik is, kan die gemengde navorsingsmetode wat in hierdie navorsing gevolg word, verder as ’n “sequential mixed method” (Morse en Niehaus, 2009:17) beskryf word, omdat die twee ondersoeke, naamlik die kwalitatiewe ondersoek en die kwantitatiewe ondersoek, nie gelyktydig plaasvind nie. Die kwalitatiewe navorsing is dus ook in hierdie navorsing eers afgehandel voordat die kwantitatiewe navorsing uitgevoer is.

Osmer (2008:49-50) dui oortuigend aan hoe kwantitatiewe navorsing van die kwalitatiewe verskil. ’n Kwantitatiewe ondersoek probeer vasstel hoe die *breë statistiese patroon* daar uitsien, terwyl daar in ’n kwalitatiewe ondersoek ’n diepgaande studie van *’n klein groepie indiwidue* gemaak word.

Dit is vanselfsprekend dat die uitgangspunt van die navorser tydens elke studie sal verskil. Osmer (2008:49) definieer die metode en doel van kwantitatiewe navorsing soos volg:

> "Quantitative research gathers and analyzes numeric data to explore relationships between variables."

Tydens kwantitatiewe ondersoeke bly die navorser onafhanklik, onbetrokke en op die agtergrond. Dit verseker groter objektiwiteit (Strydom, 1999:74).

2.8 Doel van die kwantitatiewe ondersoek

Wanneer daar na 'n kwantitatiewe ondersoek verwys word, kom die volgende vraag van Osmer (2008:48) na vore: "Waarom wil die navorser hierdie projek uitvoer?" Daar word veronderstel dat 'n kwantitatiewe studie die huidige gebrek aan die gebruik van spel en spelterapie in die kerk sal aantoon. Die doel van die kwantitatiewe navorsing is om die voorkoms van die gebruik van spelterapie in gemeentes te toets.

2.9 Metode van navorsing

2.9.1 Verkennende navorsing

Hierdie tipe navorsing word gebruik wanneer daar min oor 'n onderwerp bekend is (Strydom, 1999:77). In hierdie geval bestaan daar moontlik reeds kennis oor die onderwerp. Die navorsing is verkennend omdat dit lyk asof spelterapie as metode om kinders met emosionele en geestelike probleme te ondersteun, nie in kerke toegepas word nie. Die navorser het data versamel van kerke wat 'n behoefte voel om spel te gebruik om kinders pastoraal te begelei.

2.9.2 Die opstel van die ontwerp

Die navorser het die inligting versamel deur vraelyste per e-pos uit te stuur (vergelyk 2.10.2 hieronder vir die omvang van die versending). Die inligting vir die kwantitatiewe navorsing is versamel *nadat* die kwalitatiewe navorsing voltooi is.

2.9.3 Etiese oorweginge

Die etiese aspekte van navorsing is belangrik. Mouton (1996:258) verwys na etiese aspekte as die standaarde wat dien as die riglyne waarvolgens elke navorser hom moet evalueer. Die volgende aspekte wat deur Lovell (2009:144) uitgesonder word, is deurlopend deur die navorser in ag geneem en uitgevoer. Die reëls van die NWU se Navorsingsetiekkomitee is nagekom.

- Alle inligting word vertroulik behandel.

- Deelnemers is nie finansieel vergoed nie.
- Deelnemers het vrywillig deelgeneem.
- Die navorser het haar waardering en respek betoon.
- Alle deelnemers kon te eniger tyd van die navorsing onttrek.

2.10 Werkswyse

2.10.1 Oorsig

Die doel van die studie is om die gebrek aan ’n pastoraal-teologiese benadering tot spel te ondersoek. Die uitkomste behoort riglyne oor die gebruik van spel aan die pastorale kinderberader te verskaf. Die kwantitatiewe navorsing sal tot die studie bydra omdat dit sal aandui of die kerkgemeenskap bewus is van die waarde wat die gebruik van spel in berading kan hê.

Die doel van die vraelys is om die ingesteldheid en opinies van gemeenteleiers soos dit in Hoofstuk 1 voorgestel is, te toets, en daarmee ook bepaalde tendense vas te stel. Die volgende spesifieke vrae is in die vraelys gestel:

- Wat gebeur werklik in die kerk as kinders berading moet ontvang?
- Weet kerkleiers wat spelterapie behels?
- Wat word in die kerk deur die gemeenteleiers gedoen wanneer ’n kind byvoorbeeld die verlies van ’n ouer beleef?

Daar word nou verslag gelewer van die kwantitatiewe ondersoek om sodoende te help om die breë statistiese patrone uit die antwoorde van die respondente te bepaal (Osmer, 2008:50).

2.10.2 Pos- of versendingsvraelys

Daar is 150 vraelyste uitgestuur, 90 na Afrikaanse gemeentes en 60 na Engelse gemeentes. Die gemeentes verteenwoordig 8 verskillende denominasies. Alle respondente het dieselfde vraelys per e-pos ontvang.

’n Inligtingsbrief (Bylae 2.1), wat as ’n *dekbrief* bekend staan (Strydom, 1999:130), is aangeheg. Daar is aan alle kriteria vir die opstel van ’n dekbrief voldoen: Naam, adres, e-pos adres en telefoon nommers van die versender.

Die adresse van die ander respondente is nie op die e-pos vertoon nie.

Die vraelyste is in Engels en Afrikaans gestuur (voorbeeld in Bylae 2:2). Die vrae is duidelik en kon binne tien minute afgehandel word. Die navorser het die vraelys per e-pos uitgestuur en die vertroue uitgespreek dat die respondente dit per e-pos of faks sou terugstuur.

2.10.3 Data-insameling

Die *vraelys het gevra wat tans* gebruik word – en benadruk *dat die werklikheid belangrik* is.

Vier geslote vrae is ingesluit. Daar kon 'n antwoord uit verskillende stellings ná elkeen van die volgende vrae gekies word:

- Wat is spelterapie?
- Wat is die doel van spelterapie?
- Word spelterapie in die kerkgemeenskap gebruik?
- Hoe word jong kinders in die gemeente ná die dood van 'n ouer ondersteun?

2.11 Terugvoer

Van die 150 vraelyste wat uitgestuur is, is 16 terugontvang. Strydom beweer dat 50% terugvoer as voldoende beskou word, terwyl 70% puik is. Die persentasie respondente wat op die navorser se vrae reageer het, was 10,6**%**. Dit word dus as uiters swak beskou. Die navorser het self die ontleding van die data van die kwantitatiewe ondersoek gedoen. Die rekenaarprogram, Microsoft Excel, is gebruik. Die respondente se kennis en begrip van die waarde van die gebruik van spelterapie is ondersoek en deur sirkelgrafieke in persentasies voorgestel.




Vraag 2: Wat is die doel van spelterapie?
6.25%
6.25%
87.50%
Om emosionele probleme deur spel te reguleer
Om 'n verhouding met 'n kind te bou
Weet nie wat die doel is nie


Vraag 3: Word spelterapie in die kerk gebruik?
12.50%
12.50%
75.00%
Glad nie of omdat opgeleide personeel nie beskikbaar is nie
Beveel in noodgevalle aan
Deeltydse spelterapeute is beskikbaar



2.12 Uitkoms

Die reaksie van die respondente was uiters teleurstellend.



2.13 Nabetragting van die navorser

Alhoewel so ’n klein persentasie vraelyste terug ontvang is, kan daar volgens Ray (2008:1) 1-20% reaksie van die algemene publiek op navorsing verwag word.

Die kwantitatiewe navorsing bevestig die navorser se veronderstelling dat alhoewel spelterapie verstaan word, daar min in gemeentes gedoen word om kinders emosioneel en geestelik te ondersteun in tye van trauma en verlies.

Die navorser sal die moontlikheid ondersoek om ’n strukturele program en opleiding aan te bied.

2.14 Gevolgtrekking

Die beskrywend-empiriese gedeelte van hierdie navorsing beskryf die ondersoek na die gebruik van spel deur die pastorale berader. Die gemengde navorsingsmetode wat uit kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing bestaan, is in die empiriese ondersoek gevolg.

Die eerste navorsingsmetode is toegepas om die verloop van berading aan sewe kinders met behulp van spelterapietegnieke te ondersoek. Vóór die beradingsessies is die agtergrond en spesifieke voorbereiding vir die berading aangedui, en aan die einde van elke sessie is die pastorale momente en spelterapietegnieke van daardie sessie opgesom.

Tweedens is die resultate van ’n kwantitatiewe navorsing gegee. Die tekort aan ’n pastoraal-teologiese benadering tot spel in die pastorale berading aan kinders in die kerk is met behulp van vraelyste aan kerkleiers ondersoek. Al die resultate is opgeteken.

.

Hoofstuk 3

Skriftelike en psigologiese interpretasie van kind en spel

3.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk bevat die interpreterende moment van Osmer (2008:4). Die vraag wat beantwoord sal word, is hoekom die spel van kinders waarde vir die pastorale berader kan hê.

In die vorige hoofstuk is die gebruik van spel in pastorale berading aan kinders beskryf. In hierdie hoofstuk word inligting oor die agtergrond en waarde van spel soos dit in die Skrif voorkom, bespreek. Verder sal die wese van spelterapie soos dit in die psigologie gebruik word, verduidelik word. Die interpreterende moment bestaan dus uit twee dele. In die eerste deel word teologiese interpretasies ondersoek. Vir die pastorale berader is dit noodsaaklik om te weet hoe spel en die hantering van spel in die Skrif beskryf word. Die Bybel is immers die primêre bron van wysheid. Osmer (2008:84) verduidelik hierdie gegewe soos volg:

> □... the distinction between Creator and created has long supported the recognition that human knowledge is fallible and that the perfect wisdom belongs to God alone.□

Die tweede deel van die interpreterende moment bevat interpretasies van teorieë in die kuns en die wetenskap aan die hand van Osmer (2008:83) se verduideliking. Hierdie gedeelte voorsien die agtergrond en voorkoms van spelterapie soos dit in die sielkunde gebruik word. Die interpretasie van die gebeure wat tydens die beradingsessies waargeneem is, kom ook in hierdie moment voor.

Deel Een

3.2 Skriftuurlike siening van die kind en spel

3.2.1 Inleiding

Die verhoudings wat mense van verskillende kulture in die Mediterreense wêreld met kinders gehad het, word ondersoek. Die gebruike van die Romeinse, Griekse en Joodse gemeenskappe in spel, opvoeding en onderrig van kinders sal beskryf word. Jesus Christus se verbintenis met kinders is bestudeer om vas te stel watter raakpunte daar tussen sy woorde en optrede teenoor kinders en die huidige berading aan kinders kan wees. Die navorser is bewus daarvan dat sy deur eksemplariese eksegese kitsoplossings kan soek. Om hierdie moontlikheid uit te skakel, sal sy die sosiaal-historiese

konteks ondersoek deur Skriftuurlike en kultuurhistoriese bronne te raadpleeg (Janse van Rensburg *et al.*, 2011:16).

3.2.2 Teologiese interpretasie van die kultuurhistoriese agtergrond

3.2.2.1 Mediterreense wêreld

Wanneer daar na die hele tydperk sedert die opkoms en heerskappy van die Griekse en die Romeine Ryk verwys word, gebruik Malina *et al*. (1995) die term *Mediterreense wêreld* in hul navorsing. Die navorser is van mening dat die term 'n omvattende beskrywing is vir die agtergrond van hierdie studie. Die uitdrukking sal dus gebruik word wanneer daar na die algemene gebruike rakende die hantering en siening van kinders in daardie tyd verwys word.

3.2.2.2 Agtergrond van die kind se plek in die Mediterreense wêreld

Kinders se lewens is deur die geskiedenis op die agtergrond geskuif. Die algemene beskouing dat kinders 'n spesiale groep mense is wat eiesoortig en waardevol is, het eers tydens die Renaissance inslag gevind (Craig & Porter, 2000:197). Oor die algemeen is daar min literatuur oor die lewe van kinders in die destydse Mediterreense wêreld, wat die Joodse kultuur insluit. Indien daar 'n studie oor die lewe van kinders gemaak is, het die navorsers die situasie benader asof die kinders maar slegs 'n deel van die groep was. Hierdie gebrek aan inligting kan daaraan toegeskryf word dat skrywers destyds meestal mans uit 'n hoë sosio-ekonomiese groep was. Mans sou dus nie belang gestel het in die destyds *onbelangrike leefwêreld* van kinders nie (Malina *et al*., 1995:4; Craig & Porter, 2000:197).

3.2.2.3 Grieks-Romeinse agtergrond

a) Die posisie van kinders in die gemeenskap

Jeffers (1999:248) gee 'n algemene oorsig van die patriargale stelsel. Hy wys daarop dat kinders deel was van die sogenaamde koningskapstradisie. Volgens hierdie tradisie was kinders slegs 'n voortsetting van hul ouers. Hulle het die familienaam gedra, moes die familiebesigheid in stand hou en later hul bejaarde ouers versorg. Seuns is opgelei om die leiding by hul vaders oor te neem, terwyl die dogters die uitsluitlike roeping gehad het om toesig oor die huishouding te hou.

Die patriarg was die oudste manlike persoon in 'n uitgebreide familie. Hy was die leier en het alle mag oor die lewe van die kinders wat in sy familie gebore is, gehad. Gesinne het bestaan uit die man en vrou, ongetroude kinders, slawe, vrygekooptes en pleegkinders (Rawson, 1986:7). Die patriarg het besluit of pasgebore babas toegelaat kon word om te lewe. Ná geboorte is die baba op die grond voor die vader neergelê. Indien die vader die kind sou optel en oplig, is die baba in die familie verwelkom. Gestremde of swak babas is egter dikwels na die ashoop buite die stad geneem om daar te sterf. Rawson (1986:12) noem hierdie praktyk "exposing". Dit was 'n wettige gebruik. Wanneer die gesin reeds te veel lede gehad het of behoeftig was, sou 'n nuwe aankomeling verwerp word. Seuns is bo dogtertjies verkies (Malina *et al*., 1995:7). Jeffers (1999:248-256) skryf dat hierdie mag oor die lewe en dood van kinders in 374 n.C. deur keiser Valentinianus herroep is. Die skrywers wys ook daarop dat hierdie gebruik nie in die Joodse wêreld aangetref is nie.

Dit is dus duidelik dat kinders geen status in die Griekse en Romeinse samelewing gehad het nie (Weidemann, 1989:8). Die patriarg het ook die reg gehad om kinders in sy huishouding as slawe te verkoop. Slawe in Griekeland en Italië is soms as "kind" aangespreek. Hierdie aanspreekvorm was 'n vorm van minagting, en om na slawekinders te verwys, was onvanpas, omdat hulle, net soos kinders, geen status besit het nie (Weidemann, 1989:22).

b) Opvoeding en onderrig

Die gebruik om babas net na geboorte baie styf toe te draai, was die eerste vorm van dissipline wat deur die Grieke toegepas is. Die baba is vir ongeveer twee jaar aan die sorg van 'n vroedvrou oorgelaat. Daarna is kinders deur lyfstraf gedissiplineer. 'n Griekse slaaf, ook 'n *peadagogu* genoem, het saam met die kinders die skool bygewoon en moes die dissipline hanteer (Craig & Porter, 2000:198). In Rome is geglo dat 'n kind geen begrip het nie (Weidemann, 1989:27). Daarom was dit ook die algemene siening dat kinders deur fisiese pyn, met ander woorde lyfstraf, geleer moes word.

Volgens Craig en Porter (2000:198) kon kinders eers wanneer hulle 'n beter begripsvermoë ontwikkel het, opleiding ontvang. Die gevolg was dat Romeinse kinders dikwels slegs tuis geleer is. Skoolbywoning was nie verpligtend nie en formele onderrig was net vir welgestelde gesinne beskore.

Die Grieke was meer daarop ingestel om hul kinders te laat leer. Kinders het op sewe jaar formeel begin skoolgaan. Die skooldag het met sonop begin, is tydens middagete onderbreek en het tot laatmiddag aangehou. Ouers moes self vir hul kinders se onderrig betaal. Staatskole het slegs onderrig aan seuns in hul laat tienerjare gebied (Craig & Porter, 2000:199). Die ideaal van die antieke

Grieks-Romeinse opvoeding was om persone deur filosofiese denke en fisiese oefening vir die staat bruikbaar te maak.

c) Spel, terapie en godsdienstige gebruike

Romeinse kinders het met balle, bordspeletjies, vlieërs, diere- en mensmodelle, hoepels en houtswaarde gespeel. Poppe was van lap, was, hout, been en klei gemaak. Volgens Rawson (2004:19-25) het kunswerke uit die Mediterreense wêreld dikwels poppe uitgebeeld. Dit wil voorkom of kinders vrylik kon speel en daar bestaan voorbeelde van seuntjies wat met poppe speel. Van hierdie werke wys dat kinders speelgoed as geskenke tydens feeste ontvang het. Afbeeldings van letters in ivoor is gevind, en kinders het ook met troeteldiere en voëls gespeel.

Craig en Porter (2000:198) meen dat die kind as onskuldig, kuis en naïef beskou is. Tog was hulle kinderjare, volgens die hedendaagse mening, nie baie lank nie. Seuns kon trou sodra hulle veertien was en dogters ná hul twaalfde verjaardag.

Gedurende hul kindertyd, tot en met hul huwelik, het kinders ’n gelukbringer *bulla* om hul nekke gedra. Hierdie gelukbringer sou beskerming teen bose geeste verleen (Rawson, 2004:19). Daar is in albei die kulture geglo dat kinders, omdat hulle deur die gode gegee is, nader aan gode met ’n goeie ingesteldheid was. Kinders is dus om hierdie rede by afgodsrituele ingesluit (Weidemann, 1989:25).

3.2.2.4 Joodse kultuur

a) Posisie in die gemeenskap

Kinders in die Joodse gesin en familieopset is beskou as die oorsprong van liefde, vreugde en sukses. Antieke geskrifte en grafskrifte beeld dit uit. Dit is bekend dat kinders reg deur die Ou Testament as ’n seën van die Here gesien is en as belangrik in die Joodse denk- en leefwyse geag is. In Psalm 127:3-5 sonder die psalmdigter kinders en suigelinge uit as skepsels wat die Here se magtige werk besing. Jong kinders was gebonde aan hul ouerhuis, familie en bevolkingsgroep. Hulle was ook, soos in Genesis 27:48 beskryf word, deel van die volk se aanbiddings-, gebeds- en seënrituele. Al is kinders as ’n seën van die Allerhoogste gesien, blyk dit dat die Joodse kinders in die breë *sosiale* gemeenskap minder waardeer is (Carroll, 2001:122,127).

b) Opvoeding en onderrig

Die opvoeding van kinders in Israel was die gesamentlike taak van die ouers en die gemeenskap. Vir die Israelitiese kind was onderrig, speel, werk en familieaktiwiteite nou aan mekaar verbind

(Thompson, 1986:263). In Eksodus 12:24-27 en Josua 4:6 is voorbeelde waar kinders deel van rituele was. Vandag is kinders steeds betrokke by die feesdae van die Joodse gemeenskap (Korzenik, 2003:25).

Die gehoorsaamheid aan hul ouers was die belangrikste vereiste wat aan Israelitiese kinders gestel is (Freedman *et al*., 2000:234). In Spreuke 4:1-4 en Deuteronomium 21:18-21 word duidelike voorskrifte oor hierdie saak gegee. Volgens Deuteronomium 27:16 is ongehoorsame kinders swaar gestraf. Craig en Porter (2000:199) verduidelik dat Joodse kinders baie strenger grootgemaak is as die kinders van ander volke in die Mediterreense wêreld.

Wanneer daar na die onderrig van kinders in die Hebreeuse kultuur gekyk word, kom twee woorde na vore, naamlik *leer* en *onderrig*:

- *Onderrig* is in Hebreeus *zâhar* (Eks. 18:20). Die woord se kernbetekenis is "om te verlig of te waarsku" (Strong, 1996-2011. Hebreeuse woord, nr. 2094).
- *Leer* in Hebreeus is *yârâh* (Lev. 10:11), wat "opvoeding" en "drilwerk" beteken (Strong, 1996-2011. Hebreeuse woord, nr. 3384).

Die navorser maak dus die gevolgtrekking dat die opvoedingstaak van ouers en die godsdienstige leiers beskryf kan word as 'n herhaalde bewusmaking, inskerping en inoefening van Skriftuurlike waarhede.

Volgens Craig en Porter (2000:358) het rabbi's die algemene siening gehuldig dat 'n deeglike kennis van die Tora die impulsiwiteit van kinders mettertyd verander. Formele skoolonderrig het vir seuntjies reeds op vyfjarige leeftyd begin. Dogters het nooit skool bygewoon nie. Hulle is tuis deur hul moeders onderrig. Leerders moes groot gedeeltes uit die Pentateug memoriseer en het nie tydens aanvangsonderrig geleer om te skryf nie. Seuns sou teen hul dertiende verjaardag reeds vaardighede soos skrynwerk, messelwerk, leerlooiery en ystersmedery aangeleer het en kon hulle sekere verantwoordelikhede by hul vaders begin oorneem. Daarna sou sommige seuns ambagte leer en ook verdere studie in die Tora onderneem. Hul formele onderrig was teen hul agtiende verjaardag afgehandel, tensy hulle bevoorreg was om as 'n dissipel verdere onderrig in die Tora te kon ontvang. Hulle kon ook as 'n dokter, skrywer, argeoloog of argitek opgelei word. Meisies het gewoonlik tussen twaalf en dertien jaar en seuns tussen sestien en sewentien jaar getrou (Thompson, 1986:263; Malina *et al*., 1995:67).

c) Spel, terapie en godsdienstige gebruike

In die warm, droë klimaat van die Oostelike Mediterreense wêreld het mense buite geleef en in openbare plekke bymekaar gekom. Hier het hulle by die poorte, langs strate, in winkels, op klein pleintjies, in markte en in basaars byeengekom. Dit is in hierdie kuierplekke waar kinders gevind kon word. Sagaria 8:5 beskryf hoe seuns en dogters in strate speel. As in ag geneem word dat die huise se vertrekke klein was en dat kinders dikwels ’n slaapkamer met die res van die gesin moes deel, is dit dus nie ongewoon dat hulle in die strate gespeel het nie (Stambaugh & Balch, 1986:83).

Daar bestaan uiteenlopende menings oor die speelgoed waarmee Joodse kinders gespeel het. Sekere skrywers verwys na die wet in Eksodus 20:4 en verduidelik dat die maak van speelgoed as afgodsbeelde gesien is. Rosenblum (2004) verduidelik dat die wet beelde van hout en klip verbied. Enige ander materiaal sou dus toegelaat word. Afbeeldings van afgode het gewoonlik nie klere gedra nie; daarom sou poppe wat klere dra, toegelaat word.

Alhoewel daar geen melding van speelgoed in die Skrif gemaak word nie, bewys argeologiese opgrawings dat dit bestaan het (Thompson, 1986:261; Senker, 2005:20). Dogtertjies het met hout- en kleipoppe gespeel, en daar is ook miniatuur-pottebakkerskookgerei gevind. Diertjies wat uit hout gesny en op wiele gemonteer is, kleialbasters, leerballe en bordspeletjies, soos skaak of checkers, is ook opgegrawe.

Die ontwikkelingstadia van kinders is eers baie later in die geskiedenis bestudeer en benoem. Thompson (1986:263) toon die belangrike mylpale in die lewe van ’n Joodse kind oortuigend aan. Die eerste was van twee tot drie jaar, toe die kind gespeen is. Om op daardie ouderdom, in ’n tyd toe vroeë kindersterftes weens swak higiëne algemeen was, nog te leef, was inderdaad ’n rede vir feestelikheid. Vergelyk die feesviering van Abraham en sy familie in Genesis 21:8 toe Isak gespeen is. Die volgende mylpaal is bereik met skoolgaande ouderdom. Seuns is op dertienjarige ouderdom in die religieuse en wetlike aspekte van volwassenheid ingelyf. Daarmee het hulle die volwasse fase betree.

Kinders moes die wette ken en alle godsdienstige voorskrifte navolg. Hulle is by godsdienstige gebruike betrek en het van jongs af deelgeneem aan huishoudelike rituele tydens die viering van die Sabbat en ander feesdae (Horn & Martens, 2009:3). Ouers het aan hul kinders die geskiedenis van Israel vertel en dit by hulle ingeskerp. Die wet van God is reeds van kleins af aan hulle geleer.

Dit is egter opvallend dat die aard van ’n kind dikwels ook as swak van verstand, onkundig en ontoereikend gesien is (Freedman *et al*., 2000:234).

3.2.3 Verklaring van woorde

3.2.3.1 Die gebruik van die woorde “kind” en “kinders” in die Skrif

Wanneer daar na die letterlike gebruik van die woord “kindjie” in die Skrif gekyk word, is die veronderstelling dat daar na ’n kind jonger as twaalf jaar verwys word (Vosloo & Janse van Rensburg, 1999:1156). Volgens Ryken *et al*. (1998:141) kom verwysings na “kind” en “kinders” meer as 500 keer in die Skrif voor. In bykans die helfte van hierdie verwysings word die twee woorde letterlik gebruik.

Vir die doel van hierdie studie moet duidelikheid verkry word oor die gebruik van die woorde “kind” en “kinders” in die Skrif. Daar moet deurlopend in gedagte gehou word dat hierdie studie oor die kind se *emosionele en geestelike behoeftes* handel en nie oor die figuurlike gebruik van woorde nie. Daar word byvoorbeeld dikwels in die Skrif na *kind/kinders van God* verwys wanneer daar oor die *gelowiges of die volk Israel* gepraat word. Sodanige voorbeelde (Ps. 29:1 & Luk. 12:3) is nie op hierdie navorsing van toepassing nie.

3.2.3.2 Die gebruik van die woord “speel” in die Skrif

Strong (2004:483) dui die verskillende betekenisse van *speel* soos volg aan:

- “speel” (“play” in Engels), soos in 2 Samuel 6:21;
- “gespeel” (“played” in Engels), soos in 1 Kronieke 13:8;
- “spelend” (“playing” in Engels), soos in 1 Kronieke 15:29.

Die navorser het die volgende betekenisse van die woord en sy verbuigings in ’n soektog met E-sword (2011) opgespoor:

- “die speel van musiekinstrumente” – soos in 1 Samuel 16:16;
- “dans en aanbidding” – soos in 1 Kronieke 15:29;
- “die afgodsdiens en heidense praktyke” in Hosea 3:3;
- “kinderspel” in Sagaria 8:5;
- “die spel tussen diere” in Job 40:20; en

- die gebruik van die woord in ’n Afrikaanse uitdrukking soos in Numeri 16:13 en Spreuke 26:19 waar “ek speel sommer” voorkom.

Strong’s gee twee Hebreeuse woorde, wat as primêre bron vir speel gebruik word, naamlik:

- *nâgan* wat beteken “om ritme te slaan” (Strong, 1996-2011. Hebreeuse woord nr. 5059);
- *śâchaq* wat beteken “om te lag”, “sport te beoefen” en “te terg” (Strong, 1996-2011. Hebreeuse woord nr. 7832);
- *śâchaq* word in albei gevalle hierbo gebruik as daar na “kinderspel” verwys word, ook waar dans en aanbidding ter sprake is.

3.2.4 Gevolgtrekking oor die spel van kinders in die Skrif

Na afloop van die ondersoek na die voorkoms van kinderspel in die Skrif kan die volgende afleidings gemaak word:

- ’n Verhalende beskrywing van kinders wat speel, kom nie in die Skrif voor nie.
- Daar is geen Skriftuurlike voorbeelde gevind waar kinderspel eksplisiet as ’n tegniek gebruik word om kinders tot selfregulering te begelei nie.

Moontlik redes vir bogenoemde bevindings is die volgende:

- Die geskiedskrywers was mans (wat sosiaal nie met kinders geassosieer het nie).
- Kinders in die Mediterreense wêreld is as onbelangrik geag.
- Die Ou Testamentiese reëls en wette was só ingestel op dienswerk en die onderhouding van die wet dat die regte van kinders geen aandag gekry het nie.

Die vraag ontstaan nou of daar dan enige grond vir spelterapie in die Skrif gevind kan word.

Alhoewel Fahlbusch *et al*. (2005:239) aanvanklik die plek van spel in die praktiese teologie bloot as spel beskou, verwys die skrywers later na Huizingma wat beweer dat daar in spel ’n element van *losmaking* (“detachment”) bestaan. Huizingma (in Fahlbusch *et al.*, 2005:239) suggereer verder dat spel ’n kind kan help om gebeure te aktualiseer. Hy toon oortuigend aan dat spel ’n veranderde vorm van die wêreld voorstel en dat dit die kind kan help om orde in sy belewing van die gebeure om hom te handhaaf. Die volgende woorde van Fahlbusch *et al.* (2005:239) benadruk die behoefte aan Skriftuurlike riglyne vir spelterapie: “Though little has been done to achieve a theology of play, it undoubtedly has a relevance in practical theology.” In 3.2.2.3(a) het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat die posisie van kinders gering geskat is met die aanvang van die Nuwe-

Testamentiese tydperk. Vosloo en Janse Van Rensburg (1999:1272) beweer dat “geen ordentlike Joodse man sou in die openbaar aandag aan vrouens en kinders gee nie – beslis nie ’n rabbi nie.” Daar kan dus afgelei word dat die geskiedskrywers, wat mans was, die spel van kinders nie belangrik genoeg geag het om daaroor te skryf nie.

Twee argumente word vervolgens aangevoer dat daar in die Nuwe Testament grond vir en selfs moontlike riglyne vir pastorale berading en die gebruik van spelterapie voorkom. In die eerste argument word aangedui dat daar in die Messiasverwagting na kinders verwys word en dat die vervulling van die verwagting in die Nuwe Testament die status van die kind drasties sou verander. Tweedens meen die navorser dat Jesus Christus in sy omgang met kinders ’n duidelike aanduiding gee van tegnieke wat gebruik kan word om die kind op die voorgrond stel.

3.2.5 Jesus Christus herstel die posisie van die kind in die gemeenskap

3.2.5.1 Rol van die kind in die profesie van die Messiasverwagting

Daar is twee verwysings na kinders wat besig is om te speel in die Ou Testament. Albei hierdie gedeeltes word in die profetiese boeke gevind. Dit is ook die enigste teksgedeeltes waar die woord “speel” met kinders in verband gebring word.

Die eerste verwysing word in Jesaja 11:8 gevind. Vosloo en Janse van Rensburg (1993:982) verduidelik dat die vers deel uitmaak van ’n groep logiese teenstellings (Jes. 11:6-8) wat die harmonie in die toekomstige regering van die volmaakte Messiaskoning voorspel.

Die profeet Sagaria sien in Sagaria 8:5 ’n visioen van spelende kinders (seuns en dogters) op die stad se pleine. Vosloo en Janse van Rensburg (1993:1339) verklaar die profesie as ’n heenwysing na ’n tyd van voorspoed en vreugde. Die kinders kan ook gesien word as ’n teken van voorspoed wanneer mense oud sal word en baie kinders weer in die voorheen ontvolkte stede speel (Van Zyl, 1993:1150).

’n Paar eeue later gebruik Jesus Christus weer die beeld van kinders op die markplein in ’n vergelyking wat in Matteus 11:16 opgeteken is. Hy erken dus die spel van kinders (Douglas, J.D. & Tenny, M.C. 2011:262). Later, ná die intog in Jerusalem, berig Matteus 21:15 oor kinders wat met die intog in die tempel uitroep, ’’Prys die Seun van Dawid!”

Dit is dus duidelik dat die spel van kinders opgeneem is in die voorspelling van die koms van die Messias. Die optrede van die kinders ná die intog in Jerusalem het die priesterhoofde en

skrifgeleerdes kwaad gemaak. Dit was ongewoon vir kinders om só in die heiligdom op te tree. Die profesie van Sagaria 8:5 is deur hierdie gebeure vervul (Coffman, 1986-1999).

Barnes (2004-2011) wys in sy kommentaar daarop dat mense dikwels geaffronteer word wanneer kinders met godsdiens inmeng. Jesus Christus het egter aangetoon dat dit vir hulle gepas was om te juig. As kinders het hulle Jesus spontaan aanbid. Dit was reg om deur hul optrede te wys hoe lief hulle Hom het en dat hulle gehoorsaam aan Hom was.

Korzenik (2003:25) kom tot die gevolgtrekking dat daar sedert die profesie aan die einde van Maleagi (4:6) 'n sterk kindgesentreerde beskouing in Joodse gemeenskappe na vore sou kom. In hierdie skrifgedeelte word Israel oor hulle wetsoortredinge aangespreek. Daarna volg 'n versekering van God se liefde. Die profeet voorspel dan dat daar 'n volmaakte, gelukkige tyd sal aanbreek wanneer die hart van vaders sal terugkeer na dié van hul kinders. Reeder (2007:699) verwys na hierdie gedeelte in Maleagi as die vooruitsig na 'n familie wat herstel is. Reeder kom tot die slotsom dat dit nie duidelik is na watter tipe familie verwys word nie.

Dat kinders in die koninkryk van God ingesluit word, is duidelik sedert die profetiese aankondiging van die Messias se koms. Kinders is ook teenwoordig met die intog in Jerusalem, wat teen die einde van Jesus bediening op aarde plaasgevind het.

3.2.5.2 Jesus Christus het kinders verwelkom en verhoudings met hulle aangeknoop

a) Verduideliking

Soos wat reeds aangedui is, is kinders in Jesus se tyd sosiaal as minderwaardig beskou en het hulle geen aansien in die gemeenskap gehad nie. Kinders is maklik in dieselfde kategorie as slawe vermeld.

Dit is algemeen bekend dat Jesus Christus die status van kinders in die gemeenskap verander het. Malina *et al*. (1995:72) beskryf hierdie erkenning van kinders soos volg: "Kinders word dus tekenend van die feit dat rolle binne die koninkryk van God heeltemal omgeruil het. "

Jesus Christus het geweet hoe kinders as ondergeskiktes die lewe in die Mediterreense wêreld ervaar het. Tydens sy bediening sou Hy die algemene wanopvatting verander dat kinders net soos vroue en slawe ondergeskiktes was en dat hulle tot 'n lae sosiale stand behoort het. Die mees gepaste manier om kinders in die naam van Christus lief te hê, is om verwelkomend, ontvanklik en mededeelsaam te wees (Piper, 2007:2). Carroll (2001:122) evalueer die verandering wat Jesus in die

denkrigting van mense ná die koms van die Messias meegebring het as hy sê, “it is more stunning, therefore, that Jesus offers the child as paradigm for participation in God’s world. ”

Die woord “paradigm” kan op twee maniere vertaal word. Die skrywer kon enigeen van die twee betekenisse in gedagte gehad het, naamlik “verandering” of “verskuiwing” (vgl. die *Pharos woordeboek*). Die gevolgtrekking is dat daar ’n paradigmaverskuiwing in die algemene houding van volwassenes teenoor kinders plaasgevind het op grond van Jesus Christus se lering.

In die loop van sy lewe het Jesus se pad dikwels met dié van kinders gekruis (Van der Walt, 2006:207). Uit die beskrywing van die Skrif van Jesus se betrokkenheid by kinders blyk dit dat sy woorde en optrede teenoor hulle nie in ooreenstemming met die sosiale norme van die destydse kultuur was nie. Dit word gesien in die verskillende maniere waarop hy kinders in sy bediening as Messias betrek het, soos in die volgende gevalle:

- Hy het oor kinders gepraat soos in sy verwysing na hul optrede op die markplein (Matt. 11:16-19).
- Hy het hul versorging begryp soos blyk uit sy verwysing na kinders wat vroeg gaan slaap en eerste kos kry (Luk 11:7, Mark. 7:27).
- Hy het hulle aangeraak, opgetel en geseën (Mark. 10:14-16).
- Hy het hulle as voorbeeld voorgehou in sy lering oor die beginsel om die minste te wees (Mark. 9:36).
- Hy het hulle genees en demone uit hulle uitgedryf (Matt. 17:18).
- Hy het kinders uit die dood opgewek (Mark. 5:41-42) (Carrol, 2001:128-129; Freedman, 2000:235; Piper, 2007:1-2).

b) Bemoeienis van Jesus Christus met kinders

Hoewel kinders in die Hebreeuse tradisie as ’n seën van God beskou is, het hulle sosiale posisie nie daarvan getuig nie. Tydens die onderrig aan sy dissipels neem Jesus Christus sterk standpunt in teen die minagting van kinders (Matt. 18:10).

Hier moet ook daarop gewys word dat Jesus seuns en dogters anders benader het as wat Israel in die Ou-Testamentiese tyd gedoen het. In die Ou Testament word *dogters* en *seuns* apart genoem (Sag. 8:5); in die Nuwe Testament word van *kinders* gepraat (Matt. 21:15) (Malina *et al.*, 1995:71). Dit is moontlik dat die verandering wat die Messias in die posisie van vroue geïnisieer het, verder gevoer word om die siening van die rolle van seuns en dogters te verander.

Die narratief in Matteus 18:10-14 beskryf hoe Jesus Christus sy Nuwe-Testamentiese hoorders oor hulle opvatting van die kind se sosiale posisie aanspreek. In vers 10 waarsku Hy hulle eksplisiet teen die minagting van kinders en direk daarna volg 'n verwysing na die Ou-Testamentiese gedagte dat die engele van die kinders oor hulle die wag hou in die teenwoordigheid van die Hemelse Vader (Ps. 91:11 en Eks. 23:20). Die gelykenis van die verlore skaap, wat direk op bogenoemde gedeelte volg, word afgesluit met Jesus se woorde dat dit nie die wil van hul Vader in die hemel is dat één van die "kleinstes" (NIV "little ones") verlore sal gaan nie.

c) Moet hulle nie verhinder nie

Matteus 19:13-15, Lukas 18:15-17 en Markus 10:13-16 beskryf die gebeure waar die dissipels aandui dat hulle bogenoemde vermaning van Jesus oor kinders nie verstaan het nie (Carroll, 2001:129).

Die Meester was saam met sy dissipels in 'n huis waar hulle vrae oor egskeiding verder kon bespreek. Die Messias was bekend daarvoor dat Hy 'n geneser van kinders was. In hierdie gedeelte is daar egter geen sprake van siekte of genesing nie (Carroll, 2001:128). Ouers het hul kinders na Hom gebring sodat Hy hulle kon seën. Ons kan dus aflei dat die ouers en kinders wat Hom gevolg het, Hom as 'n kindervriend beskou het. Die ouers kry egter sterk teenkanting van die dissipels, wat hulle nie beslis nie verwag het nie.

Marty (2007:75) skryf dat Jesus se dissipels hul Meester teen uitputting wou beskerm, maar die skrywer ondersoek ook die moontlikheid dat hulle in beheer van die situasie wou bly. Die dissipels verjaag die mense en die Messias hoor dit. Jesus Christus vermaan die dissipels en dring daarop aan dat hulle die kindertjies na Hom toe moet bring. Hierdie is een van die twee voorvalle waar Hy "woede" demonstreer het. Die Griekse woord wat sy reaksie beskryf, dui aan dat Hy emosioneel ontsteld was (Lester, 1985:39; Marty, 2007:75). Jesus Christus verdiep sy band met die kinders deur 'n fisiese handeling. Hy lê sy hande op hulle, neem hulle in sy arms en spreek 'n seën oor hulle uit. Waar die dissipels moontlik nog gedink het aan krag en gesag, neem hul Leermeester die leiding en voeg sý daad by sý woord (Carroll, 2001:129; Van der Walt, 2006:207).

3.2.5.3 Eksegetiese beslissings

Janse van Rensburg *et al*. (2011:16) stel dat navorsing eksegetiese beslissings moet bevat. In eksegese kan Skrifgedeeltes ook simbolies vertolk word. Dit geld ook vir perikope soos die bogenoemde. Hierdie moontlikheid is reeds in Hoofstuk 1 bespreek. Van der Walt (2006:169) wys sy

lesers egter daarop dat hulle versigtig moet wees om nie vergesogte afleidings uit subtiele nuanses in die evangelies te maak nie. Dit sou goed wees om die volgende menings te ondersoek:

- Allison (2004:295) is van mening dat Matteus 18:1-14 ’n morele onderrig oor verhoudings tussen kerke of gemeentelede beskryf. Hy grond sy beskouing op die woord “kleinstes” wat volgens sy mening die oorgang van kinders na gelowiges aandui. Allison stel verder daar ’n oorgang van die letterlike na die figuurlike betekenis in hierdie perikoop is. Die eerste perikoop (vers 1-5) gaan letterlik oor kinders, terwyl die tweede gedeelte (vers 6-14) oor gelowiges gaan. Die woord “glo” in vers 6 dui die oorgang aan (Allison, 2004:297).
- Vosloo en Janse Van Rensburg (1999:1156) skryf dat Matteus nie werklik kinders in die gedeelte (vers 6-14) bedoel nie, maar volwassenes wat in die Messias glo. Die skrywers sê verder dat die perikoop in ’n dieper sin na die gemeentes en hulle lidmate te verwys. Die navorser meen dat hierdie verduideliking te eensydig is.
- Pretorius (2000:30) teken aan dat die gedeelte in Matteus 18:1-9 in kinderwerk in ag geneem behoort te word. Dit is duidelik dat Pretorius van sommige teoloë verskil oor die verklaring van bogenoemde gedeelte. Die beskrywing is volgens hom nét op kinders van toepassing.
- Blomberg (1992:273) is van mening dat Matteus 18:6-14 na die enigste ware dissipels verwys, veral die wat stemloos of onbeduidend is. Blomberg (1992:274) steun die siening dat die frase, “Wie in my glo,” slegs na dissipels verwys.
- Vosloo en Janse van Rensburg (1999:1156) verduidelik dat die verwysing na engele aan die gedeelte die betekenis verleen dat dit oor volwassenes gaan wat maklik in hul geloof struikel.

Nog ’n gedeelte waaroor daar besin moet word, is Matteus 10:42, waarin daar van die “geringste” gepraat word. Die verklaring dat sendelinge daarmee bedoel word, is verstaanbaar, aangesien sending die tema van die gedeelte is waaruit die teks kom. Volgens E-sword verskyn dieselfde Griekse woord in albei die oorspronklike geskrifte van die teksgedeeltes – Matteus 10:42 en Matteus. 18:1-14. Vir sommige eksegete is dit ’n verdere aanduiding dat laasgenoemde gedeelte oor volwassenes handel.

In die konteks van hierdie studie het die navorser besluit dat die beslissings hierbo nie nuttig is nie. Daar kan nie afgelei word kinders *slegs* metafories vir gelowiges, gemeentes of gemeentelede gebruik word op grond van die woorde “die wat glo” in die gedeelte nie.

Dit is waar dat Jesus die nederigheid en geringheid wat gelowiges oor moet beskik verduidelik aan die hand van kinders se aard en optrede in die Matteus-beskrywings. Ons sou verder kon sê dat Hy aan nederige en geringe gelowiges net soveel liefde bewys as aan die kindertjies wat hy nader geroep het. Wat egter vir hierdie navorsing ter sake is, is dat die kindertjies van wie Matteus vertel nie denkbeeldige storiekarakters is nie, maar dat hulle werklike kindertjies in die destydse samelewing was. Hy het hulle nader geroep en in sy arms toegevou en hulle geseën. Dit is 'n baie belangrike gegewe, want dit leer ons dat kinders, wat sosiaal minderwaardig geag is, vir Jesus só belangrik was dat hy hulle as 'n voorbeeld voorgehou het vir mense wat in sy koninkryk wou ingaan. Om die rede moet sosiaal-gestremde kinders vandag met die toewyding en liefde van Jesus Christus pastoraal versorg word.

Deel Twee

3.3 Literatuurstudie van spelterapie

3.3.1 Inleiding

Soos wat in Hoofstuk 1 aangedui is, volg die navorser die interpreterende taak van Osmer in hierdie hoofstuk. Osmer (2008:83) verwys na die ondersoek na teoretiese kennis in ander wetenskappe in die interpreterende taak. Hierdie tweede gedeelte van die interpreterende taak bestaan uit 'n studie van die agtergrond en voorkoms van spelterapie soos dit in die sielkunde gebruik word. In hierdie hoofstuk sal daar na die hulpverlener as *die terapeut* verwys word, aangesien dit die term is wat kinderberaders in ander wetenskappe gebruik.

3.3.2 Die ontwikkeling en gebruik van spelterapie

3.3.2.1 Inleiding

Sedert die begin van die wetenskaplike bestudering van die mens se sielkundige funksionering, het daar beduidende relevante idees oor die benadering tot kinders ontstaan (Geldard & Geldard, 2008:25). Volgens Clinton *et al*. (2005:158) is daar reeds teen 1950 twaalf basiese teorieë deur verskillende sielkundedenkrigtings ontwikkel. Die skrywers onderskei tussen analises en terapieë. Volgens die VAW (Verklarende Afrikaanse Woordeboek) is 'n *analise* 'n "kritiese ondersoek", terwyl *terapie* as 'n "behandeling" beskou word. Die twee prosesse bestaan onderskeidelik uit die volgende onderafdelings:

- Klassieke psigoanalise, gedragsanalise en transaksionele analise
- Jung-terapie, rasioneel-emosionele terapie, eksistensieterapie, kognitiewegedragsterapie, Adleriaanse realiteitsterapie, mensgesentreerde terapie, Gestaltterapie, gesinsterapie en kontemporêre psigodinamiese psigoterapie

Vir die doel van hierdie navorsing word eerstens vasgestel hoe die kerndenkrigtings waaruit spelterapie ontwikkel het, tot stand gekom het. Die drie hoof- denkrigtings word aan die hand van ’n skematiese voorstelling verduidelik.

Skematiese voorstelling 1: Die drie belangrikste bewegings in psigologie ná 1900



3.3.2.2 Sielkundige denkrigtings

In die sielkunde het daar sedert 1880 drie basiese teorieë waaruit spelterapie voortgevloei het, ontstaan. Die motivering vir die onderskeiding van drie bewegings lê daarin opgesluit dat Richard en Huprich (2009:310) mensgesentreerde humanistiese terapie 'n "Third Force" as 'n alternatief vir Freudiaanse psigoanalise en gedragsanalise noem.

Die drie wetenskaplike denkrigtings word ná die raadpleging van verskeie bronne opsommenderwys verduidelik. Hierdie samevatting skets die agtergrond waaruit spelterapie ontwikkel het:

a) Klassieke psigologie

Sigmund Freud word die vader van die psigoanalitiese benadering genoem omdat hy die eerste wetenskaplike was wat ondersoek ingestel het na die mens se onderbewuste. Freud het ontdek dat die onderbewussyn van mense hul gedrag beïnvloed. Ander aspekte van sy benadering is die volgende:

- Die mens se dryfkrag bestaan uit drie dele, naamlik:
  a) die *id* – die instink wat basiese behoeftes wil verseker,
  b) die *superego* – die aangeleerde stel waardes, soortgelyk aan die gewete en
  c) die *ego* – wat balans tussen die id en superego probeer verkry.
- Die mens se onderbewussyn ontwikkel verdedigingsmeganismes wanneer onopgeloste verskille tussen sy id en superego ontstaan.
- Die mens het 'n persoonlikheid.
- Geestelike probleme en angs spruit dikwels voort uit persoonlike belewenisse tydens die kinderjare.
- Die eerste verwysing na die begrip "transference" word gebruik. Dit gebeur wanneer die kliënt die hulpverlener as iemand anders beskou.
- Terapie wat uit vrye assosiasie bestaan, word toegepas. Die kliënt word aangemoedig om sy gedagtes te verbaliseer, waarna die terapeut, wat meestal passief is, emosies en effekte wat waargeneem was, terugvertel en analiseer.

Freud (1935:9) beskryf die basis van psigoanalise soos volg:

> "The division of mental life into what is concious and what is unconscious is the fundamental premise on which psycho-analysis is based."

Ander grondleggers van klassieke psigologie was Donald Winnicott, Carl Jung en Alfred Adler. Hierdie sielkundiges het egter almal mettertyd hul eie teorieë ontwikkel.

b) Gedragsanalise (Behaviorisme)

In teenstelling met die denkwyse van die psigoanaliste, beskou gedragsanaliste die *omgewing* as die deurslaggewende faktor wat die mens se gedrag bepaal. Gedragsanalise is gewortel in die eksperimente van Ivan Pavlov wat klassieke kondisionering (Pavlov, 1941:275) bestudeer het.

Klassifisering en meetinstrumente wat verskillende aspekte van die mens se ontwikkeling kon bepaal, het tot stand gekom. Dit is die volgende:

- Abraham Maslow het ’n hiërargie van die mens se basiese vyf behoeftes uitgewerk.
- Erik Erikson het agt ontwikkelingstadia van die mens geïdentifiseer.
- Jean Piaget het kognitiewe ontwikkeling- en morele waardesisteme geklassifiseer.

Gedragsanalise hou die volgende in:

- ’n Mens is die produk van sy kondisionering.
- Kliënte se gedrag word in sekere situasies waargeneem.
- Gedrag verander as gevolg van positiewe of negatiewe kondisionering en gedrags-modifikasie.
- Terapeute is betrokke by die terapie is en werk direk met mense.

Die uitkomste van gedragsanalise het bygedra tot nuwe werkwyses in die opvoeding en onderwys. B.F. Skinner is bekend daarvoor dat hy die teorieë in werksmetodes verwerk het (Geldard & Geldard, 2008:37). Watson het ook ’n groot bydrae tot gedragsanalise gelewer.

c) Mensgesentreerde humanistiese terapie

Soos reeds genoem, het die humanistiese beweging ontstaan as ’n reaksie op, of selfs as ’n teenvoeter vir die ander denkrigtings. Carl Rogers het die pionierswerk gedoen. Daar word gekonsentreer op die indiwidu se vrye wil wat aan hom die vermoë gee om te besluit of daar persoonlike groei en selfaktualisering gaan plaasvind (Rogers, 1942:9).

- Die onderliggende beginsel van hierdie humanistiese benadering is dat die mens sy eie identiteit bepaal deur die keuses wat hy maak.

- Die terapeutiese verhouding tussen die kliënt en berader is vooropgestel. Dit behels dat die terapeut ’n simpatieke, positiewe uitgangspunt behou, wat vertroue en ’n gevoel van veiligheid by die kliënt laat ontstaan en bevorder.
- Die kliënt bly verantwoordelik vir enige terapeutiese verandering.
- Die terapeut neem aktief waar en hy reflekteer sy waarnemings net aan die kliënt tydens sessies.

Fritz Perls het aanvanklik die Gestaltbeweging, wat uit hierdie benadering ontstaan het, begin. Daarmee verskuif die klem van die ontleding van gebeure in die verlede in die mens se onderbewuste na die hier-en-nou-bewustheid.

(Vgl. Cherry; Thompson *et al*., 2004:12-17, 76, 81, 98-100, 182-184, 235-237; Geldard & Geldard, 2008:26-37; Richard & Huprich, 2009:312; Schoeman, 2009a:43-46; *Oxford reference*.)

3.3.3 Spelterapie

3.3.3.1 Ontstaan van spelterapie

Die eerste pogings om kinders se spel waar te neem en gevolgtrekkings daaruit te maak, het in die tydperk van die klassieke psigologie begin.Landreth (2002:28) beweer dat terapeute probeer het om die teorieë wat suksesvol in terapie met volwassenes was, op kinders toe te pas. Sedert Anna Freud, die dogter van Sigmund Freud, begin het om kinders se spel psigoanalities te interpreteer, het daar baie benaderings tot spelterapie ontstaan (Thompson, *et al*., 2004:98; Lee, 2009:25).

3.3.3.2 Verdere historiese ontwikkeling van spelterapie

Anna Freud het aanvanklik gedink dat kinders se spel slegs hul onderbewuste uitbeeld (Freud, 1969:28). Daarna het sy begin om *aangepaste psigoanalise in kindersielkunde* te gebruik (Thompson *et al*., 2004:98; Geldard & Geldard, 2008:28).

Die verhouding wat tussen terapeute en kinders ontstaan, is baie belangrik. Anna Freud het dit begryp en veilige, liefdevolle verhoudings met die kind bewerkstellig. Haar doel was dat die kind van haar as terapeut afhanklik sou word en van haar hou (McMahon, 2009:56). In haar waarneming van kinders kon sy mettertyd sien dat spel ook ander elemente soos ontdekkingspel bevat en nie net analities geïnterpreteer moet word nie (Lee, 2009:33). Speelgoed en speletjies is gebruik om die kind gemaklik te laat voel en sy het kinders ook prente, stories en drome laat teken.

Dit wil voorkom of Melanie Klein die eerste persoon was wat op ’n *niedirekte* wyse met kinders gewerk het (Geldard & Geldard, 2008:29). Klein (1950:40) het geglo dat alle spel simbolies is en dat kinders hul ervarings op objekte soos speelgoed projekteer. Die speelkamers wat Klein vir terapie gebruik het, is versigtig beplan. Sy het selfs kinders se speelgoed tussen sessies in hul eie houers gebêre. Sy het ook saam met die kinders gespeel (Klein, 1950:55; Lee, 2009:37).

Die begrip “transference” is reeds in hierdie beginstadium van spelterapie deur Anna Freud en Klein waargeneem. Dit het gebeur wanneer die kind die terapeut as iemand anders ervaar. Die kind sal byvoorbeeld teenoor die terapeut optree asof sy die ouer is (Thompson *et al*., 2004:59). Donald Winnecot (Geldard & Geldard 2008:29-30)se bydrae sluit hoofsaaklik by hierdie waarneming aan. Hy was van mening dat die terapeutiese verhouding ’n voortsetting van die ma-kind-verbintenis is. Cattanach (2005:55) wys daarop dat Winnecot, anders as Anna Freud, geglo het dat simpatieke terapeute die kind na onafhanklikheid moes lei en nie die rol van ’n ouer behoort oor te neem nie.

Carl Jung was een van Sigmund Freud se tydgenote. Alhoewel hy nie ingestel was om met kinders te werk nie, is van sy beginsels deur ander kinderterapeute gebruik en verfyn (Geldard & Geldard, 2008:30). Die beginsel dat kinders wat simbolies speel en hul probleme onbewustelik op speelgoed, in sand, op kunsmateriaal en met klei projekteer, is deur Carl Jung geïnspireer. Margaret Lowenfeld (Cattanach, 2005:73) het begin om kinders aan te moedig om met behulp van klein objekte hul stories (wêreld) in die sandtafel uit te beeld. Sy het dit haar *wêreldtegniek* genoem. Hierdie konsef is steeds ’n uitstekende manier om die kind aan te moedig om sy wêreld te beleef en te deur projeksie, te reguleer.

Alfred Adler was ook een van Freud se studente. Hy het hy sy eie werkswyses met kinders as *Adleriaanse spelterapie* begin. Hy het geglo dat mense interafhanklik van mekaar is (Geldard & Geldard, 2008:30). Die basis van Adler se teorie is dat die kind as sosiale wese gemotiveer word deur die behoefte om te behoort (Kottman, 2009:237). Hy het dus die wyer omgewing waarin die kind beweeg, in aanmerking begin neem. Die kind se optrede word grootliks gesien as ’n reaksie op ander mense se gedrag (Kottman, 2009:239). Die beginsel dat daar sekere konsekwensies moet volg na aanleiding van sekere gedrag, maak ook deel van sy teorie uit.

Carl Rogers het die fundamentele beginsels van kliëntgesentreerde terapie saamgestel (Sweeney & Landreth, 2009:123). Hy het geglo dat die kliënt die vermoë besit om self by die oplossings van sy probleme uit te kom. Die terapeut moet ingestel wees op die tekens wat die kliënt deur middel van

projeksies en vertellings gee. Wanneer daar met kinders gewerk is, is dit *kindgesentreerde terapie* genoem.

Virginia Axline het haar beginsels in kinderterapie by Carl Rogers geleer (McMahon, 2009:51). Sy het die oorspronklike beginsels van die *niedirekte spelterapie* saamgestel (Ryan, 2009:188). Axline se klassieke verhaal van ’n seuntjie wat deur haar in spelterapie begelei is, het ’n nuwe benadering in spelterapie voorgestel. Haar boek *Dibs* (1990), wat hierdie niedirekte kindgesentreerde metode beskryf, word vandag steeds as basis in hierdie spelterapiebenadering gebruik. As terapeut het sy die beginsels wat sy in haar boeke voorgestel het, met groot sukses toegepas. Hierdie beginsels van Axline (1993:73-74) behels die volgende:

- Die terapeut moet so gou moontlik ’n warm, vriendelike verhouding met die kind vestig.
- Kinders word aanvaar net soos hulle is.
- ’n Houding van permissiwiteit by die terapeut sal die kind die vryheid gee om aan enige emosie uiting te gee.
- Die emosie van die kind moet erken word en op so ’n manier aan die kind terugverwoord word, dat die kind dit kan insien.
- Die terapeut moet die vermoë van die kind om probleme self op te los, respekteer.
- Die terapeut moet die kind toelaat om self die rigting van aksies en gesprekke te bepaal.
- Die terapeutiese proses moet nie gejaagd wees nie.
- Beperkings word slegs gestel om die kind te herinner aan sy verantwoordelikheid in die verhouding.

Die spelterapiebeweging het sedert die navorsing en werk van Axline momentum gekry.

Vanaf 1920 het daar heelwat publikasies oor die gedragsanalise (behaviorisme) en studie van die behoeftes en ontwikkeling van mense die lig gesien. *Maslow se hiërargie van die mens se behoeftes* is bekend gestel. Kneisl *et al*. (2004:36) noem en beskryf die vyf behoeftes van ’n mens in die volgorde van noodsaaklikheid soos volg:

1	Fisiese behoeftes –	voedsel, water, slaap, suurstof en seksuele uitdrukking.
2	Veiligheid –	vermyding van skade, behoud van sekuriteit, orde en fisiese veiligheid.
3	Liefde en beloning –	die gee en ontvang van affeksie, kameraadskap en identifisering met ’n groep.

4	Waarde en erkenning –	eiewaarde, respek vir ander, sukses met werk en aansien.
5	Selfaktualisering –	die vervulling van die eie unieke potensiaal.

Erik Erikson (Kneisl *et al.*, 2004:33) het die mens se ontwikkeling in agt fases ingedeel. Dit word soos volg uiteengesit:

0-18 maande	Babastadium
18 maande-3 jaar	vroeë kinderjare
3-5 jaar	laat kinderjare
6-12 jaar	skoolgaande ouderdom
12-20 jaar	Adolessensie
18-25 jaar	jong volwassenheid
25-65 jaar	Volwassenheid
65-afsterwe	65-afsterwe

Jean Piaget (1977:13-15) het bevind dat die kind sekere gedrag en vaardighede in elke lewensfase bemeester. Hy het kinders se *kognitiewe ontwikkeling* bestudeer en 'n model daarvoor saamgestel (Geldard & Geldard, 2008:31-33). Hierdie vier kognitiewe ontwikkelingsfases volg op mekaar totdat die kind uiteindelik volwasse denke bemeester. Sadock en Sadock (2007:133-135) sit die fases soos volg uiteen:

a) Neonatale periode: Sensories- motoriese fase (geboorte – 2 jaar)

Die baba en peuter leer deur die sintuie. Die omgewing word waargeneem en dan gekontroleer met motoriese (fisiese) handeling. Dit lei tot aktiwiteite wanneer die omgewing ontdek word en die kind leer om sy omgewing te manipuleer.

b) Kleuterjare: Pre-operasionele fase (2-7 jaar)

Die kleuter is egosentries, en nie in staat om logies te dink of afleidings te maak nie. Begrip vir oorsaak en gevolg ontwikkel. Die kleuter sal byvoorbeeld begin leer dat 'n glas die potensiaal het om te breek as dit sou val.

c) Middelkinderjare: Konkrete operasionele fase (7-11 jaar)

Kinders reageer op die konkrete wêreld soos hulle dit ervaar. Beperkte logiese gedagteprosesse ontwikkel. Ordening en groepering word verstaan en toegepas. Die middeljarekind kan dus klassifikasie volgens gemeenskaplike eienskappe toepas. Redenasievermoë ontwikkel. Omdat reëls en regulasies gevolg kan word, behoort die kind se morele waardesisteme te ontwikkel.

d) Adolessensie: Formele operasionele stadium (11 jaar en ouer)

In hierdie stadium begin die kind die vermoë om abstrak te dink, te ontwikkel. Hulle kan mettertyd op ’n formele, logiese, sistematiese en simboliese manier redeneer.

Bogenoemde meetinstrumente het tot gevolg gehad dat die kind se basiese behoeftes, ontwikkelingsfases en vermoëns sedertdien in ag geneem kan word terwyl die kind terapie ontvang. Thompson *et al.* (2004:15) benadruk die beginsel dat effektiewe beraders goed ingelig moet wees oor die kind se verwagte mylpale en dit deurlopend in ag moet neem wanneer hulle met die kind werk.

John Bowlby het die teorie van *binding* of *skakeling* (“attachment”) die lig laat sien. Hierdie studies oor die baba-ouer-verhouding het nuwe werkswyses en modelle vir terapie met kinders laat ontstaan (Cattanach, 2005:55). Bowlby het bewys dat die skakeling tussen kinders en hulle ma kritiek belangrik is vir ’n kind om emosioneel veilig en sosiaal aangepas te voel. *Theraplay* is gestruktureerde spelterapie wat kan help om die binding en verhoudings tussen ouers en kinders te herstel. Geen speelgoed word gebruik nie. Speletjies en interaksie vorm die basis van die terapie (McMahon, 2009:50; Schoeman, 2009a:46). Ann Jernberg het hierdie benadering om gesinne te help om weer by mekaar betrokke te raak, tot volle groei gebring (Booth & Jenberg, 2010).

Violet Oaklander was een van Fritz Pearl se studente. Sy het die *Gestaltteorieë* op kinders toegepas (Carroll, 2009:284). Haar boek, *Windows to Our Children*, word as ’n klassieke bron deur alle Gestaltterapeute gebruik. Oaklander het fantasie op ’n indirekte wyse in kinderwerk begin gebruik om die onnoembare of verskuilde probleme te laat projekteer (Geldard & Geldard, 2008:36).

William Glasser was die grondlegger van *realiteitsterapie* (Thompson *et al*., 2004:110). As student het hy die beginsels van Freud teëgestaan en mettertyd die realiteitsteorie gevestig. Sy siening het daaruit bestaan dat sielkundige probleme ontstaan wanneer ’n persoon se basiese behoeftes nie bevredig word nie. Glasser het kinders se onverantwoordelike gedrag gesien as ’n manier waarop

hulle probeer om hul onvervulde behoeftes uit te druk. Thompson *et al.* (2004:111) noem die basiese behoeftes wat Glasser voorstel op: *oorlewing*, *vryheid*, *mag*, *pret* en *liefde*.

Narratiewe terapie, soos wat Michael White en David Epson hul teorie beskryf, bestaan uit die gebruik van stories, wat die kind help om probleme te hanteer (Geldard & Geldard, 2008:41).

Tydbeperkende spelterapie is deur De Shazer ontwikkel. Dit is terapie wat in ’n kort tyd afgehandel kan word (Geldard & Geldard, 2008:40).

Jerome Berryman het *Godly play* ontwikkel. Godly play word gebruik om kinders na afloop van Bybellesse die geleentheid te gee om hul eie interpretasie van ’n verhaal in spel uit te beeld. Speelgoed soos Bybelfigure en artikels wat in daardie tyd gebruik is, asook kunsmateriaal, word in ’n speelkamer beskikbaar gestel. Alhoewel hierdie metode nie noodwendig ’n teorie vir spelterapie insluit nie, kom dit voor of dit suksesvol gebruik word om kinders te help om deur spel hul gevoelens en probleme te hanteer (Graham, 2007:7).

Dit is bekend dat spelterapeute die benadering wat hulle ken en wat hulle suksesvol gebruik, toepas (Geldard & Geldard, 2008:43). Die behoefte van kinders verskil. Die spelterapeut het gewoonlik opleiding in en kennis van verskeie spelterapiebeginsels. ’n Terapeut sal ook weet dat elke kind se belewing van sy wêreld uniek is. Deur kennis te hê van al die teorieë en ontwikkelingsfases wat die kind al moet bemeester het, kan die terapeut die regte metode gekies. ’n Sesjarige kind wat sy ma deur die dood verloor het, kan byvoorbeeld nie deur gedragsanalise terapie ontvang nie. Net so behoort ’n seuntjie wat jaloers is op ’n nuwe baba in die gesin nie tydbeperkende spelterapie te kry nie.

Die volgende skematiese voorstelling toon aan hoe spelterapie uit die psigologie ontwikkel het. Dit is opvallend dat ál die bewegings deur vroue begin is.

Skematiese voorstelling 2: Die oorsprong van die belangrikste spelterapiebewegings



3.3.4 Wat is spelterapie?

3.3.4.1 Inleiding

Kinders floreer en groei in ’n atmosfeer van liefde, sekuriteit en ’n gevoel dat hulle êrens behoort (Axline, 1993:14). Om te speel, is die kind se manier om hom uit te druk en betekenis te gee aan ’n wêreld wat soms deurmekaar en pynlik kan wees. Kinders kommunikeer hul innerlike belewenisse deur kreatiewe uitbeelding en spel. Die rede hiervoor is heel waarskynlik dat ’n kind nog nie oor die kognitiewe en verbale vermoëns van ’n volwassene beskik nie. Hulle kan dikwels die taal wat hulle hoor, memoriseer en gebruik sonder om werklik te weet wat hulle sê (Sweeny, 1997b:25; Sharry, 2005:57; Gill, 2006:12; Collins, 2007:225; Chesley *et al.*, 2008:399; Geldard & Geldard, 2008:5).

Volgens O’Conner en Braverman (2009:vii) het daar het in die jongste verlede baie publikasies oor spelterapie verskyn. Hierdie twee skrywers vergelyk tien modelle met mekaar, terwyl Kottman (soos aangehaal deur O’Conner & Schaefer, 1994:3-143) tussen ses verskillende benaderings in die spelterapie onderskei:

- Adleriaanse spelterapie
- Tydbeperkende spelterapie
- Ekosistemiese terapie
- Dinamiese terapie
- Kognitiewegedragsterapie
- Gestaltspelterapie

Vir die doel van hierdie studie sal die navorser slegs die denkrigtings in spelterapie bespreek waarmee sy vertroud is. In 3.6.3 word ander bewegings kortliks beskryf. Die redes vir die beskrywing van Gestaltterapie en niedirekte kindgesentreerde spelterapie is die volgende: Die navorser is opgelei in die gebruik van niedirekte kindgesentreerde spelterapie en Gestaltspelterapie. Aspekte van albei denkrigtings is in haar kwalitatiewe navorsing toegepas. Uit ondervinding weet sy dat daar uitsonderlike gevalle is waar alternatiewe benaderings gebruik moet word, byvoorbeeld tydbeperkende spelterapie en kognitiewegedragspelterapie. Die teorieë van sekere spelterapie-bewegings is volgens die navorser nie geskik om deur 'n pastorale berader gebruik te word nie en sal dus nie bespreek word nie.

3.3.4.2 Wat is spel?

Om te speel, is lekker. Daar is ook 'n element van fantasie in spel. Enige volwassene wat kinders dophou terwyl hulle speel, word aangeraak deur die eenvoud en vryheid van 'n kind se spel. Die *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* se alternatiewe woorde vir *speel* is "vermaak, aangenaam besig hou en lig en vry beweeg". Privett (2009:104) verbind die spel van kinders met *ekstase*, *kreatiwiteit*, *ontdekking* en *vreugde*. In teenstelling met hierdie positiewe eienskappe, beweer Privett dat *verleiding*, *uitputting* en *onverantwoordelikheid* ook met spel gepaard kan gaan. Pridmore (2009:199) vergelyk die spel van kinders met die lewe *in oorvloed*: "In childhood life is never lived more abundantly than in play." Die spontane spel van kinders bevat 'n element van oorvloed. Pridmore (2009:200) verbind die genot en volheid van kinderspel met die belofte van 'n oorvloedige lewe wat in Johannes 10:10 voorgestel word: "Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed."

Spel is kreatief. 'n Teologiese aspek van spel is volgens Berryman *'n manier hoe 'n mens kontak met sy Skepper maak* (Collicutt, 2009:95). Wanneer 'n mens speel, maak hy hom los van alles wat hom bind. Die speler gee hom oor aan 'n staat van kommerloosheid.

Soos daar reeds in hierdie studie aangetoon is, behels spel veel meer as die ooglopende genot wat dit meebring. In die lewe van 'n kind word die vermoë om te kan speel, verloor wanneer emosionele en geestelike probleme oorheers. Melanie Klein het geglo dat alle spel simbolies is (Geldard & Geldard, 2008:29). Dit is vandag bekend dat dit nié die geval is nie. Spel kan sensories, kreatief, fisies, sosiaal, simbolies, verbeeldingryk, pretensieus, ontdekkend, konstruktief of funksioneel wees (McMahon, 2009:18-28; Sturgess, 2009:23). McMahon dui oortuigend aan hoe die tipe spel van kinders mettertyd verander soos hulle ontwikkel en groei. 'n Baba speel byvoorbeeld met 'n

plastiekdiertjie deur dit eers in sy mond te druk, te proe en dan te manipuleer. ’n Kleuter sal dit gebruik om dit saam met ander speelgoed op mekaar te pak, te stoot of mee te gesels. Die hoe, waar en wat van ’n kind se spel word deur verskillende aspekte soos die kulturele milieu, omgewing, tydperk, hulpbronne, tyd en lewensomstandighede bepaal (Sturgess, 2009:23). Kinders wat in welgestelde areas woon, speel met elektroniese en gesofistikeerde speelgoed, terwyl kinders in ’n plakkerskamp met stokkies, klippe en draad speel.

Stagnitti en Cooper (2009:16) definieer *spel* as “...’n komplekse menslike gedrag wat die kind se emosionele, motoriese, sensoriese, kognitiewe en sosiale vermoëns insluit.” Vir Oaklander (1988:160) is die speelaktiwiteite van kinders beslis veel meer as ligsinnige plesier. Sy sê spel is “’n ernstige, doelgerigte besigheid waardeur kinders elke dag verstandelik, fisies en sosiaal ontwikkel.”

As volwassenes deur die oë van ’n kind na die wêreld sou kyk, kom daar ander sienings op die voorgrond. Landreth (2002:9) beskou spel en aktiwiteit as die natuurlike kommunikasievorm van kinders. Een van die eienskappe van spel is dat daar ’n binding of ’n konneksie tussen die speelmateriaal en die innerlike wêreld van die self en ander plaasvind (Privett, 2009:107).

3.3.4.3 Die waarde van spel

Kinders wat speel, kom sorgvry voor. ’n Studie van die dieper nuanses van kinderspel toon nuwe gesigspunte aan. Vir die kind is speel ’n manier om sin uit die wêreld te maak. McMahon (2009:6) haal Erikson aan wat beweer dat die meeste wat ’n kind sal waag, is “to play it out” – die mees natuurlike, selfgenesende terapie vir ’n kind. Erikson (1980:89) beskryf die waarde van spel vir die terapeut: ”In watching a child play, the trained observer can get an impression of what it is the child is ‘thinking over...’” Wanneer speelhulp ter sprake kom, word spelterapie aanbeveel (McMahon, 2009:21).

McMahon (2009:5) vergelyk spelterapie met die manier hoe volwassenes ’n nuwe konsep soos byvoorbeeld ’n rekenaarprogram begin bemeester. Kennis word opgebou deur daarmee te speel. Die speelaksie sal die persoon laat ontspan terwyl hy met die program vertroud raak.

Alle mense neem tyd om ’n onaangename ondervinding *te verteer* of *te oordink*. Die onaangename herinneringe word in die gedagtes verwerk en beheer. Daarna sal die persoon die ondervinding logies kan verwoord. Die probleem dat kinders nie soos volwassenes deur blote verbale kommunikasie terapie kan ontvang nie, word gereeld aangedui in die literatuur. Omdat die kind se wêreld uit die konkrete bestaan, kommunikeer kinders deur spel (Landreth, 2002:9).

Om te kan ontwikkel en emosioneel gesond te bly, is dit vir kinders nodig om te speel. Cooper (2009:33) veronderstel dat alle ouers, terapeute, kinderwerkers en onderwysers behoort te weet dat kinders hul deur spel uitdruk. Kinders se probleme word ook dikwels deur middel van spel opgelos. Volgens Stagnitti en Cooper (2009:17) bestaan daar 'n groot behoefte aan 'n beter begrip en kommunikasie oor die waarde van spelterapie. Die skrywers is van mening dat volwassenes wat kinderwerk doen, nie noodwendig die omvang van spelterapie begryp nie.

3.3.4.4 Verduideliking van die konsep "spelterapie"

Volgens die kognitieweontwikkelingsmodel van Piaget kan 'n kind abstrak begin redeneer as hy sewe tot elf jaar oud is. Landreth (2002:15) verwys ook na die navorsing van Piaget en benadruk dat kinders nie die kognitiewe en verbale vermoëns besit om hul gevoelens in taal uit te druk nie. Kinders in hierdie konkrete ontwikkelingsfase word deur Andrews en Marotta (2005:39) "preverbal children" genoem. Dougherty (2006:82) bevestig dat kinders se vermoë om hul verbaal uit te druk eers in die konkrete ontwikkelingsfase ontwikkel. 'n Kind wat as gevolg van sy kognitiewe ontwikkeling nie in staat is om te verstaan wat gesê of verduidelik word nie, moet gehelp word om die omvang van sy emosies en ervarings op 'n ander manier of in 'n ander taal weer te gee. Landreth (2002:9) beskou spel en aktiwiteit as die natuurlike kommunikasievorm van kinders.

Die beginsel dat speel 'n simboliese taal is, word dikwels soos 'n refrein deur skrywers en navorsers herhaal. Wanneer daar na hulpverlening aan kinders met emosionele en gedragsprobleme verwys word, tree spelterapie telkens op die voorgrond.

Kinders projekteer hulle ondervindings op speelgoed (Cattanach, 2005:17). Die uitdrukking dat *speelgoed die woorde en speel die taal* is van kinders om hul mee uit te druk, word dikwels deur kenners gebruik (Cattanach, 2005:3; Sweeney, 2002:550; Gayle *et al.*, 2008:399). Geldard en Geldard (2008:5) brei die beginsel verder uit wanneer hulle redeneer dat kinders oor die algemeen die hantering van delikate kwessies sal ontwyk en nie maklik daaroor praat nie. Sweeney (1997a:47) versterk die argument deur te skryf dat daar nie van mishandelde kinders verwag kan word om hul ervaring te beskryf in 'n taal wat hulle nie verstaan nie.

Navorsing het duidelik aangetoon dat kinders oor die algemeen nie hul probleme in gesproke taal kan verwoord nie; hulle kry dit makliker reg in spel.

3.3.4.5 Wanneer word speel "terapie"?

Dit word oor die algemeen aanvaar dat trauma verwerk moet word om die impak wat dit op die indiwidu se algehele funksionering het, te verminder. Cattanach (2005:13) haal Singer aan wat die aard van spelterapie soos volg verduidelik: "Children, through make-believe transactions, will reveal either directly or in some symbolic form, their conflicts, unresolved wishes and fears."

Daar kan dus aangeneem word dat 'n kind sy slegte ervarings sal uitspeel. Die kind sal onbewustelik en herhaaldelik probeer om die gebeure op 'n beheerbare miniatuurvorm oor te plaas en so die effek van woede, nood, hartseer of vernedering probeer verminder (Cattanach, 2005:13). Hierdie proses word *projeksie* genoem. Oaklander (2007:29-30) noem projeksies uitdrukkings wat metaforiese verteenwoordiging aan die kind se lewe gee.

3.3.4.6 Spelterapie gedefinieer

Daar bestaan baie definisies van *spelterapie*. Die G*eneeskundewoordeboek* sê dit is '"n tipe psigoterapie in kinders waar hulle self onderliggende probleme en fantasieë aan die lig bring terwyl hulle met poppe en ander speelgoed speel, of teken." Hierdie definisie is volgens die navorser slegs gedeeltelik waar. Spelterapie bestaan uit baie meer as bloot 'n "tipe psigoterapie". Axline (2000:15) gee die verantwoordelikheid vir herstel aan die kind self wanneer sy spelterapie beskryf as '"n geleentheid wat aan die kind gegee word om in die mees gunstige toestande te groei." Dit is die opinie van die navorser dat die mees omvattende beskrywing die definisie van Webb (1991:27) is, naamlik:

> "Play therapy is a psychotherapeutic method, based on psychodynamic and developmental principals, intended to help relieve the emotional distress of young children through a variety of imaginative and expressive play materials such as puppets, dolls, clay, board games, art materials and miniature objects."

Die navorser beskou dit belangrik om enkele wanopvattings oor spelterapie te verduidelik. Dit is nie:

- volwasse kognitiewe terapie wat die gebruik van speelgoed insluit nie;
- ontspanningspel voordat terapeutiese gesprekke begin nie;
- gesinsberading waar kinders teenwoordig is nie.

Spelterapie is 'n unieke metode wat opgeleide volwassenes kan gebruik om op die vlak van die kind berading aan te bied.

3.3.5 Die praktiese hulpbronne in spelterapie

3.3.5.1 Die spelterapeut

Enige persoon wat van kinders hou en dit geniet om tyd saam met hulle te deur te bring, is nie noodwendig ’n spelterapeut nie. Intensiewe opleiding aan ’n erkende instansie word vereis om as terapeut te kan praktiseer. Die opleiding sluit teoretiese opleiding en praktiese werk in.

Die spelterapeut bepaal hoe effektief die verhouding tussen die terapeut en kind sal ontwikkel. Dit is belangrik om reg aan die begin van die terapie ’n gemaklike vertrouensverhouding met die kind te vestig (Cattanach, 2005:52; Cooper, 2009:219). Met die eerste ontmoeting behoort die terapeut fisies na die kind se oogvlak te beweeg, vriendelik te glimlag en op die kind te konsentreer. Die terapeut moet die kind uitvra en aktiwiteite gereed hou sodat die kind kan ontspan.

’n Terapeut moet spontaan, vriendelik, betroubaar, stabiel en emosioneel volwasse wees (Geldard & Geldard, 2008:18; Schoeman, 2009a:29). Daar moet gewaak word om nie superieur en evaluerend voor te kom nie. Indien die terapeut nog in voeling met die eie innerlike kind in haar is, sal die kliënt dit herken en ontspan. Die terapeut wat die kind se onsekerhede en twyfel kan herken, sal die vrese in die kind se lewe verstaan (Cattanach, 2005:52).

Spelterapeute moet die vermoë om emosioneel afstand te neem, ontwikkel. ’n Terapeut wat nie hierdie vermoë aangeleer het nie, sal nie objektief met die kind kan werk nie en uiteindelik uitbranding beleef. Een van die beginsels wat die navorser tydens opleiding in Gestaltspelterapie geleer het, is dat die terapeut *nie die kliënt se lewe kan verander nie*. As hierdie beginsel deurlopend in gedagte gehou word, sal afstand van kliënte behou kan word. Dit is belangrik dat die terapeut bewus te bly van persoonlike insigte wat sy na die speelkamer bring. Sy moet daarteen waak dat dit inmeng met die proses van die kind. Soms kan die terapeut betrokke raak by die ouers of voogde se emosies en gedagtes, wat ook ’n obstruksie in die terapie kan bring. Dit is dus waardevol om vroegtydig vir ouers en voogde die nodige grense te stel. Die terapeut moet duidelik uitstip wanneer en hoe kommunikasie kan plaasvind en by vasgestelde tye hou. Ouers en voogde behoort te weet dat die terapeut terugvoer sal gee wanneer dit gepas is. Dit is baie belangrik om ten alle tye eerlik en direk met die ouers te praat.

Supervisie verseker verantwoordbaarheid. Die terapeut wat sukkel om haar te distansieer, kan ontlaai deur verantwoording te doen teenoor ’n senior terapeut, gelykes of ’n werksgroep. Sodanige kontak met ander terapeute verseker aanmoediging, stimulasie en bring nuwe uitdagings (Cattanach

2005:67). Ndzuta (2009:23) som die doel van supervisie in die maatskaplike werk op deur te sê dat "the supervisor continuously seeks to educate and support the supervisees to grow to a level where they are confident and independent in their service rendering."

Hierdie beskrywing impliseer dat supervisie eerder kontrole as ondersteuning behels. Die navorser is egter van mening dat gelykes se supervisie geskikter in die beradingsveld is. 'n Werkgroep van gelykes sal gevalle hersien, kennis deel en verantwoordelikheid vir mekaar se professionele ontwikkeling aanvaar (Ndzuta, 2009:40). Mentorskap kan ook 'n rol hier speel.

3.3.5.2 Die speelkamer

Die ontmoetingsruimte van 'n terapeut en kind hoef nie noodwendig in 'n spesifiek toegeruste vertrek plaas te vind nie. Cattanach (2005:70) wys daarop dat daar 'n fisiese en psigiese ruimte tussen die kind en die terapeut bestaan. Spelterapie kan dus op enige plek wat gemaklik en veilig vir die kind is, plaasvind. 'n Klaskamer, kinderkamer, hospitaalbed, kantoor, tuin, of selfs 'n mat of kombers kan gebruik word (Axline, 1993:53; Cattanach, 2005:70).

Die speelkamer moet veilig wees en die kind moet nie bedreig voel nie (Axline, 1993:1). Die ligging van die speelkamer waar die spelterapie plaasvind, moet sodanig wees dat die aksies ander kliënte en personeel nie pla nie. Klankdigtheid verseker dat klank nie steur nie en gee ook die gevoel van vertroulikheid aan die kind. 'n Venster, 'n duursame en wasbare vloeroppervlak, mure in 'n neutrale, kalmerende kleur, 'n wasbak met lopende water en genoeg stewige rakke is die permanente toerusting wat aanbeveel word (Axline, 1993:53; Giordano *et al*., 2005:9; Landreth & Jones, 2005:10). Die speelkamer kan en mag nie soos in speelgoedwinkel lyk nie (Webb, 1991:37) omdat dit tot oorstimulasie lei. Kinders sal hul verbeelding begin gebruik wanneer hulle met min, eenvoudiger speelgoed speel.

3.3.5.3 Toerusting en speelgoed

Daar behoort 'n toegeruste pophuis, miniatuurmeubels soos 'n tafel en stoele, 'n sandtafel en 'n gemonteerde spieël te wees (Giordano *et al.*, 2005:10). Hieronder volg 'n lys van vaardighede en gebeure met die toepaslike toerusting en speelgoed daarnaas:

- Vaardigheid – konstruksiespeelgoed soos lego.
- Koestering – poppe, popkomberse, bottels, klere en sagte diere.
- Uitlating van aggressie – slaansak (pop), bokshandskoene, skuimrubber en vegmateriaal.

- Voorstelling van die werklikheid – miniatuurkombuistoebehore, gewere, soldate, voertuie, meubels, poppe.
- Kreatiwiteit – klei, papier, penne, kryt, gom en karton.
- Fantasie-uitlewing – juwele, klere, hoede, handpoppe en maskers.

Opvoedkundige speelgoed en speletjies maak soms ook deel van die toerusting uit. Daar moet gewaak word teen ’n oorvol speelkamer omdat dit vir die kind verwarrend is.

Die verskillende kunstegnieke en speelgebruike wat in spelterapie bestaan, word deur Gill (2006:69-96) “expressive therapies” genoem. Dit betrek aktiwiteite soos kuns- en handwerk, musiek, dans, drama, spel, skryf (van stories, gedigte en joernale) en sandspel.

3.3.5.4 Gebruik van die sandtafel

Sandspel word in die meeste spelterapeutiese benaderings gebruik. Dit gee aan die kind die geleentheid om ’n *simboliese uitbeelding* van sy ervarings in ’n veilige, beperkte spasie te maak. Kinders hoef dus nie te praat nie en druk hul ervarings deur middel van sandprojeksies uit (Geldard & Geldard, 2008:30).

De Domenico (1999:215) wys daarop dat sandspel sensories is. Die sand stimuleer die emosies, denke en die innerlike, intuïtiewe funksies van die kind se psige. Die kind word gevra om ’n wêreld of storie in die sand te maak. Daarna word miniatuurvoorwerpe gekies en in die sand gepak. Sand kan met veiligheid gegooi word, figuurtjies kan daarin begrawe word en dit kan ook as reën, water of ontploffings dien. Die kind vind iets in ’n speelding of klein voorwerpie wat ’n aspek van sy probleem simboliseer en situasies word herskep. Die sandtoneel is dus ’n spieël waarin die kind en die terapeut die innerlike van die kind gereflekteer sien (Cattanach, 2005:73; Geldard & Geldard, 2008:182).

Die spesifieke beginsels wat die terapeut toepas, bepaal die verloop van sessies. Sandtafelspel vereis die volgende:

- ’n Sandhouer van hout of plastiek van ongeveer ’n meter by ’n meter, twintig sentimeter diep, aan die binnekant blou geverf en waterdig. Dit kan op ’n tafel gemonteer word of plat op die vloer staan.
- Skoon, wit sand wat die helfte van die houer te vul en nie so fyn is dat dit stof maak nie. Die beskikbaarheid van water sal meer gebruiksmoontlikhede skep.

- Miniatuurspeelgoed wat verskillende mense, plante, huise, heinings, diere, voertuie, padtekens en algemene items insluit.

(Vgl. Cattanach, 2005:71; Geldard & Geldard, 2008:181.)

3.3.5.5 Die gebruik van musiek

Dit is bekend dat musiek terapeutiese waarde het (Oaklander, 2007:220). Musiek kan vir dans, ontspanning of selfuiting of as agtergrondmusiek gebruik word. Volgens Schoeman (2009b:20) kan klank waardevol tydens spelterapie wees.

3.3.5.6 Die toepassing van grense

Daar word duidelike en veilige grense in spelterapie gestel. Dit laat die kind veilig voel, terwyl hy besef die beheer om by die grense te hou, is in sy hande. Deur die grense te leer eerbiedig, sal die kind selfdissipline ontdek. Die terapeut neem die leiding in die stel van grense. Axline (1993:132) en Oaklander (2007:30) is van mening dat die grense gestel word soos die verloop van die sessie dit vereis, terwyl daar ander kenners is wat van mening is dat grense vóór die aanvang van die spelterapiesessie verduidelik moet word. Hierdie siening word deur Schoeman (2009a:31) onderskryf in die volgende bewering: “Grense kan die struktuur bied waarbinne die kind ook kan waag sonder dat hy as mens afgetakel word.” Grense word gestel vir die volgende aspekte:

- Hoe lank die sessie gaan duur, wat die mees voor-die-hand-liggende beperking is, moet aan die begin van sessies verduidelik word. Die duur van die sessie word nie verleng as die kind dit aanvra nie.
- Vernielsug.
- Fisiese veiligheid van die terapeut en kind.
- Onbehoorlike gedrag wat veroorsaak dat die spelproses gestaak word.
- Speelgoed wat in die speelkamer moet bly.

(Vgl. Axline, 1993:128; Schoeman, 2009a:31-32; Sweeney & Landreth, 2009:133.)

3.3.6 Algemene riglyne vir spelterapeute

Dit is vanselfsprekend dat die optrede van terapeute in verskillende situasies sal wissel.

Die kind in nood wat deur ’n volwassene begelei word, moet op sý fisiese vlak ontmoet word. Sweeney (1997:4) verduidelik dat ’n kind wat van onder af opkyk na ’n volwassene gekonfronteer

word deur ’n groot reus met ’n klein koppie. Dit is dus belangrik om oogkontak met die kind te maak en ’n meelewende gesigsuitdrukking te hê.

Axline (2000:15) noem die ontmoeting tussen die terapeut en die kind ’n “growing ground” waar die kind veilig en in beheer van die situasie kan voel. Die kind se leiding moet sonder kritiek, met respek en waardigheid behandel word. Die kind bepaal die tempo van die spelterapie (Webb, 1991:38).

3.3.7 Spelterapiebewegings

Soos wat reeds in 3.3.1 genoem is, sal hoofsaaklik twee benaderings intensief in hierdie studie bespreek word, naamlik:

- Niedirekte kindgesentreerde spelterapie en
- Gestaltspelterapie.

Daar bestaan tans baie verskillende soorte spelterapieë. Die rede vir die diepgaande bespreking van slegs twee rigtings is dat die navorser opleiding in hierdie twee terapieë ontvang het en in die praktyk die voor- en nadele van albei waargeneem het.

Spelterapie kan direk of indirek plaasvind. Wanneer die terapeut die verantwoordelikheid vir leiding en interpretasie neem, is spelterapie direk. Tydens niedirekte spelterapie word die verantwoordelikheid van die leiding en die interpretasie aan die kind oorgelaat (Axline, 1993:9; Geldard & Geldard, 2008:69).

3.3.7.1 Niedirekte kindgesentreerde spelterapie

Nie-direkte kindgesentreerde spelterapie het uit psigoterapie wat op kinders toegepas is, ontstaan. Virginia Axline is die baanbreker van hierdie beweging. Volgens Ryan (2009:188) word haar voorgestelde riglyne en praktiese beginsels vandag steeds gevolg. Sweeney en Landreth (2009:123) verwys na hierdie metode as ’n *filosofie* wat die terapeut se houding en gedrag bepaal wanneer ’n verhouding met kinders aangeknoop word.

a) Grondbeginsels van niedirekte spelterapie

Die vertrekpunt van niedirekte spelterapie is daarop gebaseer dat *elke kind met die innerlike dryfkrag wat tot selfregulering lei*, gebore word. Daar word geglo dat daar ’n kragtige drang in elke kind teenwoordig is om hom te kan aktualiseer (Landreth, 2002:67). Onderhoude word afsonderlik met ouers of primêre versorgers gevoer en terugvoer oor die proses word gegee na die goeddunke

van die terapeut. Die kernbeginsels van die hulpverleningsproses in hierdie denkrigting kan soos volg opgesom word:

In sy geheel verkeer die mens altyd in ’n proses van ontwikkeling (Sweeney & Landreth, 2009:124). Kinders besit ’n natuurlike drang om *groot te wil word*. Hulle wil onafhanklik wees en hul eie rigting bepaal. Dit is hoe kinders groei. *Groei beteken voortdurende verandering*. In die kind se leefwêreld en omgewing is daar voortdurend ervarings en interaksie met ander. Dit beïnvloed die kind se fokus en uitgangspunte. Die kind se gedrag bly konsekwent met sy ontwikkeling tot hy beter en bevredigender gedrag aanleer. *’n Goed aangepaste kind is innerlik bewus van sy eie verantwoordelikheid en aanvaar eienaarskap vir sy eie keuses*. So ’n kind sal veilig voel as sy eie basiese behoeftes vervul word. Hierdie veilige gevoel gee hoop aan die kind (Axline, 1993:11-12).

Wanneer die kind probleme begin ervaar, bied hy *weerstand*. Die natuurlike vloei van groei en tevredenheid word dan geblokkeer. Die kind se groei stagneer. Dit lei tot irritasie en spanning by die kind wat hom in sy eie wêreld laat inkruip en onttrek. *Die kind onderdruk sy gevoelens en doen dan enigiets om hom te laat geld*. Wanneer dit gebeur, is die kind wanaangepas en wangedrag kom voor. Wangedrag kan realiseer in die vorm van dagdromery (sy gedagtes dwaal en hy sukkel om aandag te gee aan wat gesê word tydens gesprekke of lesse), onttrekking (hy sonder hom af en neem nie aan aktiwiteite deel nie), kompensasie (hy word willoos of neem ’n ander rol oor soos om soos ’n nar op te tree), projeksie (hy blameer of wys emosie of gedrag wat hy self ervaar in ander uit) en regressie (openbaar gedrag wat al ontgroei is, byvoorbeeld bednatmaak of die gebruik van babataal)
(Axline, 1993:12-14; Sweeney & Landreth, 2009:127).

b) Selfregulerende eienskappe van kinders

Kinders besit die vermoë om die lewe te aanvaar soos wat dit is. Dit is slegs wanneer hul omstandighede buitengewoon sleg word dat wangedrag voorkom (Axline, 1993:12). Normaalweg gryp hulle geleenthede aan, is hulle lief vir die lewe en put opwinding en vreugde in eenvoudige dinge. Teenstrydige karaktereienskappe wat in die kind se groeiproses teenwoordig is, kan soos volg beskryf word:

- Nederig en trots
- Waagmoedig en vreesagtig
- Dominerend en onderdanig
- Opgewonde en afwesig

- Liefdevol en haatdraend
- Bakleierig en gou om vrede te maak of vredeliewend

Kinders vergeet en vergewe gou en kan impulsiewe gedrag met volwasse gedrag afwissel (Axline, 1993:15).

c) Doel van niedirekte spelterapie

In niedirekte spelterapie word daar nie doelgerig beplan nie. Landreth (2002:35) beskryf die terapeutiese proses as *'n manier om die kind die geleentheid te gee om sy eie selfbewussyn en selfrigting te ontdek*. Axline (1993:27) brei Landreth se stelling verder uit deur te verwys na die kind se vermoë om hom self te begryp en self te verstaan.

Om doelgerig te beplan, sou beteken dat 'n persoon die kind se prosesse van *buite af beheer*. Dit gaan in niedirekte spelterapie juis daarom dat die kind verstaan word. Die terapeut werk saam met die kind deur in sy persoonlike lewe en gedagtes in te beweeg. Terapie kan nie die kind genees of verander nie. Die terapeut is net 'n fasiliteerder om die kind by te staan in 'n genesingsproses (Stagnitti & Cooper, 2009:188; Sweeney & Landtreth, 2009:130).

Dit is 'n wanopvatting dat onaanvaarbare gedrag deur die spelterapeut vervang moet word met goeie gedrag. Versorgers en mense met gesag verwys 'n *probleemkind* dikwels na 'n terapeut met die opdrag dat die kind "reggemaak" moet word. Sweeney en Landreth (2009:128) verduidelik dat daar op die *moontlikhede* van die kind se innerlike persoon gefokus moet word en nie op sy gedrag in die verlede nie. Daar word dus op die kind, en nie die probleem nie, gekonsentreer.

Sweeney en Landreth (2009:125) beweer dat kinders liefde en aanvaarding gelyk stel aan die positiewe evaluering wat hulle van hul ouers en ander volwassenes kry. Daar ontstaan dus by die kind *'n wanpersepsie dat goeie gedrag liefde en aanvaarding waarborg* (Sweeney & Landreth 2009:125). Wanneer 'n kind in die speelkamer onvoorwaardelik deur die terapeut aanvaar word, sal hy homself ook begin aanvaar (Axline, 1993:22).

Sweeney en Landreth (2009:123) se opsomming van die werk van die spelterapeut is "to relate to the child in ways that will release the child's inner directional, constructive, forward-moving, creative, self-healing power."

d) Spelterapeutiese proses

Wanneer die kind wat in die speelkamer kom, onvoorwaardelik aanvaar word, voel die kind in beheer. Daar is niemand wat raas, baklei of voorskryf nie. Die kind is nie meer ’n pion wat tussen ouers rondgeskuif word nie. Hy is ook nie aan die ontvangkant van iemand se aggressie of frustrasies is nie. Die kind sal mettertyd begin ontspan en sy idees uitspeel (Axline, 1993:16).

Met sy eerste speelkontak, kan ’n kind aanvanklik verbyster voel. Die nuwe situasie waar hy mag speel en doen wat hy wil, maak kinders dikwels agterdogtig. Mettertyd word hulle nuuskierig en begin om die speelkamer te verken. Axline (1993:17) verduidelik dat hierdie vryheid om net kind te wees, help dat hy homself kan ontdek.

Terwyl die kind deur sy keuse van speelgoed en sy spel kommunikeer, sal die terapeut geïnteresseerd kyk en luister (Geldard & Geldard, 2008:69; McMahon, 2009:51). In hierdie veilige omgewing kan die kind dan sy ware emosies na die oppervlak bring. McMahon (2009:32) haal Crowe aan wat beweer, “ play is feeling...”

Die kind besluit self om opgekropte negatiewe emosies soos spanning, frustrasies, onveiligheid, aggressie, vrees, verbystering en verwarring uit te speel of te ignoreer (Axline, 1993:16). Die terapeut maak geen direkte interpretasies nie en wend geen poging aan om die kind te beheer of te verander nie (Landreth, 2002:35; McMahon, 2009:53). Die terapeut *reflekteer* wat die kind doen *sonder om enige advies te gee of rigting aan te dui*. Die kind kry deur die terapeut se terugvoer insig in sy eie proses. Refleksie gaan veel dieper as net ’n oordra van wat gesien en gehoor word (McMahon, 2009:55). Om hierdie rede het die benaming van hierdie werkswyse mettertyd van niedirekte *kliënt*gesentreerde na niedirekte *kind*gesentreerde terapie verander.

e) Die terapeut

In niedirekte spelterapie moet die spelterapeut aan die volgende addisionele sake aandag gee:

- Die emosionele ontwikkelingsfases van die kind moet in ag geneem word.
- Toetsing, vrae, evaluasie en kompetisie moet vermy word.
- Hulp word net gegee as die kind daarvoor vra.
- Daar word nie gesê iets is “mooi” nie, maar dit wat sigbaar is, word beskryf, byvoorbeeld kleurgebruik.
- Die uitdrukking, “Jy het gemaak net soos jy graag wou,” word gebruik.

Die tema van die kind se spel word bepaal en geïnterpreteer. Een van die ankers van niedirekte spelterapie is dat die kind dikwels, sonder die gebruik van taal, die nieverbale taal en lyftaal van die terapeut waarneem. Soms kan dit vir die terapeut nodig wees om haar eie emosies en gedagtes te verbaliseer (Geldard & Geldard, 2008:35S; Sweeney & Landreth, 2009: 132).

f) Kinders

Kinders so jonk as twee jaar kan by hierdie tipe spelterapie baat. Terapie word aanbeveel ná verwydering, verlies soos deur die dood en nuwe aanpassings soos die koms van ’n baba of ’n verhuising (McMahon, 2009:21).

g) Verloop van sessies en die verwagte patroon

Navorsers van kindgesentreerde spelterapie het gevind dat daar ’n vaste patroon tydens die speelproses bestaan. Landreth (2002:23) som die patroon in fases op:

Fase 1 – Die kind verbind hom nie en verken die speelkamer. Kreatiwiteit en nuuskierigheid word afgewissel deur eenvoudige opmerkings en vrae.

Fase 2 – Aggressiewe spel vind plaas soos wat die kind negatiewe emosies uitleef en die slegte ervarings in sy familie en omgewing uitspeel. Die kind kan probeer om die terapeut te beheer.

Fase 3 – Angstigheid begin verdwyn en meer positiewe aspekte tree na vore. Die kind begin gewoonweg oor sy lewe te praat. Daar word minder met simbole gespeel, terwyl die kind ’n verhoudingspel met die terapeut begin.

Daar moet opgelet word dat die speelproses in fases ingedeel word. Die aantal sessies wat ’n kind benodig om deur die proses te speel, hang van die indiwidu af. Soms kan daar tot ses en dertig sessies wees.

h) Die plek van toerusting in die speelkamer

In die speelkamer van die niedirekte kindgesentreerde spelterapeut word al die speelgoed en kunsbenodighede uitgestal. Daar behoort nie speletjies of opvoedkundige speelgoed te wees nie, omdat kompetisie ongewens in die proses van selfuiting is (Axline, 1993:54).

3.3.7.2 Gestaltspelterapie

Die woord *Gestalt* verwys na die "proses van verandering" in 'n persoon se lewe deur onvoltooide prosesse te voltooi (Carroll, 2009:283). Dit gaan daarom dat die kind gehelp word *om verantwoordelikheid vir die emosie wat tans in hom woel, te aanvaar*. Die kind word uitgedaag om nie ander vir sy verlede te blameer nie. Violet Oaklander het 'n model vir spelterapie ontwikkel wat Gestaltbeginsels met die gebruik van media en fantasie kombineer (Geldard & Geldard, 2008:36). Gestaltspelterapie word oor die algemeen dikwles in Suid-Afrika toegepas vanweë die navorsing en werk van Schoeman (1996).

a) Die basis van die teorie

'n Geestelik gesonde mens kan in sy geheel funksioneer omdat hy nie toelaat dat sy omstandighede sy bewussyn beheer nie. As gevolg van te veel onvervulde behoeftes kan fragmentasie in die psige plaasvind; dan verloor die persoon kontak met sy omgewing. Gestalt is 'n *direkte terapie* wat die kliënt uitdaag om deur bewuswording weer verantwoordelikheid vir sy eie lewe te neem.

Fritz Perls was die grondlegger van *gestalt* terapie. Nelson-Jones (2000:159-161) beskryf *vyf lae van disfunksionele geestelike gedrag* wat Pearls identifiseer. Die terapeut werk saam met die kliënt daardeur om weer balans in sy lewe te kry. Die vyf lae is die valse, die fobiese, die passiewe, die implosiewe en die eksplosiewe.

- Wanneer iemand die vals laag van disfunksionele gedrag beleef, probeer hy iets wees wat hy nie is nie.
- Die persoon verkeer in die fobiese toestand wanneer hy bewus raak van die valse front wat hy voorhou en bang daarvoor bang word.
- In die passiewe staat staak die persoon die front (speletjies), maar hy bly passief omdat sy vrees en afkeer van homself hom oorweldig.
- In die belewing van die implosiewe laag besef die persoon hoe hy hom inperk en stel hy hy nuwe gedrag op die proef.
- Sodra die nuwe gedrag suksesvol is, beweeg die persoon na die eksplosiewe fase waarin hy vryheid begin ervaar. Die energie wat voorheen gebruik is om te weg te skram, word dan positief aangewend (Schoeman, 2009a:54).

Perls (1973:87) het waargeneem dat mense se liggaamlike reaksies 'n indikasie van die persoon se onderdrukte psigologiese verdediging is. Deur die liggaamstaal, stemtoon, oogbeweging, emosies en gebare dop te hou, kan die terapeut die persoon se weerstand herken en daaraan aandag gee.

Daar bestaan baie Gestalttegnieke wat in hierdie proses gebruik word. Vir die doel van hierdie studie sal daar egter net op die tegnieke wat op die kind van toepassing is, gekonsentreer word.

b) Grondbeginsels van Gestaltspelterapie

Terapie begin deur die kind van sy huidige sintuiglike gewaarwordinge *bewus* te maak (Schoeman, 2009a:30; Geldard en Geldard, 2008:70). Die sensoriese bewustheid prikkel die *motoriese sisteem* wat met die kind se *emosies* verbind is. Die doel van hierdie bewuswording is dat die kind vervolgens sy emosies sal kan herken. Die kind se emosies word nie meer onderdruk nie en kan in terapie hanteer word. In Gestalt word die term *balans* vir hierdie oomblik gebruik (Geldard & Geldard, 2008:35; Blom, 2006:98; Carrol, 2009:258).

Sodra daar balans in die liggaam kom, sal die mees *dominante behoefte* van die kind na die vore kom. Die behoefte sal sigbaar word in 'n projeksie deur die gebruik van uitbeelding of fantasie wat die kind self gekies het. 'n Projeksie kan 'n sandtafeluitbeelding, tekening, kleifigure, rolspel, spel met speelgoed, storie of dans wees.

Geldard en Geldard (2008:36) verwys na spesifieke, praktiese tegnieke wat Oaklander voorstel om die kind in die spelproses te lei:

- Moedig die kind aan om dialoog in die voorstelling van sy belewingswêreld te begin.
- Help die kind om sy projeksie te herken en verantwoordelikheid en eienaarskap daarvoor te aanvaar.
- Wees op die uitkyk vir verandering in die kind se liggaam, gesigsuitdrukking, stemtoon, asemhaling of skielike onttrekking.
- Beweeg in die kind se leefwêreld in deur direkte vrae wat die aktualiteit van die simbole in die kind se projeksie sal belig.

Hierdie voorgestelde tegnieke word steeds deur terapeute nagevolg. Een van die radikale konsepte van die Gestaltproses is om die kind se weerstand om aan sy behoefte aandag te gee, te verwyder.

c) Tegnieke wat in Gestaltspelterapie gebruik word

Gestalt stel tegnieke voor wat die terapeut kan gebruik om die kind wat weerstand bied, te help om keuses te maak:

1 Die terapeut vervang die gebruik van die woorde *jou/hy/hulle* met *ek* en *kan nie* met *wil nie.*

2 Werk in die *hier en nou*, met ander woorde die kind se emosies, spel en taal word altyd na die hede teruggebring.

3 Gebruik die "*top dog/under dog*"-konsep, met ander woorde wanneer 'n teenstrydige motivering tussen wat die kind wil en wat gedoen moet word, ervaar word.

4 Stel *bi-polarisasie* in die kind se projeksie voor, met ander woorde vervang emosies, fisiese of geestelike eienskappe met teenoorgesteldes, byvoorbeeld hartseer met blydskap.

5 Alle geskinder (praat oor ander mense) word met die *leëstoeltegniek* hanteer, met ander woorde die skinderpraatjies word dus direk aan iemand gerig wat nie teenwoordig is nie.

6 *Herformulering* deur 'n negatiewe situasie positief te verduidelik, byvoorbeeld deur vrees in jammerte te omskep.

7 Maak gebruik van *paradoks* deur toestemming te gee om iets te doen wat problematies is, byvoorbeeld om duim te suig.

8 Pas *droomwerk* toe deur spesifieke tegnieke te gebruik om drome in die hede te integreer. Integrasie vind plaas wanneer die kind erkenning aan die bestaan van die mense, objekte en boodskappe wat in die droom verteenwoordig word, gee.

(Vgl. Blom, 2006:110-112; Schoeman, 2009a:55-59.)

d) Doel van Gestaltspelterapie

Die doel van Gestaltspelterapie is om die kind te help om 'n staat van *homeostase* of balans te bereik (Schoeman, 2009a:54-55). Dit beteken dat die terapeut regdeur die terapie die verantwoordelikheid aanvaar om die kind tot selfverwesenliking te help groei.

Wanneer daar na die oorspronklike werk van Perls gekyk word, kom die *hier-en-nou* op die voorgrond. Die navorser is oortuig dat daar nie doelgerigte beplanning in die oorspronklike Gestaltteorie voorkom nie. Dit blyk egter dat daar kenners is wat 'n gewysigde benadering ten opsigte van die teorie volg. Carroll (2009:294) verduidelik dat die terapeut in samewerking met die kind en familie of versorgers doelgerig werk.

Carroll (2009:290) sê Oaklander se twee redes vir spelterapie is om kinders te ondersteun wat hulle in die volgende situasies bevind:

- kinders wat sukkel om voeling met onderwysers, ouers, ander kinders en mense te kry;
- kinders wat ’n swak siening van hulself het.

e) Die terapeut

Al lyk dit of die terapeut besig is om met die kind te speel, is sy aktief betrokke in die kind se proses (Schoeman & Van der Merwe, 1996:32). Die Gestaltterapeut is eintlik aggressief en frustreer die kind wat ’n manier soek om uit die bewussyn van die hier en nou te breek. Hierdie optrede is veral opvallend wanneer die kind probeer om uit die hede te glip en na die verlede toe te ontsnap (Schoeman, 2009a:55).

f) Verloop van sessies en die verwagte patroon

Daar is nie ’n spesifieke orde in Gestaltspelterapie nie. Die kind se proses sal die gang van die sessies bepaal (Carroll, 2009:301).

Die terapie begin deur ’n verhouding met die kind te op te bou. Eksperimentele oefeninge kan gebruik word om ’n verhouding aan te knoop en terselfdertyd die sensoriese bewussyn (sien, hoor, ruik, luister en smaak) aan te wakker (Schoeman & Van der Merwe, 1996:30; Blom, 2006:100). McMahon (2009:49) gebruik die uitdrukking “unfreeze,” wat volgens die navorser ’n baie goeie beskrywing vir die eerste gedeelte van die spelterapiesessie is.

Die kind word aangemoedig om die proses te lei deur te kies met watter medium gewerk of gespeel gaan word. Die terapeut volg die riglyne wat Oaklander voorstel. Sodra die kind ’n projeksie voltooi het, sal die terapeut, wat die heeltyd die kind se proses waargeneem het, begin om die *emosie van die kind wat na vore kom*, te ontgin (Blom, 2006:100). In hierdie stadium word die Gestaltbeginsels wat bedoel om die kind uit te daag, toegepas. Die terapeut bly simpatiek en ondersteunend as die kind die probleem op sy *voorgrond* begin aanspreek. Die kind word gehelp om te besluit of hy die situasie gaan erken of verwerp. Hierdie moment word in Gestalt die *assimilasiefase* genoem. Soos die deure van selfaanvaarding en eienaarskap oopgaan, begin die kind *in voeling met homself te kom* en word hy sterker (Carroll, 2009:298). Hierna sal die kind saam met die terapeut oefen en leer om sy persoonlike probleme en behoeftes te hanteer. Die sessie word afgesluit deur die kind emosioneel te versorg.

Carroll stel ’n meer gestruktureerde benadering voor. Die sessies begin met ’n algemene inleiding waar die kind en ouer of familie teenwoordig is. Daarna volg ’n paar sessies waartydens die terapeutiese verhouding sy grondslag vind, terwyl die spesifieke behoeftes en sterktes van die kind in volgende sessies ingebou word (Carroll, 2009:302).

g) Plek van speelgoed en die speelkamer in Gestalt

Daar moet ’n verskeidenheid projeksie- en ekspressiewe materiaal vir speletjies, stories, teken, klei, simboliese spel en ’n sandtafel in die speelkamer wees (Carroll, 2009:298). Die speelkamer behoort baie rakke en kaste te hê waar al die speelgoed en media gebêre word. Verkieslik word die kaste toegemaak, sodat die kind die speelgoed moet uithaal wat benodig word. Volgens Carroll (2009:297) pak die kind speelgoed weg aan einde van die sessie.

3.3.7.3 Addisionele spelterapiebewegings

a) Adleriaanse spelterapie

Die beginsels van hierdie terapie is dieselfde as by indiwiduele psigologie. Die kind se gedrag en emosies word in die speelkamer waargeneem. Inligting oor sy funksionering en verhoudinge in die gemeenskap word versamel. Die terapie konsentreer op natuurlike en logiese gevolge (Geldard & Geldard, 2008:30; Kottman, 2009:245).

b) Narratiewe spelterapie

Narratiewe terapie word gebaseer op die gebruik van stories. ’n Storie word vertel oor die invloed wat die kind se probleem op sy lewe het. Daarna word ’n alternatiewe storie saamgestel waarin die probleem nie meer die kind se lewe domineer nie (Geldard & Geldard, 2008:41).

c) Theraplay

Theraplay is ’n verhoudingsterapie. Geen speelgoed word gebruik nie. Die ouers neem van die begin af beheer oor deur speletjies en interaksie met hul kind/kinders. Liedjies en speletjies word in ’n program aangebied. Die doel is dat die ouer-en-kind-interaksie sal lei tot ’n geborge band tussen ouer en kind en ’n verbeterde selfsisteem by die kind (Bundy-Myrow & Booth, 2008:315; McMahon, 2009:50).

d) Tydbeperkende spelterapie

Wanneer ’n kind ’n spesifieke probleem het wat reeds geïdentifiseer is, word hierdie tipe terapie aanbeveel. Dit behels beplanning waar die kind en die terapeut die aantal sessies en tema saam bespreek. Terapie word deur spel, stories en drama wat saam met die kind gekies is, toegepas (Cattanach, 2005:112; Geldard & Geldard, 2008:40).

e) Kognitiewegedragspelterapie

Wanneer ’n kind se spanning en angs verminder, behoort verkeerde denk- en gedragspatrone te verander. Kinders het hulp nodig om hul gedagtes en gedrag te verander. Die terapeut help die kind om aanvaarbare geloofsoortuigings, houdings, gedagtes en idees aan te leer en dit in te oefen. Selfbeheer kan deur “stop, dink, doen”-oefeninge verkry word (Geldard & Geldard, 2008:71; McMahon 2009:47).

3.3.8 Gevolgtrekking

Die interpreterende moment van hierdie studie bestaan uit twee dele.

In die eerste deel is indringend gekyk na wat die Skrif oor kinders en spel leer. Die kind wat geestelike en emosionele probleme ondervind, het begeleiding nodig om genees te word en ’n verhouding met Jesus Christus te skep. Die Messias het nie net die posisie van die kind tydens die Mediterreense tydperk verander nie, maar het ook tydens sy bediening aan kinders die voorbeeld van ’n kindervriend en begeleier gestel.

In die tweede deel van hierdie hoofstuk is die spelterapiebewegings soos dit in die sielkunde voorkom, beskryf. Daar het verskeie spelterapiebewegings uit die drie basiese teorieë in sielkunde ontwikkel, naamlik mensgesentreerde humanistiese terapie, Freudiaanse psigoanalise en gedragsanalise. Virginia Axline het baanbrekerswerk in niedirekte spelterapie in die kindgesentreerde spelterapiebeweging gedoen, terwyl Violet Oaklander die beginsels van Gestaltspelterapie geformuleer het. Meer spelterapiemodelle het mettertyd ontwikkel.

Alhoewel daar spesifieke metodes vir elke spelterapiemetode voorgeskryf en toegepas word, is daar basiese beginsels wat oral in die spelterapiebeweging geld. Die benadering en opleiding van terapeute, die inrigting van die speelkamer, wat toerusting en materiaal insluit, en die daarstel van grense bly altyd dieselfde.

Die waarde van spel behels baie meer as net die genot en ontspanning wat dit bring. ’n Kind kan slegte ervarings uitspeel en daardeur selfregulering toepas. Dit is egter nodig dat ’n kundige die kind in hierdie spelproses begelei.

Die pastorale berader wat met kinders werk, behoort bekend te wees met die aard en agtergrond van al die spelterapiedenkrigtings. Die kind word dus deur ’n kundige bygestaan terwyl selfregulering deur spel plaasvind.

Die belangrikste spelterapie bewegings

Hoofstuk 4 - Normatiewe momente oor die waarde van die gebruik van spel vir die pastorale kinderberader.

4.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk bevat die normatiewe moment van hierdie studie. Tydens die normatiewe moment van Osmer (2008:4) word die vraag wat behoort te gebeur, beantwoord. In die soeke na die normatiewe word profetiese onderskeiding van die navorser gevra (Osmer, 2008:137). Smith (2008:5) verduidelik dat die normatiewe taak van Osmer die wil van God vir die huidige werklikheid wil onderskei. Hierdie onderskeiding behels die soeke na God se leiding in sekere lewensomstandighede, -gebeure en -besluite.

Om die proses eenvoudig voor te stel, kan gesê word dat *die koring van die kaf geskei* moet word. Die navorser behoort dus onderskeiding in haar navorsing toe te pas. Osmer (2008:137) formuleer die begrip *onderskeiding* soos volg: ˝Discernment is the activity of seeking God's guidance amid the circumstances, events and decisions of life." Onderskeiding is nodig wanneer gevolgtrekkings afgelei en ontledings gedoen moet word. Wanneer Smith (2008:6) Osmer se model resenseer, is hy van mening dat kontemporêre voorbeelde van gedrag, as dit geanaliseer word, nuwe begrip van God, die Christelike lewe en sosiale waardes gee.

Die verskillende momente waaruit die model van Osmer bestaan, staan in 'n verhouding tot mekaar. Die skrywer (Osmer, 2008:10) stel dit soos volg: ″The interaction and mutual influence of all four tasks distinguish practical theology from other fields." 'n Voorbeeld hiervan is dat daar in die *normatiewe* gedeelte nie net oor die waarde van kinderspel gefilosofeer word nie, maar dat daar *interpretasies* vir die toepassing van die bevindinge gegee word.

Die reformatoriese vertrekpunt van hierdie studie is dat die norme in die Woord van God gevind word. Alle akademiese ondersoeke word dus aan die Skrif getoets (De Klerk, 2012:247).

In die eerste deel van die hoofstuk sal die verskillende teorieë van spel eers bespreek word en daarna sal die teorieë vanuit 'n pastoraal-teologiese perspektief beoordeel word (vergelyk Osmer, 2008:113-114).

In die tweede gedeelte sal die waarde van spel vir die kind se ontwikkeling ondersoek word.

Deel een

4.2 Skriftuurlike beskouings van spelterapeutiese bewegings

4.2.1 Inleiding

In hierdie afdeling word die eerste gedeelte van die normatiewe moment van Osmer (2008:129) toegepas. Die pastorale berader behoort alle nuwe *kennis* aan die hand van Skrifbeginsels te ondersoek. Osmer (2008:84) stel voor dat navorsers alle teorieë met "sagely wisdom" beoordeel. Daar word by kenners geleer, maar hul beskouings kan ook bevraagteken word. Verder wys Osmer daarop dat teorieë feilbaar is en dikwels in die toekoms heroorweeg moet en kan word. Die menslike begrip is feilbaar en die mens besit beperkte kennis. God alleen het volmaakte kennis. Die Skrif stel dit soos volg: " Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge" (Rom. 11:36). In vers 33 van dieselfde hoofstuk word oor die diepte en rykdom van God se wysheid en kennis besin. Die Skrif verwys hier terug na Jesaja 40:13 en 14: "Wie kan die Gees van die Here peil, wie kan sy raadgewer wees? Vir wie raadpleeg Hy dat dié hom tot insig sou bring en Hom sou leer wat om te doen? Wie leer Hom en onderrig Hom dat Hy met insig kan optree?"

Saam met kennis word *wysheid* genoem. In Prediker 1:8 verklaar Salomo dat aardse wysheid die mens nie kan bevredig nie. Die mens behoort egter wysheid te verkry. In 1 Korintiërs 1:19 haal Paulus Jesaja 29:14 aan waar hy sê dat God nie volgens die wêreld se manier te werk gaan nie. Wysheid kom van die Here af. Daar word in 1 Korintiërs 2:10 geskryf dat die *Gees* alle dinge deursoek. Verder word in vers 11 aangedui dat die *gees binne-in die mens* alle verborge dinge van hom ken. Die Gees van God, wat ons ontvang het, is nie die gees van die wêreld nie.

Omdat die pastorale berader deur die Gees van God leiding kry, kan hy of sy die waarde van alle dinge beoordeel (1 Kor. 2:11-15). Dit is 'n baie groot verantwoordelikheid.

In hierdie hoofstuk sal die spelterapieteorieë uit 'n teologies-pastorale oogpunt ondersoek word.

4.2.2 Oorsprong van spelterapie

4.2.2.1 Psigologie en die onderbewuste van die mens

Die eerste pogings om spel te gebruik in die terapie met kinders, het in die klassieke psigologie ontstaan (3.2.3.1). Die wetenskap van psigoanalise is daarop gebaseer dat daar met die onderbewuste van die mens gewerk word. Die psigologie word ook "die wetenskap van die siel" genoem (MacArthur *et al.,* 1994:8; Slenczka, 2003:33). Daar kan afgelei word dat sekere teorieë van

die psigologie bepaal dat die onderbewuste van die mens vanuit sy sielsdimensie geanaliseer kan word. ’n Volgende vraag kom nou na vore: Waar is die onderbewuste van die mens gesetel?

4.2.2.2 Funksionering van die mens se siel

Die mens is na die beeld van God geskape (Gen. 1:27). Slenczka (2003:35) wys daarop dat die mens se siel die kern van sy verantwoordelikheid teenoor God bevat. Die siel, wat die persoon se *emosies, redenering* en *begeerte* insluit, kan wetenskaplik verduidelik word (Slenczka, 2003:34).

Om die werking van die siel en die breinfunksie wat daarmee gepaard gaan, te verduidelik, is nie deel van hierdie studie nie. Daar word volstaan met die volgende gegewens: Volgens Joseph (2001:133) is die fisiese sentrum van die siel die limbiese sisteem. Die *limbiese sisteem* bestaan uit die *hippokampus, talamus, hipotalamus, basaal ganglia* en *amigdala* (Leaf, 2009:23). Die meeste emosionele prosesse vind in die limbiese sisteem plaas (Hannaford, 2005:59).

Die geestelike wisselwerking tussen God en die mens kan nie wetenskaplik verklaar word nie. Die pastorale berader maak nie op sy eie insigte staat nie, maar word deur die *Skrif* en die *Gees* van God gelei. God het die Gees van sy Seun in sy kinders se harte gestuur (Gal 4:6). In die Skrif kan alle kennis en waarheid vir die genesing van die siel gevind word. Hebreërs 4:12 dui aan dat die Woord van God die mens selfs in sy siel kan ontleed. Daar kan uit 3 Johannes 2-4 afgelei word dat ’n lewe in waarheid geestelike gesondheid sal meebring. Hierdie verduideliking is van toepassing op Lukas 17:21 “... want die koninkryk van God is binne-in julle” (Bybel, 1933-vertaling).

4.2.3 Aspekte van spelterapieteorieë

Martin en Sweeney waarsku dat die berader versigtig moet wees om nie ’n ondersoek na kinderpsigologie vanuit ’n Christelike gesigspunt te loods nie (vgl. Clinton *et al*. 2005:536). Die berader kan, as hy of sy nie versigtig is nie, dalk op ’n dwaalspoor beland. Die navorser doen nie ’n ondersoek na kinderpsigologie nie. Werkbare spelteorieë word egter bestudeer. Dit is wel nodig om die “vuil water”, soos Clinton *et al.,* (2005:157) dit noem, uit te gooi. Dit beteken dat die waardevolle kennis wat uit die navorsing oor spelterapie ingesamel is, aan die hand van Skrifbeginsels getoets word. Die doel van hierdie studie is om ’n teologies verantwoordbare spelmodel vir pastorale beraders daar te stel.

Die spelterapieteorieë word kortliks opgesom en dan Skriftuurlik beoordeel om tot ’n gevolgtrekking oor die waarde en gepastheid van sekere tegnieke te kom.

4.2.3.1 Teologiese betroubaarheid van spelterapiebeginsels

Die algemene beginsels van spelterapie wat ter sprake is, word kortliks opgesom. Kinders tot en met die ouderdom van ongeveer elf jaar kan nie verbaal uitdruk wat hulle op daardie oomblik of in die verlede ervaar het nie. Daarom behoort hulle op hul ontwikkelingsvlak gehelp te word. Kinders sal, as hulle die geleentheid kry, op ’n hanteerbare manier aan hul pyn uiting gee. Deur middel van spel kan die kind aan die trauma wat hy of sy ervaar het ’n konkrete vorm gee en nuwe ondervindings, waar hy self die keuses maak, in die plek daarvan stel. Die kind sal in die proses sterker word, emosies interpreteer en pyn leer verwerk. Hierdie opsomming van die basiese beginsels wat oral in die spelterapiebeweging geld, is ook van toepassing op pastorale berading aan die kind.

4.2.3.1 Niedirekte spelterapie en kindgesentreerde spelterapie as aparte komponente

Die beginsels van niedirekte kindgesentreerde spelterapie word in die literatuur as ’n eenheid beskou. Dit word egter nie in hierdie hoofstuk as ’n eenheid bespreek nie omdat die navorser *niedirekte spelterapie* as ’n metode of werkswyse beskou, terwyl *kindgesentreerdheid* ’n denkrigting beskryf. Hierdie twee komponente van spelterapie word dus afsonderlik behandel.

a) Niedirekte spelterapie

Soos die eerste gedeelte van die term aandui, gee die terapeut geen direkte leiding aan die kind nie. Die sessies is onbeplan en geen direkte vrae word aan die kind gevra nie. Die kind se aksies en keuses word na die kind terug teruggereflekteer (gerapporteer). Hierdie refleksie geskied deur middel van woorde of soms deur die terapeut se liggaamstaal en gebare. Geen keuses word namens die kind gemaak nie. Die kind se vrae word weer vir heroorweging na die kind terugverwoord. Daar word ook geen interpretasie gegee nie.

b) Kommentaar

Die beginsel van niedirekte terapie is volgens die navorser Skriftuurlik gegrond. Jesus Christus het in die wêreld van die mens gekom. Net so behoort die pastorale berader die kind se wêreld te betree. Dit is belangrik dat die kind aanvanklik die gang van die spel aandui. Die rede hiervoor is dat die kind deur sy keuses in die speelkamer in sy *speltaal* sal *vertel* hoe sy realiteit daar uitsien. Indien die berader die rigting van die terapie sou aandui, kan die ware oorsaak van die probleem dalk nooit op die voorgrond tree nie. Dit is in hierdie situasie dat die volwassene die kind op sý funksioneringsvlak ontmoet. Daarna kan die berader sekere aspekte van die verdere verloop van die spel beplan.

c) Kindgesentreerde spelterapie

Kindgesentreerde spelterapie het uit *mensgesentreerde* terapie ontwikkel. Die beginsel van hierdie denkrigting is reeds in 3.7.1 bespreek. Van die eienskappe wat hierdie teorie by kinders identifiseer, is dat die kind:

- 'n innerlike dryfkrag besit wat tot selfregulering lei;
- 'n eie vrye wil het om te besluit of hy tot selfrealisering gaan groei of nie; en
- alle antwoorde vir probleme in homself het.

d) Kommentaar

Die beginsel dat genesing in die mens self lê, is volgens Van Huyssteen (2001:88) humanisties. *Humanisme* stel die mens sentraal, wat tot vergoddeliking kan lei (Strauss, 2010:58). Die oorsprong van die kindgesentreerde benadering bevat elemente van humanisme. Dit is dus noodsaaklik om die Skriftuurlike benadering oor die waarde van die mens (mensbeskouing) te deurgrond omdat pastorale berading met kinders Godgesentreerd en nie mensgesentreerd moet wees nie

e) Pastorale momente as geleentheid tot die uitbreiding van die Evangelie

Om die gebruik van spel met die oog op die uitbreiding van die Evangelie aan te toon, verwys die navorser na die klassieke gevallestudie *Dibs* (1964). Die verhaal word deur Virginia Axline (grondlegger van niedirekte kindgesentreerde spelterapie), wat die outeur van *Dibs* is, vertel. Hierdie boek word dikwels as agtergrondstudie vir spelterapiestudente voorgestel.

Dibs is die vyfjarige seuntjie van welgestelde, professionele ouers. Hy is asosiaal, vermy kontak, gebruik net enkele woorde, openbaar uitbarstings deur te skop, te slaan en te skree. By die privaatskool waar hy ingeskryf is, lê hy meestal op die grond van die klas en speel. Die moontlikheid van outisme of verstandelike gestremdheid is ter sprake. In 'n poging om hom te probeer help, beveel sy onderwyseres spelterapie aan.

Na *'n jaar van niedirekte kindgesentreerde spelterapie* is hierdie seuntjie geestelik gesond. Hy gesels, neem besluite en kan hom handhaaf. Sy IK is 168. Dibs se herstel is fenomenaal.

Langs die gebou waar die spelterapie plaasvind, is 'n kerk. Tydens sy spelterapiesessies praat Dibs dikwels oor die kerk. Hy sê (Axline, 1964:109) "... pappa and mamma are not church believing people, therefore neither Dorothy [sy suster] or I am a church believer." Dibs verwys ook na sy ouma en hul tuinier as "church people" (Axline, 1964:113).

Na afloop van die terapie, skakel sy ma op aandrang van haar seuntjie die terapeut en vra of Dibs nog een keer vir terapie kan kom. Die terapeut stem in. Dibs kom vir nog ’n sessie, maar het nie behoefte om in die spelterapiekamer te bly nie. Hy vra of hulle saam na die kerk toe kan gaan (Axline, 1964:205). Wanneer Dibs die kerk binnegaan, sê hy: “... grandmother said it is God’s house.” Die grootte van die kerk verbyster hom en hy merk op: “...I feel very little.” Dibs en die terapeut bestee tyd in die gebou, ervaar die musiek van die orrelis wat oefen en kyk na die meubels en glasvensters. Wanneer hy saam met die terapeut die kerk verlaat, sê Dibs: “Goodbye God, Goodbye. I was in God’s house today.”

Later, in die terapiekamer, word die volgende opgeteken:

> “Dibs: ‘Tell me, Why do some people believe in God and some do not?’
> Therapist: ‘I don’t know the answer to that question.’
> Dibs: ‘But is it true?’
> Therapist: ‘I think everyone makes up their own minds.’”

Die seuntjie vertel dat sy ouma sê God is sy pa in die hemel. Hy wil nie dat God soos sy pa moet wees nie. Dibs verduidelik dat hy nie weet of sy pa vir hom lief is nie, maar dat hy sy ouma se liefde diep binne-in hom voel. Hulle tuinwerker bid, wat beteken dat hy met God praat. Dibs wens dat hy ook met God kan praat. Hy het ’n Joodse maatjie wat God ken, en hy ken kinders wat Rooms-Katolieke is. Dibs sluit die gesprek af met: “It makes me feel lonesome not knowing God”.

Die geleentheid om op ’n baie eenvoudige manier sy vrae met die waarheid van die Evangelie te antwoord, is deur Dibs self geskep. So ’n geleentheid is ’n pastorale oomblik in spelterapie. Sonder om te preek of formeel te leer, moet die terapeut so ’n geleentheid ten volle benut.

Bogenoemde verhaal wys dat die uiteindelike doel van pastorale berading is om die geloof van ’n kind, wanneer dit ter sprake (of ter spele) is, te versterk. Jesus Christus het egte intieme ontmoetings met mense gehad (Van der Walt, 2006:204). Net so kan die pastorale berader deurdring tot die kind se hart. In Dibs se geval was die moontlikheid daar om te help om ’n verhouding aan te knoop met ’n hemelse Pappa, wat nie soos aardse pappas is nie. *Die geleentheid het egter verbygegaan.*

4.2.3.2 Gestaltspelterapie

Gestalt is ’n *direkte terapie* wat die kliënt uitdaag om deur bewuswording verantwoordelikheid vir sy eie lewe te neem (kyk 3.6.2).

a) Kommentaar

Die oorsprong van sielkundige denkrigtings word dikwels bevraagteken. Van Huyssteen (2001:35) noem dat die Gestaltteorie elemente van Zen Boeddhisme bevat. Dit word volledig deur Brownell (2010:23) bespreek. Die bewustheid van die *self i*n hierdie geloof kan beskryf word as *selfdeernis* (Barnard & Curry, 2011:289). Volgens Mosig (2006:42) gebruik Boeddhiste ook nieverbale ervarings om bewuswording te bewerkstellig. Een manier om bewuswording te stimuleer, is deur meditasie. Meditasie vind plaas wanneer daar na ’n ander bewussynsvlak beweeg word. Oosterse meditasie is nie Skriftuurlik gegrond nie. Skriftuurlike meditasie beteken om stil te wees (vgl. Jes. 30:15) en om die Woord van God te oordink. Hierdie opsigtelike verskil in denkwyse is geen rede om alle Gestalt*tegnieke* te verwerp nie. Meditasie is nie deel van spelterapie nie. Van Huyssteen (2001:91) kom uiteindelik tot die gevolgtrekking dat tegnieke wat in Gestaltterapie gebruik word, wel met groot vrug in pastorale berading toegepas kan word.

Die navorser gebruik glad nie die *leëstoeltegniek* nie. Die gebruik daarvan kan, volgens die mening van die navorser tot “spiritistiese” gedrag lei en val nie binne die raamwerk van hierdie studie nie.

b) Gestaltspelterapietegnieke

Soos wat reeds beskryf is, is Gestaltspelterapie in teenstelling met niedirekte kindgesentreerde spelterapie ’n direkte metode. Die kind se ervarings en belewing is steeds die middelpunt. Alhoewel Van Huyssteen (2001:89-90) geen navorsing oor spelterapie gedoen het nie, beveel hy die gebruik van die volgende Gestalttegnieke aan:

i) Bewuswording

God het die mens in sy geheel na Sy beeld geskep. Dit is wetenskaplik bewys dat sintuiglike ervarings die kind sal help om balans in sy wese te kry sodat onderdrukte probleme na die voorgrond kan kom (3.7.2.2). White (2009:56) wys na die noodsaaklike rol wat die kind se bewustheid van sy vyf sintuie in die geestelike uitdrukking van die kind speel.

ii) Holistiese benadering

Volgens die Wes-Kaapse onderwyskurrikulum (2009:22) behels *holisme*: die studie van die self in verhouding met die gemeenskap. Die *self* word gesien as die persoonlike, sosiale, intellektuele, emosionele, spirituele en motoriese funksionering van die kind. Die kind word dus in sy geheel gesien. Dit is in die Skrif duidelik dat die mens as ’n geheel funksioneer. Die gebruik van die woord “holisties” in berading het geen verwysing na ’n buitegeestelike ervaring nie.

iii) Hier en nou

Om in die *hier en nou* (hede) te funksioneer is ’n Bybelse beginsel. Ter illustrasie word na die tweede interaksie van Jesus Christus met kinders in Mattheus 19 verwys. Jesus Christus het aangedui dat ons slegs, as ons kinders se vermoë om in die hede te leef, kan naboots, kan aanspraak maak om in die heerskappy van die hemel te leef. Die spel van kinders vind gewoonlik in die hede plaas.

iv) Topdog- underdog

Kinders raak ook verward oor wat reg en wat verkeerd is. In Romeine 7:15-25 beskryf Paulus sy sondige natuur en verduidelik die stryd in homself om tussen die regte en verkeerde te kies. Hierdie tweestryd kan op baie maniere ervaar word. Die kind word met behulp van hierdie tegniek gehelp om keuses te maak en verantwoordelikheid vir sy besluite te aanvaar.

c) Addisionele konsepte van Gestalt

- Woorde soos *jou/hy/hulle* word vervang met *ek* en *kan nie* met *wil nie*: Dit is belangrik dat die gebruik van hierdie woorde in kinders se spel hanteer en met die waarheid vervang word. Die waarheid maak mense inderdaad vry (Joh. 8:32). Die kind word uitgedaag om nie blaam te verskuif nie, maar wel eienaarskap vir sy keuses, optredes en emosies te aanvaar.
- *Bi-polariteite* word voorgestel: Hierdie gebruik kan in dieselfde kategorie as gelykenisse beskou word (Van Huyssteen, 2001:86).
- *Herformulering:* Dit word gebruik om situasies vanuit ’n ander oogpunt te beskou. Die berader kan byvoorbeeld menslike eienskappe vir nielewende dinge voorstel.
- *Paradoks*: Wanneer die kind gehelp word om die probleem wat ondervind word, erger te maak, vind daar dikwels verandering plaas. Die Skriftuurlike waarde hiervan word bevraagteken. Dit kan egter baie suksesvol toegepas word.
- *Droomwerk:* Die droomontleding wat Gestalt voorstel, word gebruik om onderliggende vrese of herhaaldelike onvoltooide take soos selfvergifnis of konfliksituasies in die oë te kyk. Dit het niks met visualisering te doen nie.

Dit is belangrik om Skriftuurlike beginsels tydens pastorale spel in gedagte te hou. Hierdie onderskeid kan moeilik wees omdat die berader dikwels op die ingewing van die oomblik moet optree. In Hebreërs 13:8 staan dat Jesus Christus gister, vandag en in ewigheid dieselfde is. Wat daar ook al uit ’n persoon se verlede *op die voorgrond kom*, kan op daardie oomblik aan Jesus Christus oorgegee word. Dit is duidelik in sy gesprekke met ’n melaatse (Matt. 8:3), Nikodemus (Joh. 3) en die Samaritaanse vrou (Joh. 4). Die Meester het ook sy dissipels geroep om Hom te volg en hulle het dit op daardie oomblik gedoen (Matt. 4:18).

Daar moet van die volgende melding gemaak word: Brownell (2010:69) beskryf die "Christian thought" in Gestaltterapie. Daar bestaan 'n beweging wat Rhoda (2008:46) GPC (Gestalt Pastoral Care) noem. Hierdie beweging is deur Tilda Norberg gestig. Die navorser hou daarby dat dit nie in hierdie studie ondersoek word nie.

4.2.3.3 Addisionele spelterapiebewegings

a) Adleriaanse spelterapie

Die kind se gedrag en emosies word in die speelkamer waargeneem en inligting oor sy funksionering en verhoudings in die gemeenskap word deur verskeie rolspelers saamgestel (Adler, 1924:59). Die terapie konsentreer op die gevolge van gedrag en keuses. In die Skrif is talle voorbeelde waar die hele gemeenskap by een of 'n paar kinders betrokke is (Luk 7:32). Dit is dus vir die pastorale berader waardevol om van hierdie tegniek gebruik te maak.

b) Narratiewe spelterapie

Narratiewe terapie is 'n aktuele aspek van beradingspel. *Die werk met kinders sluit dikwels die gebruik van stories in.* Die gebruik van stories is 'n manier om vir die kind die onbekende na die bekende te bring (Cattanach, 2005:107). Tydens narratiewe spelterapie word 'n storie soortgelyk aan die inhoud van die kind se lewe vertel. Daar word spesifiek spesiale aandag aan die invloed wat die kind se probleem op sy lewe het, gegee. Daarna word 'n alternatiewe storie saamgestel waarin die probleem nie meer die kind se lewe domineer nie. Hierdie vorm van terapie stem grootliks ooreen met wat in die Christelike verwysingsraamwerk as "gelykenisse" beskryf word in Lukas 15:11; Matteus 20:1 en Markus 4:1.

c) Theraplay

"Theraplay" is 'n terapie wat daarop gemik is om die verhouding tussen kinders en ouers te herstel (McMahon, 2009:50). Die ouers en hul kinders neem saam aan 'n spelprogram deel. Volgens die Skrif is ouers en kinders onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Hierdie tipe programme kan met sukses as 'n addisionele hulp in die gebruik van spel tydens berading met kinders gebruik word.

d) Tydbeperkende spelterapie

Wanneer 'n kind 'n spesifieke probleem het wat *reeds* geïdentifiseer is, word hierdie tipe terapie voorgestel (Geldard & Geldard, 2008:40). Tydens *pastorale spel* gebeur dit dikwels dat 'n kind saam met die berader sessies en temas beplan. Soms kom 'n kind weer vir beradingspel en dan weet hy

wat om te verwag. Die berader en die kind kan saam besluit watter media of speelgoed gebruik gaan word.

e) Kognitiewegedragspelterapie

Wanneer die kind deur middel van die gebruik van spel emosioneel herstel, moet gedragspatrone dikwels aangepas en reggestel word (Geldard & Geldard, 2008:38). Die kind behoort byvoorbeeld verantwoordelikheid vir take te begin neem en ’n vasgestelde roetine volg. Dit is baie belangrik om hierdie nuwe gewoontes vol te hou. Die ouers kry leiding en opdragte om tuis uit te voer. Struktuur en dissipline gee stabiliteit aan die kind. Die Skrif is baie duidelik omtrent hierdie saak (vgl. Deut. 6: 6-9).

4.2.3.4 Lewensbeskouings van grondleggers in die sielkunde

Hierdie studie is nie ’n ondersoek na die lewens van die grondleggers van die sielkundedissipline nie. Wanneer daar egter pastoraal-teologies na die geskiedenis van die sielkunde gekyk word, kom daar wel aspekte van die gedrag, lewensbeskouings en teorieë van die baanbrekers na vore wat rigtinggewend kan wees.

Die navorser volstaan daarby dat die Skrif in 1 Johannes 4:1 waarsku dat elke gees ondersoek moet word. Verder word in Galasiërs 5:22 na die vrugte van die Heilige Gees verwys. Dit is dus eienskappe wat by Geesvervulde mense voorkom en is: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid. Daar word ook na *selfbeheersing* verwys (Gal 5:23). Die ISV (International Standard Version) beskryf dit soos volg in 2 Timoteus 1:7:

> “...Whoever controls his temper is better than a warrior, and anyone who has *control of his spirit is better than someone who captures a city.”*

Bogenoemde vertaling gee ’n besondere betekenis aan hierdie Skrifgedeelte. Die navorser is van mening dat die pastorale berader onderskeidingsvermoë behoort te hê wanneer daar van spelterapieteorieë gebruik gemaak word.

4.2.3.5 Rol van ouers

Die ouers, voogde of versorgers van die kind wat berading ontvang, het kennis, ondersteuning, uitdagings en dikwels persoonlike hulp nodig. Dit is opvallend dat hierdie komponent nie altyd die aandag van spelterapeute ontvang nie. In Hoofstuk 6 word meer hieroor geskryf.

Die wesenlike verskil tussen die berader en die psigoanalis is dat die berader ook as profeet van die Alomteenwoordige God optree. Die berader is dus ’n tussenganger tussen God en die persoon wat die genesing nodig het.

4.3 Verdere insigte in spel wat as leidrade in berading kan dien

In Hoofstuk 3 is die waarde wat spelterapie vir die pastorale berader inhou, verduidelik. Twee aspekte van die interpreterende moment van spel is breedvoerig in twee afdelings in Hoofstuk 3 beskryf. Die eerste gedeelte bevat *teologiese interpretasies* van spel ná afloop van ’n ondersoek oor die hantering van kinders in die Skrif. Daarna is die interpretasies van teorieë in kuns en wetenskappe gegee wat die agtergrond en voorkoms van spelterapie soos dit in sielkunde gebruik word, behels.

Die navorser kom in 3.2.4 tot die gevolgtrekking dat die spel van kinders wel Skriftuurlik verduidelik kan word. In 3.3.3.2 is die gevolgtrekking gemaak dat spel vir die kind ’n manier bied om sin uit die wêreld maak. Alhoewel die spel van kinders reeds in die vorige hoofstuk geïnterpreteer is, is die oorkoepelende doel van die studie om die terapeutiese waarde van spel te verdedig. Spel hou baie meer in as die blote beskrywing en interpretasie van spel as ’n aktiwiteit!

Om dit te kan doen, moet die verskillende spelterapietegnieke normatief beoordeel word. Hierdie normatiewe beoordeling is noodsaaklik om in die finale hoofstuk van hierdie studie voorstelle vir die gebruik van spelterapie in die pastoraat te maak.

Om die spelterapietegnieke normatief te beoordeel, is dit noodsaaklik om eers die verskillende soorte spel te onderskei. Spel kan voor die hand liggend, doodgewoon, spontaan of intensief wees. Alhoewel spel dikwels spontaan begin, kan dit jou uit die alledaagse na die besonderse toe neem (Huizinga, 1980:19). Intensiewe spel bevat elemente van ’n dieper betrokkenheid. Berryman beskryf intensiewe spel as wetenskaplik en teologies. Dit kom voor of Johan Huizinga onder die eerste skrywers was wat meer in spel as die spel self gesien het. Sy eerste boek is in 1949 gepubliseer. Soos Huizinga verduidelik, ˝... in play there is something ‘at play’ which transcends the immediate needs of life and imparts meaning to the action...˝ Spel kan ook sensories, ontdekkend, fisies, simbolies, sosiaal of geïsoleerd wees (McMahon, 2010: 19- 22). Vervolgende word ’n kort beskrywing van die verskillende soorte spel gegee.

4.3.1 Spontane spel

Spontane spel is ’n gewone, alledaagse aktiwiteit waarmee kinders hul dikwels besig hou. Huizinga (1980:13) sê *spontane spel* is ’n vrye aktiwiteit, dit is nie ernstig nie, dit neem die speler intens en geheel en al in beslag, dit hou geen materiële gewin in nie, dit word begrens deur tyd en ruimte en dit het reëls. Sulke spontane spel is ’n natuurlike aktiwiteit in die lewe van kinders. Deur te speel, kan kinders ontslae raak van oortollige energie, pret hê, uiting gee aan emosies en ontspan (Huizinga, 1980:2-3). Die volgende eienskappe van spel word deur Carvey (1990:4) uitgesonder: dit is genotvol en plesierig, dit besit geen onderliggende doelwitte nie, dit is spontaan, dit vind vrywillig plaas en die speler is aktief betrokke by sy spel.

Al kom dit vir die toeskouer voor of speel ’n mors van tyd is, beweer Berryman dat daar altyd ’n diepe betrokkenheid en konsentrasie by die kind teenwoordig is (Berryman, 2006:36). Die navorser is van mening dat die spel van kinders ’n misterieuse komponent inhou. Soms gebeur dit dat kinders te honger, te siek en ondervoed is om aandag aan hul omgewing te gee en te speel. Jensen (2005: 55) wys egter bemoedigend daarop dat daar selfs in die moeilikste omstandighede gelag en gespeel kan word. Dit is juis in sulke tye dat spel nie net spontaan gebeur nie, maar ’n doelbewuste betekenisuiting word.

4.3.2 Kreatiewe spel

As spel verdiep en die kind meer betrokke raak, word kreatiwiteit gestimuleer. Die impuls om te speel, stimuleer die mens se skeppingsdrang (Berryman, 2006:39). Sodra die mens kreatief besig is, word dopamien vrygestel. Dopamien bevorder die elastisiteit van neurone. Die genot en opgewondenheid wat met spel gepaard gaan, stimuleer die brein en nuwe senuweenetwerke word in die liggaam gevorm. Dit is om hierdie rede dat speel vir die leerproses voordelig is (Hannaford, 2005:73). Spel lei tot ontdekkings, die aanleer van sosiale rolle en nieverbale kommunikasie.

4.3.3 Simboliese spel

Wanneer die kind ná trauma of moeilikheid toegelaat word om te speel, verander hy hom in sy spel in iets beters as wat hy op die oomblik is of hy vererger sy omstandighede in iets gevaarlikers as die waarin hy hom tans bevind. In sy verbeelding beleef hy dinge baie ernstig. In sulke omstandighede bring die kind die diepliggende belewenisse en emosies in *simboliese spel* na die oppervlakte. Dit beteken dat hy sy denke in simbole en afbeeldings organiseer (Ryce-Menuhin, 1992:9). Dit is hoe hy sin uit hierdie wêreld gemaak word (Jensen, 2005:58)

4.3.4 Gevaarlike spel

Wanneer die kind tydens sy spel geen plesier toon nie, of as die spel afgestomp raak, of as dit vir eie gewin aangepak word, afsydig is, van valse belangstelling getuig, of as dit spore van ’n gesteelde kreatiwiteit toon, word spel gevaarlik. Sonder om daarop uit te brei, kan genoem word dat alle soorte spel nie noodwendig voordelig of opbouend is nie. Berryman (2006:43) bestempel sulke spel as vals of as “pseudoplay”. Enige spel wat as vermaak of kompetisie gesien kan word, kan aspekte van manipulasie bevat, wat nie egte spel is nie (Berryman, 2006:46).

4.3.5 Bybels-geïnspireerde spel

Dit wil voorkom of teoloë spel nog nie werklik ondersoek het nie. In die negentiende eeu skryf Bushnell (1861:340) dat God spel as deel van die siel van die mens voorberei het. Jensen (2005:55) verduidelik dat die teologie veronderstel dat God die mens tot baie hoër aksies as spel, roep. In sy boek, *Graced Vulnerability*, verwys Jensen (2005:56) na die insig wat Bushnell gehad het dat kinders volwassenes deur hul spel kan leer. Ouers word ook deur Bushnell aangemoedig om nie te stroef te wees nie, maar om aan hul kinders se lag en hardloop mee te doen (Jensen, 2005:56). Bogenoemde uitsprake van Bushnell was vreemd en ongehoord in die tydperk vóór 1960. Die belangstelling in die teologie van spel het eers in die laat 1960’s en in die 1970’s na vore gekom (Berryman, 2006:39).

Daar word dikwels na christene as kinders van God verwys “To play with others is to connect to the vulnerabilities and otherness that make each one of us a child of God.” (Jensen, 2005:57) Hierdie skrywer maak ook die stelling dat *die verbeelding van ’n kind diep teologies van aard is* (Jensen, 2005: 58-59). Dit kan bes moontlik waar wees. Daar is baie beelde in die Bybel wat nie werklikheidsgetrou is nie. Jensen noem onder andere die voorbeelde van ’n wolf by die lam en die nuwe Jerusalem waar ’n rivier met lewende water vloei.

4.3.6 Skeppingspel

In die boek, *Through the Eyes of a Child,* ontsluit Keith White fasette van spel wat ’n ander rigting in teologiese verkenning aanmoedig. White (2009:44) redeneer dat besinning oor die plek van die kind in die teologie van en leer oor die skepping afwesig is. Hy sê dan oor die kind: “... one of the images that they bring with them is that of ‘play’, and I wonder wether this might provide not only some insights into the heart of creation and the creator ...”

White verduidelik laasgenoemde aanhaling deur aan te toon dat die eerste skeppingsdaad van God onder andere in Spreuke beskryf word (White, 2009:60). Daar is egter al lank gelede oor hierdie saak

nagedink. Huizinga (1980:213) verwys na die heel eerste Engelse vertaling van Spreuke 8 uit die Vulgata.

> "The Lord possessed me in the beginning of his ways, before he made any thing from the beginning. (22) I was set up from eternity, and of old before the earth was made. (23) I was with him forming all things: and was delighted every day, playing before him at all times; (30) Playing in the world: and my delights were to be with the children of men. (31)" (Douay-Rheims Catholic Bible, 1582)

Die latere vertalings van hierdie gedeeltes verskil van hierdie vertaling (Huizinga, 1980:213). Dit kom voor of die vertalers van die Bybel dalk verleë was om Wysheid met 'n spelende kind te assosieer (White, 2009:60).

Die simbool waarmee Jesus Christus die koninkryk van die hemel vergelyk, is 'n kind. Volgens White (2009:61) is dit nodig om grondig na Mattheus 11:25 te kyk: "Daardie tyd het Jesus gesê: 'Ek prys U, Vader, Here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het.'"

Dit wil dus voorkom of kinders nie noodwendig deur volwassenes formeel onderrig moet word om die Here te ken nie. Dieselfde beginsel geld as spel in pastorale berading gebruik word. Weereens het kinders nie die inspraak van volwassenes nodig nie. Die kind het die vermoë om deur sy eie kreatiwiteit nuwe episodes in sy lewe te skep.

In die volgende gedeelte van hierdie normatiewe gedeelte gaan teologiese insigte wat op die spel van kinders betrekking het, bespreek word.

Deel twee

4.4 Kinderteologie

4.4.1 Inleiding

Aangesien hierdie gedeelte van die navorsing die normatiewe moment beskryf, wil die navorser seker maak dat die *spel van kinders* die norm in pastorale berading aan kinders onder die ouderdom van dertien jaar word.

Die vraag is nou of 'n mens hierdie doelstelling teologies kan verantwoord. Om dit te kan doen, sou dit nuttig wees om kortliks te besin oor wat ons onder *teologie* en *praktiese teologie* verstaan. Dit is

egter nie voldoende nie. In die praktyk probeer die navorser deurgaans om volwassenes te oortuig dat kinders *anders* as volwassenes gesien, geleer, pastoraal ondersteun en verstaan moet word. Daarom moet daar na kinders se pastorale sorg gekyk word binne die raamwerk van ’n teologie wat spesifiek op die kind gerig is, dit wil sê *kinderteologie*.

Verder sal gewerk word met die gegewe dat *pastorale berading* is ’n onderafdeling van praktiese teologie is; daarom sou ’n mens kon redeneer dat pastorale berading aan kinders binne die raamwerk van ’n *praktiese kinderteologie* beoordeel moet word. Dit sou dus ook sinvol wees om kinderspel in pastorale berading te beoordeel binne die raamwerk van ’n *praktiese kinderteologie*.

So ’n benadering word gemotiveer deur die vraag wat aan die begin van hierdie studie (Hoofstuk 1.2.2) gestel is, naamlik of die *stem* van die kind in geestelike nood deur die kerk gehoor word. Wat die antwoord op die vraag *kan wees*, blyk uit Jesus Christus se optrede meer as tweeduisend jaar gelede (White, 2012:121). Die mees betekenisvolle uitdaging aan ons is om die radikaliteit van Jesus se lering oor kinders vas te vang (Gundry-Volf, 2001:60). Christene kan hul afvra: Wat het intussen gebeur? Grobbelaar (2008:9) wys daarop dat daar in die twintigste en een-en-twintigste eeue wêreldwyd – ook in Suid-Afrika – ’n groter bewuswording van kinders in die samelewing ontstaan het. Dit kom egter voor of die kerk in die algemeen steeds nie die kind se stem erken nie. Tog is dit verblydend dat ’n nuwe refrein in die afgelope tyd in die teologie gehoor word. Dit is óók ’n vraag (Dillen & Pollefeyt, 2010:3): “Does Christianity take children’s voices seriously?” Sou die vraag moontlik deur ’n *kinderteologie* beantwoord kon word?

Vervolgens word definisies van *teologie* en *praktiese teologie* uit die literatuur aangebied, *pastorale berading* word afgebaken en *kinderteologie* word gedefinieer en bespreek.

4.4.2 Wat is teologie?

Heyns en Pieterse (1994:4) se definisie van *teologie* lui soos volg: “Teologie is die wetenskaplike bestudering van mense se geloof in God en mense se uitspraak oor God.” ’n Ander definisie is dié van Wethmar (1996:483): “Die teologie is 'n dimensie van die gebeure waarin die Woord van God en die Christelike geloof op mekaar afgestem is en waarin die kerk in aansyn geroep en in stand gehou word.” Die navorser meen dat hierdie definisie op *akademiese teologie* van toepassing is.

Om die omvang van die wetenskap van teologie te beskryf soos die navorser dit begryp, kan by die vak *Bybelkunde* begin word. Soms word ook na *geloofsleer* verwys. Teologie bestaan uit baie onderafdelings. Een hiervan is *praktiese teologie*.

4.4.3 Wat is praktiese teologie?

Heyns (1987:13) se definisie van *praktiese teologie* lui soos volg: "... scientia praxeos, ('n teologiese) wetenskap wat 'n (kritiese) teorie vir die praktyk (praxis) nastreef." Pieterse (1993:2) se definisie is makliker om te verstaan: "... die studie van die geloofshandeling van die mens, met ander woorde, hoe die mens God ontmoet." Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat praktiese teologie na die verskillende maniere verwys waarop die mens die evangelie in die gemeenskap uitleef. Praktiese teologie is die gebeure self. Hierdie gebeure, wat ook *handelinge* genoem word, is volgens Du Toit (2009:7) die volgende:

- Prediking
- Onderrig
- Sorg
- Viering
- Dienswerk

In hierdie studie word die term *pastorale berading* gebruik wanneer daar na sorg, soos hierbo aangedui, verwys word. Magezi (2007:115) onderskei verskillende funksies van pastorale berading, wat 'n omvattende betekenis aan pastorale berading gee. Hierdie funksies is *genesing, onderhouding, leiding, herstel* en *versorging*.

4.4.4 Wat is kinderteologie?

Die nuwe besinning oor die kind en teologie het die afgelope tien jaar begin. In 2001 het Keith White met sy voordrag, " A Little Child will lead them" – rediscovering Children at the Heart of Mission," die aandag op kinderteologie en die betekenis daarvan gevestig. White beskou die handeling van "Jesus Christus toe Hy 'n kind in die middel plaas" as die begin van wat bekend sou word as *kinderteologie* (White, 2008:355).

Wanneer kinderteologie op die keper beskou word, soos wat in hierdie studie gedoen word, is 'n veel wyer uiteensetting nodig as: "... die wetenskaplike bestudering van *kinders* se geloof in God en *hulle* (die kinders se) uitsprake oor God" (aanpassing van Heyns en Pieterse se definisie hierbo). Dillen en Pollefeyt (2010:6) definieer *kinderteologie* soos volg:

> "Child Theology is a term for the movement which tries to re-examine and interpret classical theology viewpoints from the perspective of the child and in view of children's wellbeing. "

Die navorser is van mening dat Marcia Bunge (2001:26) se gevolgtrekking oor die manier hoe Christene kinders moet beskou, die beginpunt van 'n bewustheid oor die kind se plek in die Christelike gemeenskap moet wees, naamlik "at the center of the Christian community's attention..."

In aansluiting hierby kan 'n studie van die manier waarop kinders in praktiese teologie en meer spesifiek in pastorale berading benader word, gebruik word om op 'n kinderteologiese raamwerk vir die normatiewe beoordeling van kinderspel in pastorale berading te besluit (vgl. Fricke, 2012:1-3):

- Gaan dit in hierdie teologie *oor* kinders?
- Gaan dit in hierdie teologie oor wat *deur* kinders gedoen word?
- Gaan dit om teologie waarin daar *met* kinders gewerk word?
- Gaan dit om teologie deur volwassenes *vir* kinders?

Die aspekte van kinderteologie wat vir hierdie studie belangrik is, is die *deur, oor* en *met* kinders. Hierdie aspekte word verder verduidelik:

- *Deur* die kind se betrokkenheid tydens die *empiriese momente* in berading kom die berader tot insigte.
- In die *interpreterende moment* is gekyk na die agtergrond *oor* die kind in die Skrif en die kennis wat uit die spelterapiebeweging voortvloei.
- Daar word in die *normatiewe moment* van die navorsing besin *oor* die toepassing van Jesus Christus se onderrig *oor* die kind en teologiese insigte *oor* die kind vir pastorale berading.
- In die *pragmatiese momente* van hierdie navorsing sal aspekte wat *met* die kind behoort gedoen te word en wat die kind self kan doen, voorgestel word.

Wanneer daar met kinders gewerk word, is dit nie uitsluitlik volwassenes wat *vir* die kind 'n teologie skep nie. Die kind moet ook self betrokke wees by die proses. Verder sal die kind nie (soos teoloë dikwels doen) met filosofiese idees oor teologie na ander uitreik nie. Fricke (2012:1) se mening dat kinders nie *akademies*-teologies kan redeneer nie, is sinvol vir die navorser. As in ag geneem word wat die kind se kognitiewe ontwikkeling volgens Piaget behels, is Fricke se veronderstelling korrek.

4.4.5 Benaderings wat nie kinderteologie is nie

Daar is in die literatuur voorbeelde van voorstelle wat volgens die navorser nie die wese van kinderteologie uitlig nie.

Die boek van Mercer (2005:247- 262) is hiervan ’n goeie voorbeeld. In die laaste hoofstuk word gevalle van kinderbetrokkenheid in eredienste beskryf en aangemoedig. Dit kom voor of die opskrif, “Towards a Feminist Practical Theology of Childhood”, ’n nuwe uitgangspunt vir kinderteologie voorstel. Daar word egter praktiese voorstelle gemaak oor hoe om kinders in die erediens te betrek.

Die navorser is versigtig om nie nuwe voorstelle met betrekking tot *programme* te maak nie. Dit bly noodsaaklik dat die kind steeds die middelpunt van praktiese kinderteologie sal wees.

Daar bestaan ook literatuur oor die spiritualiteit van kinders wat onder die vaandel van kinderteologie gepubliseer word. Die Christelike standpunt moet met oorleg en onderskeiding gevolg word.

4.4.6 Godly play

Daar is reeds vroeër in hierdie studie na “Godly Play” verwys. Privett (2009:123) ondersteun die gebruik daarvan en verwys na die populariteit van Godly Play in die Verenigde Koningkryk en selfs in Europa. Hierdie “*religious education through Godly play*”, soos Berryman daarna verwys, het momentum met die stigting van *the Center for the Theology of Childhood* in 1997 gekry (Berryman, 2006:92). Jerome Berryman (2006:12) verduidelik Godly Play soos volg:

> “*In Godly Play the invitation is given not for play in general but for play with the lanuage of God and God’s people: our sacred stories, parables, liturgial actions and silences. Through this powerful language, through our wondering, through the community of players gathered together, we hear the deepest invitation of all: an invitation to come play with God.”*

Nye (2009:70) moedig navorsers aan om meer prakties te begin dink oor kinders se spiritualiteit. Volgens Nye is die gebruik van *“Godly Play”* ‘n aanwins vir die ontginning van kinders se geestelike ontwikkeling.

Die navorser som soos volg op: Godly Play kom voor as ’n gestruktureerde manier om kategese aan te bied. Kinders kom op ‘n vasgestelde tyd na ’n klas/speelkamer en luister na ‘n verhaal uit die Bybel. Daar word na afloop van die vertelling saam tyd spandeer aan *refleksie* (Berryman, 2006:56). Die kinders kry dan die geleentheid om in hul eie tyd die interpretasie van die verhaal deur spel of kreatiewe werk te verken. Dit kan gebeur dat kinders in die *speeltyd* hul eie onverwerkte probleme deur kunswerk of spel aanspreek.

Die navorser is van mening dat die gebruik van *Godly Play* die potensiaal het om ’n groot bydrae tot die praktiese teologie te lewer.

4.5 Matteus 18:1-5

In hierdie normatiewe gedeelte van die navorsing is daar verskeie kere na die oorsprong van kinderteologie (4.3.6 en 4.4.4) verwys. Keith White, die groot voorstander van ’n kinderteologie, meen dat kinderteologie die uitsluitlike doel het om as ’n praktiese of werkende teologie te funksioneer (White 2012:127). Omdat hierdie studie spesifiek op die hantering van die kind op die terrein van praktiese teologie toegespits is, is dit noodsaaklik die perikoop wat die essensie van kinderteologie bevat van nader te bekyk, naamlik Matteus Matt 18:2-4 voor:

> “Hy het ’n kindjie nader geroep en hom tussen hulle laat staan en gesê: “Dit verseker ek julle: As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie. Wie homself gering ag soos hierdie kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemel.” (Bybel. 1983)

Die omstandighede en agtergrond van hierdie gedeelte is reeds volledig in (3.2.5.3) bespreek. Hierdie perikoop het talryke interpretasies (Jensen, 2005:125). Sommige van hierdie interpretasies is deur die navorser ondersoek. Om die interpretasies in hierdie gedeelte te verdedig of te ondersteun, is ’n taak van wye omvang. Sekere hoogtepunte van die vertolkings dra volgens die navorser by tot die waarde van hierdie studie en word kortliks behandel.

Daar is reeds in die interpreterende(3.2.5) en ook in hierdie normatiewe (4.7.3) momente van hierdie studie na Jesus Christus se verbintenis met kinders verwys. Die opvallende kontras tussen Jesus se benadering teenoor kinders en die algemene opinie van die kind in die samelewing van daardie tyd val onmiddellik op (Jensen, 2005:125-126; Weber, 1979:34,66). Dit is duidelik dat kinders geen sosiale status besit het nie. Jesus Christus roep ’n kind nader om sy leer te verduidelik in ’n omgewing waar net slawe minder sosiale waarde gehad het. ’n Kind word betrek en geen ander mens nie (White, 2012:128). Die kind word dus deur Jesus as ’n volledig menslike wese wat ’n eie natuur en status besit, erken (Jensen, 2005:126).

In teenstelling met die kind, verwys Weber (1979:34) na die dissipels bloot as mense wat “nog ’n basiese les geleer moet word.” Die kind, wat in die middelpunt geplaas word, word ’n simbool van ware dissipelskap (1979:46).

Die dringende vraag oor die les wat in die perikoop geleer word, is volgens die navorser: *Wat beteken dit om soos ’n kind te word*? Het Jesus Christus kinderlikheid in gedagte gehad? Dit kom nie so voor nie.

In die Engelse vertalings word die woord *humble* gebruik vir die frase: “ wie gering ag ”. Land (2010:4) verduidelik die begrip *humble*. Hy verwys na die enigste ander plek waar Matteus die woord gebruik, naamlik in Matteus 23:12-13: “There he says, ‘For those who exalt themselves will be humbled, and those who humble themselves will be exalted.’”

Om jouself te “humble” beteken dat jy kies om die stryd om bo jou eweknie uit te styg, prysgee (Land, 2010:6). Die slotsom is dus dat ’n mens jou verlange na status en die stryd om belangriker as ander te wees, laat vaar.

Wat beteken dit vir ons vandag as ons die koninkryk van die hemel wil binnegaan? Vir die uitkoms van hierdie navorsing bevestig dit dat daar in die praktiese teologie, en veral die pastorale berading, geen ander manier is as om die kind se wêreld te betree nie.

4.6 Pastorale berading

Om die bediening van die pastorale berader, in hierdie studie spesifiek vir die kind, te verduidelik, sal die betekenis van die woord *pastoraal*, die agtergrond en wese van pastorale berading en die vertrekpunte van die pastorale kinderberader bespreek word.

4.6.1 Pastorale beraders

Daar bestaan baie geskoolde en kundige beraders wat kinders met emosionele probleme kan help. Volgens die navorser se eie waarneming is die eienskap wat pastorale beraders van ander onderskei, hul innerlike motivering. Pastorale beraders se uitgangspunt is gewoonlik die Skrif.

4.6.2 Die betekenis van die woord “pastoraal”

Alhoewel daar reeds in 1.2.2 definisies vir die pastorale berader gegee is, wil die navorser egter met die volgende verwysings die rede vir die hierdie woordkeuse verduidelik. Die *Oxford English Dictionary* gee die volgende betekenis van ’n *berader* (“counsellor”): “...a trained person to give guidance on personal or psychological problems.” Dit word dus aanvaar dat die term *berader* in die praktiese teologie sowel as in ander deelwetenskappe gebruik word.

Soos wat reeds genoem is, verskil die werk van die pastorale, Christelike of Bybelse berader van die van ander geestelike hulpverleners. Collins (2007:36) verduidelik die verskillende uitgangpunte van pastorale versorging, berading en pastorale psigoterapie, maar behou self die benaming *Christian counselor* regdeur sy boek. Dit wil voorkom of die begrip pastoraal vir hom te veel na die roeping van ’n priester of ’n predikant verwys. Vir die doel van hierdie studie verkies die navorser om “berader” met “pastoraal” te kwalifiseer, dit wil sê die term *pastorale berader* word in hierdie studie gebruik.

Die woord “pastoraal” word in die WAT (Woordeboek van die Afrikaanse Taal) met onder andere die woord *raadgewer* verduidelik. Die navorser verwys na die profeet Jesaja (9:5) wat die Messias as “Raadsman” voorstel. MacArthur en Mack (1994:10) is van mening dat die hoogste kwalifikasie vir ’n persoon wat met mense werk, “Christlikeness” behoort te wees. Die pastorale berader wat die Messias navolg, sal dus as ’n *raadgewer* optree.

Venter (1976:37) beskryf pastorale sorg na aanleiding van 2 Korintiërs 5:18-19 as ’n *bediening van versoening*. Aan die ander kant gebruik Louw (1993:4) die term *herstel* wanneer hy na pastorale werk verwys.

Na aanleiding van bogenoemde verduidelikings kan verwag word dat die pastorale berader se werk aspekte van raadgewing, versoening en herstel sal insluit.

4.6.3 Die agtergrond en wese van pastorale sorg

Die mens wat innerlike pyn en konflik ervaar, het dikwels hulp nodig. Pastorale versorging was vroeër ’n geïntegreerde deel van die kerkbediening. Daar was ’n tydperk toe herderskap, soos dit in die vroeë kerk bestaan het, geestelike hulpverlening ingesluit het.

Bruinsma-de Beer (2006:168) verduidelik in haar artikel die oorsprong van die Duitse woord “Seelsorge”. Dit het dieselfde betekenis as die uitdrukking “pastoral care” wat uit die Latyn *cura animaru* ontstaan het. Die Latynse frase veronderstel “die geestelike welsyn **van** mense en die godsdienstige hantering van die indiwidu”. Vergelyk in die verband ook Lartey (1997:1) wat dit “the cure of souls” noem en Louw (1993:1-3) wat tot die slotsom kom dat *cura animarum* die “versorging van die hele mens in afhanklikheid van God” beteken. Heitink (1977:68) is van mening dat die term *sielsorg* eerder na die proses van hulpverlening as na die konsep verwys. Die navorser verkies om *sielesorg* ook eerder vir die handeling as die benaming in die bediening van die pastoraat te gebruik.

Die pastoraat het egter beslis met die funksionering van die mens se *siel* te doen. Dit is waar dat die gebruik van die woord *siel* lank deur die Protestantse teologie verwaarloos was (Ferreira, 2009:6).

Om die wese van die siel te beskryf, strek baie verder as bloot die innerlike, die bewussyn of die psigiese funksionering van die mens (Louw, 1993:2). Die Skrif verwys dikwels na die siel van die mens (Luk. 10:27; Mark. 10:28). Tog word die siel en ander dele van ’n mens, soos die hart, gees, denke ensovoorts nie in die Skrif gedefinieer of skerp van mekaar onderskei nie (Hanekom, 2005:10). Dit is egter nie vir die doel van hierdie navorsing nodig om die sienings van dualisme en trigotomie te beredeneer nie. Daar word dus volstaan met die definisie van Ferreira (2009:4) wat die siel soos volg beskryf: **“**Die nie-fisieke deel van die persoon; die psigiese self, toegerus met ’n verstand, hart en wil.”

Die funksie wat die pastor in mense se lewens vervul, het mettertyd verander. Sedert 1960 speel kerke nie meer so ’n opvallende rol in die lewe van mense nie (Bruinsma-de Beer, 2006:168). Die skrywer verduidelik dat die werk van priesters, pastore of predikante deur sosiale werkers, opvoeders en psigoanaliste oorgeneem is. Psigologie is geskik vir die toenemende sekularisasie in die wêreld (MacArthur & Mack, 1994:xiv). Gevolglik het die psigososiale berading, as die studie van die siel, baie veld gewen en vir dekades die geestelike hulpverlening aan mense oorheers. Volgens Powlison (2000:19) het selfs die Christelike beradingsveld grootliks leidrade uit die sekulêre psigologie oorgeneem. (Die ontwikkeling en groei van die psigologie word in Hoofstuk 3 van hierdie studie bespreek.)

Daar het egter ’n nuwe beweging in die geestelike versorging van die mens ontwikkel, naamlik pastorale berading. Ferreira (2009:3) beweer dat die postmoderne bewussyn agterdogtig begin raak het oor positivisme en behaviorisme. Van die voorlopers op die gebied van Bybelse berading was: Adams (1979); Heitink (1977); Gerkin (1997); McMinn (1996) en Collins (2007). Sommige van die beraders het hewige kritiek in hul boeke teenoor die psigologie uitgespreek. Adams (1986b:xi) beweer dat psigiatrie en psigoanalise die kerk infiltreer het. Daar kan egter ook geredeneer word dat die kerk die infiltrasie van “Freudian humanism**”,** soos MacArthur (1994:80) dit noem, toegelaat het. Daar is baie navorsing deur psigoloë gedoen. Collins (2007:42) toon aan dat die kennis oor die menslike gedrag wat in gedrukte vorm en deur die Internet versprei word, waardevol is. Die slotsom waartoe die navorser kom, is dat daar samewerking tussen die kerk en psigologie behoort te wees.

Die rede waarom daar geestelike hulp buite die kerk gesoek is, kon moontlik wees dat die godsdienstige berader intieme kwessies gemakliker met ander kenners kon bespreek (Collins, 2007:44). Die woorde van Louw (1993:13) is hier van toepassing. Hy skryf dat daar binne die veld van die pastorale bediening ook ander hulpaksies soos maatskaplike werk en die psigologiese berading opereer. Dit moedig die pastorale berader aan om sy eie identiteit in verhouding met hierdie ander

hulpverleningsdissiplines te ontdek en te beskryf (Louw, 1993:13). Dit is belangrik vir die pastorale berader om op hoogte te bly van deeldissiplines se navorsing en metodes. Daar behoort egter nie net hulp verleen te word om geestelike gesondheid te help herwin nie, maar ook leiding gegee word om in die regte verhouding met God te lewe (McMinn, 1996:33).

Die navorser het in die praktyk gevind dat daar wanopvattings oor die pastoraat bestaan. Daar word beklemtoon dat die navorser sterk daaroor voel dat die pastorale berader se bediening nie uit sekulêre teorieë wat Skriftuurlike verwysings aan geestelike probleme heg, bestaan nie (MacArthur en Mack, 1994:10).

Wat egter hier belangrik is, is dat daar mettertyd weer kundiges uit die praktiese teologie na vore gekom het. Die pastorale berader erken die Skrif en maak staat op die hulp en leiding van die Heilige Gees.

4.6.4 Die vertrekpunte van die pastorale kinderberader

Die doel van pastoraat kan, met verwysing na die proefskrif van Venter (1976), soos volg opgesom word: “Om aan mense wat geestelike hulp nodig het en daarom vra, raad te gee wat sal lei tot versoening en die herstel van sielsvrede.”

Binne die raamwerk van die pastorale berading aan kinders kom daar, volgens die navorser, ’n addisionele aspek na vore. Volgens MacArthur en Mack (1994:10) is die berader se hoogste roeping om ’n navolger van Jesus Christus te wees.

Omdat die navorser binne die reformatoriese tradisie werk, is die *mensbeskouing* en *Skrifbeskouing* van hierdie tradisie ’n belangrike vertrekpunt in die hantering van enige pastorale probleem, ook met kinders. Aangesien dit dogmaties begrond behoort te wees, val dit buite die omvang van hierdie studie. (’n Bespreking van mensbeskouing en Skrifbeskouing word nietemin as Bylae 3 aangeheg.)

Die Messias het na die wêreld gekom. Hy het sy hemelse woning verlaat om na die mense toe te kom. In Johannes 1:14 staan daar dat die Woord mens geword en onder die mense kom woon het. Sy naam, soos dit in Openbaring 19:3 staan, is *Die Woord van God*. As die Seun van God tussen die mense kom woon het, behoort die berader wat met kinders werk, die wêreld van kinders te betree. Dit beteken dat kinderberaders die leefwêreld van kinders moet bestudeer en die vermoë ontwikkel om hulle daar te ontmoet.

Die navorser volstaan dus daarby dat die berader wat met kinders werk, geroepe moet wees en dan opleiding ontvang om kinders op hulle vlak van funksionering te begelei. Soos in alle pastorale

berading moet die hulpverlener altyd in ag neem dat genesing van God die Vader, in die naam van Jesus Christus, plaasvind. Daar sal binne die kontoere van ’n model vir beradingspel aangedui word hoe die wisselwerking kan plaasvind (6.2.4). Die Heilige Gees sal die pastorale berader lei (Rom. 8:14), leer (Joh. 14:26), die waarheid wys (Joh. 15:26) en toerus vir die bediening (1 Kor. 12:5-11).

4.7 Spelterapie as beradingsmodel in die pastoraat

4.7.1 Die onderontwikkelde pastorale bediening aan kinders

Soos wat daar in 1.6 aangehaal word, behoort Christelike inisiatief in die veld van spelterapie geneem te word. Daar word nie genoeg pastorale hulp aan kinders met emosionele en geestelike probleme gegee nie. Lester (1985:39) skryf dat rituele, simbole en preke wat glad nie deur kinders begryp word nie, kan veroorsaak dat hulle nie voeling met Jesus Christus kry nie. Carroll (2001:133-134) daag Christelike teoloë uit om eerlike selfondersoek te doen en objektief na die wyse van aanbidding, opvoeding en pastorale versorging van kinders te kyk. Hy vra: “Wat sal gebeur as teologie en prediking die wêreld van die kind ernstig opneem en ’n ruimte oopmaak wat speels en verbeeldingryk is?” Stafford (2010:26) doen ’n beroep op die kerk om die belangrikheid van kinders in hul werkswyse in ag te neem.

In 1.3.1 word Adams aangehaal waar hy beweer dat berading vir kinders aan die Christelike skool oorgelaat behoort te word. Dieselfde skrywer skryf egter later dat min kinders geleer word hoe om hul probleme na die Here te bring. Hy veronderstel dat kinders tuis en op skool grootgemaak word volgens ’n leer van selfvoorsiening, wat kan lei tot radikale selfgesentreerdheid. Laasgenoemde het trots en arrogansie tot gevolg. Volgens Adams ontwikkel daar ’n ongesonde interafhanklikheid tussen kinders aan die een kant en ouers en die samelewing aan die ander kant (Adams, 1986b:67).

Die navorser is van mening dat spelterapie, soos dit soms toegepas word, ook tot selfgesentreerdheid kan lei. ’n Voorbeeld hiervan is dat ’n kind wat oor ’n lang tydperk kind-gesentreerde terapie ontvang mettertyd niemand se struktuur en dissipline wil aanvaar nie. Hierdie navorsing sal ’n poging aanwend om Bybelse beginsels in die gebruik van spelterapie in die pastoraat na vore te bring.

4.7.2 Die ontwikkeling van die kind se geloof

Dit is belangrik dat die geloofontwikkeling van die kind deur die berader verstaan word. Die navorser is oortuig dat ’n kind se geloof nie gemeet kan word nie. Die geestelike of spirituele deel van die kind

se lewe staan nie apart van die res van sy lewe nie (Nye, 2009:73). Die berader sal wel die ontwikkeling van die kind se geloof in ag neem tydens speel sessies.

Daar bestaan erkende modelle wat die verloop van die kind se *kognitiewe, emosionele, fisiese* en ander ontwikkeling beskryf. Gewoonlik sal kinders gemaklik deur hierdie stadiums groei (Mueller 2010:197). Dit is maklik vir ’n hulpverlener om hierdie funksioneringsvlakke van die kind met behulp van meetinstrumente te bepaal.

Fowler (1995) het die ontwikkelingsteorieë van Piaget, Kohlberg en Eriksen as ’n basis gebruik om sy teorie oor die verskillende fases van geloofontwikkeling te beskryf. Smith (2011) verduidelik hoe Fowler ’n spiraalmodel voorgestel het wat impliseer dat geloof nie noodwendig stap vir stap, volgens ’n vaste patroon ontwikkel nie. Daar word op die voorkennis van elke vorige vlak (fase) gebou en uitgebrei. Hierdie teorie van Fowler word tot op datum as die mees klassieke model vir die fases van geloofontwikkeling beskou (Mueller, 2010:198).

Daar is ander teoretici wat voortbou op Fowler se teorie. Volgens Dobmeier (2011:11) is die drie fases van Fowler se teorie die volgende: drie tot sewe jaar, sewe tot elf jaar en adolessensie. Smith (2011) dui ses geloofsvlakke in Fowler se ontwikkelingsmodel aan. Dit word kortliks beskryf:

Nulvlak behels die *ongedifferensieerde* geloof van die baba en die peuter in. Simbole en taal bestaan nog nie by die kindertjies nie. Die vertroue wat die kind in die versorger het, lê die grondslag vir latere geloofontwikkeling.

Vlak 1 is die *intuïtief-projektiewe* stadium. Die kind van drie tot ses jaar gebruik taal en simbole om ervarings te interpreteer. Stories, fantasie en nabootsing is kenmerkend. Ander mense se geloof word nageboots.

Vlak 2 bestaan uit *mities-letterlike* geloof. Hierdie is die narratiewe stadium wanneer stories onvoorwaardelik geglo word. Die kind is egosentries en die Goddelike en eie siening word as gelykwaardig beskou. Morele waardes word letterlik geïnterpreteer. Hierdie stadium vind gewoonlik op laerskoolvlak plaas.

Vlak 3 is *konvensionele* geloof. Analitiese denke word bemeester en die sosiale omgewing beïnvloed die persoon. Geloof word beleef as almal se geloof. God is die Heilige: die Ander Een. Simbool en betekenis word verwar en simbole word dikwels as heilig aanvaar.

Vlak 4 word gekenmerk deur *indiwidualisties-reflektiewe* geloof. Dit kan reeds in puberteit voorkom. Kritiese denke bevraagteken waarde, simbole en betekenis. Daar word weg gebreek van konvensionele gesag na innerlike gesag. Agnostisisme kom voor.

Vlak 5 betree konjunktiewe geloof. Die diepte van simbole word besef. Dit gaan om meer as ideologie, die onderbewuste en bewuste word versoen en die werklikheid word sonder meer aanvaar. Geloof word geïntegreer in 'n wyer, groter prentjie waarin ander gelowe ook voorkom, sonder om die eie te verander.

Vlak 6 omvat universalistiese geloof. Dit besit nie 'n eie ego nie en openbaar 'n sterk gevoel vir transendente morele waardes. Die behoefte aan selfbehoud het verdwyn. Daar is 'n oopheid vir ander gemeenskappe en gelowe, en visioenêre idees van beginsels soos inklusiwiteit, geregtigheid en 'n wêreld waar die eenwees agter die verskeidenheid raakgesien word.

Hay (2006:51) is egter van mening dat Fowler se klem op die verstandelike en morele ontwikkeling van die kind daartoe lei dat die kind se spiritualiteit nie in ag geneem word nie. Die navorser is van mening dat Hay se kommentaar relevant is. Vroeër is genoem dat die ontwikkeling van geloof in spiraalvlakke plaasvind. 'n Goddelike ingryping of openbaring in die lewe van 'n kind moet nie misgekyk word nie. Daar bestaan baie voorbeelde van kinders wat 'n geloofsoortuiging besit wat nie noodwendig op sy *ontwikkelingsvlak* tuisgebring kan word nie (Nye, 2009:73).

Mueller (2010:197) skryf dat kinders gebore word met 'n geestelike bevoegdheid, wat 'n innerlike kwaliteit of krag insluit om geloof te ontwikkel. Die kind se geestelike groei word dikwels gebaseer op sy ondervinding. Daar bestaan by die kind 'n bewustheid dat hy in aanraking is met iets groters en belangriker, wat deel van sy eindbestemming vorm (Mercer, 2006:504).

Omdat kinders nie hul denke in taal kan verwoord nie, vind die vreugde, wanhoop en die wonder van hul spiritualiteit in hul gedrag uiting. In hul gedrag sal hulle rituele naboots en simbole in hul verbeeldingspel gebruik. Geloofsuiting kan ook in dans, kuns, sang, en beweging plaasvind. Hulle bevraagteken die betekenis van hul eie ervarings met onskuld, gee uitdrukking aan hul waardes en oordeel ander se waardes (Mueller, 2010:200).

Mercer (2006:498-500) groepeer die geestelike belewing van die kind in vier groepe. Hierdie groepering kan volgens die navorser die kinderberader help om die kind se eerlike en opregte geloof te verstaan:

Die mistieke

Die kind besit 'n element van geheimenis. Tradisioneel is kinders dikwels as effens heilig beskou. Dit is asof hulle al 'n voorkennis van die hemel het of 'n ervaring van Jesus Christus besit en Hom erken.

Die aktivis

Die kind beleef sy geloof aktief. Kinders glo maklik dat hulle die werk van Jesus of God behoort voort te sit. Hulle sal deelneem aan aksies, insamelings en self opstande ondersteun. Daar word dus waarde en waarheid aan sake geheg soos wat hulle dit ervaar.

Die kindersage

Dit kom voor wanneer die kind buite sy ouderdomsvlak met begrip en empatie optree. Hulle kan byvoorbeeld diepe empatie beleef of iemand met verbasende insig en begrip vertroos.

Die heilige gek

Daar bestaan ’n onderliggende humor in die opregtheid van kinders se geloof wanneer hulle presies sê wat hulle wil. Die kind sal verbaas wees as ander daaroor lag.

Die navorser kry in die praktyk dikwels met bogenoemde geloofsuitinge van kinders te doen. Die skrywer, Mercer, gee substansie aan die bestaan van hierdie insigte by kinders. Mercer (2006:500) suggereer met hierdie vier beelde kinders se kleurvolle en multidimensionele geestelikheid. Die skrywer stel ook voor dat dit in ag geneem word in ’n holistiese benadering wanneer hulp aan kinders en hul families gegee word.

4.7.3 Skriftuurlike begronding vir die gebruik van spelterapie in die pastoraat

Daar is geen voorbeelde van spelterapie in die Skrif nie. Soos wat reeds aangedui is, word die spel van kinders nie in die Skrif bespreek of beskryf nie. Daar is egter baie voorbeelde van kreatiwiteit en konkrete handeling wat kan dien as riglyne vir kinderberading. Tydens spelterapie voorsien die berader konkrete materiaal waaruit die kind kies om 'n kreatiewe uitbeelding te maak om hom te help om innerlike pyn op simbole te projekteer.

Alhoewel daar nie voorbeelde van kinderspel in die Skrif voorkom nie, word ander emosionele belewenisse van kinders genoem. In Esegiël 16:4-5 word geskryf dat omgewingsinvloede direk na geboorte begin. ’n Kind openbaar hom ook deur sy dade en optrede (vgl. ook Spr. 20:11).

Die Skepper het konkreet geskep. In die skeppingsverhaal lees ons dat die Vader klei gebruik het om die eerste mens te maak. Hy maak dus ’n afbeelding van Hom, wat ook ’n projeksie genoem kan word. Deur ’n vorm van projeksies tydens berading aan kinders te gebruik, help die berader die kind om deur kreatiwiteit die proses van genesing te begin.

In die Messiasverwagting (2.4.1) word die spel van kinders in ’n profesie gebruik. Die profesie word vervul wanneer kinders tydens die intog in Jerusalem in die tempel inkom en daar sing.

Tydens Jesus Christus se drie jaar lange bediening op aarde het Hy die status van kinders vir altyd verander. Deur sy mondelinge vertellings, handelinge en onderrig sou die manier waarop daar met kinders gepraat en teenoor hulle opgetree word, vir altyd verander.

Die wanpersepsie van kinders het begin verander vandat Hy die kind tydens sy bediening betrek het. Jesus Christus het eers oor kinders gepraat, later met hulle gesels, hulle aangeraak, genees en opgewek.

Die Meester gebruik aspekte van spelterapie in sy omgang met kinders. Die volgende voorbeelde is van toepassing:

- Hy ontmoet die kind op sy funksioneringsvlak (Mark 10:16).
- Hy gebruik net die noodsaaklike woorde wanneer Hy praat (Luk 17:14).
- Hy vertel stories (Luk 10:30).
- Hy maak gebruik van simbole en beelde in die verhale wat hy vertel (Luk 8:40).
- Hy gebruik konkrete materiaal tydens wonderwerke (Joh 9:11).

Dit gebeur soms dat ’n kind as gevolg van trauma, verlies of ander probleme nie meer ’n gebalanseerde kinderlewe het nie. Umlilo (2002:157) nooi die pastorale kinderberader uit om saam met Jesus Christus (Mark 5:39-41) te sê: “Talitha Kumi... my dearest Little one... I say to you arise! We have not lost the child, she is only asleep.”

Die navorser is van mening dat ’n pastoralespelmodel ’n daadwerklike verandering in die emosionele en geestelike wêreld van die kind kan bring.

4.8 Gevolgtrekkings

Jesus Christus is die rolmodel vir die pastorale berader. Sy woorde, dade, vrae, die manier van onderrig en genesing gee riglyne wat nagevolg kan word. Die berader wat met kinders werk, behoort soos die Messias die wêreld van kinders te betree. Dit beteken dat kinderberaders die leefwêreld van kinders moet bestudeer en die vermoë moet ontwikkel om hulle daar te ontmoet.

Die agtergrond en totstandkoming van die pastorale berading toon aan hoe hierdie hulpverleningspraktyk selfstandig bestaan. Die mens word as onlosmaaklik van God beskou terwyl die Skrif die onfeilbare, hoogste gesag in die pastorale praktyk het.

Hoofstuk 5 – Pastorale beradingspel met betrekking tot kind en spel

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die uitkoms van die studie saamgevat. Onder andere sal aangedui word of die doelstelling wat in Hoofstuk 1 geformuleer is, bereik is. Osmer se vierde vraag oor hoe om op die probleem wat hanteer word, te reageer, word beantwoord (Osmer, 2008:4). Die *vraag* in Hoofstuk 1 was: Kan die onontginde potensiaal van spel deur die pastorale berader gebruik word om die kind tot heling te lei? Ná afloop van die *beskrywend-empiriese, interpreterende* en *normatiewe* momente in hierdie studie word die *pragmatiese moment nou* geformuleer. Dit is die strategiese aksie wat die *probleem* wat aan die begin geformuleer is, beantwoord.

As die pragmatiese taak bied die hoofstuk kontoere vir ’n model waarvolgens kinders deur middel van spel pastoraal begelei kan word. Volgens Smith (2008:9) word daar nie werklik deur Osmer ’n teologiese handelingsteorie wat op die fundamentele voorafgaande drie momente gebaseer is, voorgestel nie. Alhoewel die navorser met Smith hieroor saamstem, bied die opsomming van Osmer (2008:4) se pragmatiese taak ’n goeie riglyn vir die praktiese taak van hierdie studie. Osmer (2008:176) wys daarop dat daar in hierdie fase van die navorsing praktiese modelle en “rules of art” voorgestel word. Die pastorale berader sal dit kan gebruik om die kind in geestelike nood te help om weer ’n aangepaste en tevrede kind te wees. Gedurende hierdie moment word die beginsels van die gebruik van spel in die pastoraat verduidelik.

Die vraag oor die manier waarop spel pastoraal-teologies gebruik kan word om die kind tot heling te lei, word in hierdie hoofstuk beantwoord.

- In 3.2.4 is aangedui watter gevolgtrekkings oor spel en die hantering van kinders in die Skrif gemaak is.
- Die ontwikkeling en waarde van spelterapie in ander hulpwetenskappe is in 3.3.4 ondersoek. Ná die beoordeling van spelterapieteorieë volgens ’n pastorale teologiese raamwerk in 4.2 is die Skrifbeginsels in die spelterapiepraktyk ondersoek en tydens navorsing geïnterpreteer.
- Daar is in 3.2.5.2 tot die slotsom gekom dat die kern van Jesus Christus se bediening is om verandering te bewerk.

Die gevolgtrekking is dat volwassenes oor die algemeen nie die begripsvermoë van kinders onder twaalf jaar volledig verstaan nie. Daar sal deurgaans verwys word na die tersaaklike voorafgaande navorsing en dit sal geïntegreer word in die voorstel vir hierdie beradingspelmodel.

In die pragmatiese taak stel die navorser dus die kontoere vir ’n model in pastorale beradingspel voor wat in die praktyk gebruik kan word (Osmer, 2008:176). Hierdie kontoere is ’n raamwerk en nie ’n vaste, onveranderbare model nie. Die model is gebaseer op die ervaring in die navorsing en studie wat die navorser in die voorafgaande hoofstukke weergegee het.

Daar sal in hierdie hoofstuk na ouers, voogde en ander versorgers soos grootouers of pleegouers as ouers verwys word.

5.2 Waardevolle gevolgtrekkings in 2.6 wat voortspruit uit die kwalitatiewe navorsing

- Die berader moet *deur die kind gelei word* en nie aanneem dat die opsigtelike probleem (soos ander dit sien) die oorsaak van wangedrag of emosionele uitbarstings is nie (2.5.1-Hannes).
- *Verkeerde geloofsbegrippe* behoort deur spel, voorlesing uit die Skrif en konkrete uitbeeldings verduidelik te word (2.5.5 Jakob).
- Die berader hou in gedagte dat ander se *lewens nie verander kan word nie*. Beradingspel *ondersteun* die kind om hom self te bemagtig (2.5.7 Sarel).
- Die addisionele *verlengde bewuswording* dra by om emosies wat in die verlede met slegte ervarings gepaard gegaan het op die kind se voorgrond te bring. Deur spel, waar die kind self in beheer is, kan nuwe ervarings in die plek van die oues konkreet gebou word (2.5.3 Johan).
- Dit is belangrik om ’n kind wat *regressie beleef* of as gevolg van trauma nie optimaal kognitief, emosioneel en psigologies kon ontwikkel nie, toe te laat om self die spelproses te lei. Die kind behoort dan onder geen druk geplaas te word nie. ’n Holistiese benadering word gevolg en konstante, deurlopende ondersteuning is noodsaaklik (2.5.4 Belinda).
- *Ouer kinders kan aan meer speltegnieke blootgestel word.* Die berader bly kommunikeer met die kind en daag hom uit om self keuses te maak (2.5.5 Jakob).
- Wanneer die ouers, familie en onderwysers *nie die beradingspel opvolg met struktuur, positiewe motivering en ondersteuning nie*, sal die kind ander identifikasiefigure opsoek. Die positiewe gevolge van die beradingspel sal dan nie behou word nie (2.5.5 Jakob).

- Die *samewerking* tussen die ouers, kerk, skool en berader dra by tot ’n suksesvolle uitkoms (2.5.6 Amanda).
- Indien mediese ingryping nodig is, soos in die geval van kinderdepressie, sal ’n kind deur die gebruik van medikasie hoop kan kry en optimale voordele uit beradingspel kry (2.5.7 Sarel).

5.3 Raamwerk vir ’n beradingspelmodel

Beradingspel is *herstelspel* waar die berader die kind begelei. Deurgronde tegnieke word gebruik om die kind te begelei. Tydens *bewuswording* (sintuiglike waarneming 4.2.3.2(b)) word die kind se emosie wat met slegte ervarings soos pynlike herinnerings en onvoltooide siklusse gepaard gegaan het, na die hede gebring. Die kind kan in sy spel, waar hy self in beheer is, nuwe ervarings in die plek van die ou herinnerings inbou (1.1.1; 5.5). In die proses sal die berader ’n middelaar word om die kind se soeke na God te onderskep, hom geestelik te ondersteun en die *waarheid* omtrent Skrifaangeleenthede aan hom oor te dra. Die berader se voorbeeld en getuienis kan vir die kind ’n model word van hoe om ’n verhouding met Jesus Christus te skep (33.7.1 e)

Beradingspel bestaan uit sewe elemente wat voortvloei uit die voorafgaande navorsing. Dit is die berader, die kind, die gebed, die beplanning en leiding van die Heilige Gees, toerusting, die hantering van ouers en die verloop van die spel.

5.3.1 Die berader

Die algemene eienskappe, opleiding en funksionering van die pastorale kinderberader word in 4.6.3 (Pastorale berader) en 3.3.5.1 (Spelterapeut) bespreek. Daar is egter addisionele *eienskappe* wat die kinderberader wat deur middel van beradingspel met kinders gaan werk, behoort te besit.

Om ’n kind te kan begelei, moet die berader die vermoë ontwikkel om in die kind se wêreld in te beweeg. Die persepsie wat die kind van homself en sy plek in die wêreld het, moet ten volle geken en begryp word. Fyn waarnemingsvermoë is noodsaaklik. Dit is uiters belangrik dat die berader nie die afbakening van riglyne en ferm optrede met straf en dissipline verwar nie. ’n Positiewe ingesteldheid en ’n sin vir humor kan dikwels help om moeilike situasies wat met beradingspel gepaard gaan, te hanteer. Bowenal moet die kinderberader gevestigde geloofsekerheid en ’n volwasse Christelike lewensuitkyk hê.

Om pastoraleberadingspel te kan aanbied, is dit noodsaaklik dat ’n persoon die volgende agtergrond het:

- Opleiding in Praktiese Teologie wat Kinderteologie behoort in te sluit.

- Kennis van die agtergrond en ontwikkeling van spelterapie en opleiding in beradingspel. Kennis van die kind se fisiese, emosionele, psigologiese, kognitiewe en geloofsgroei is belangrik.
- Ondervinding oor hoe om kinders te assesseer en te hanteer.

Die pastorale berader het die voorbeeld van Jesus Christus as rolmodel beskikbaar. Sy gebruik van woorde en dade behoort deur die pastorale kinderberader bestudeer, geken en gebruik te word (3.2.5.2). Die navorser volstaan by die stelling wat in 4.6.4 gemaak word wat voorstel dat kinderberaders geroepe moet wees, opleiding moet ontvang en kinders op hul funksioneringsvlak moet kan begelei.

5.3.2 Die kind

In die ondersoek na die posisie van kinders in die Mediterreense wêreld is die verskil in die benadering van die Grieks-Romeinse kultuur (3.2.2.3) en die Joodse kultuur (3.2.2.4) uitgewys. Alhoewel die Joodse kind as ’n seën van die Here beskou is, is die spel van kinders nie as belangrik beskou nie. Ná die studie oor Jesus Christus en die kind (3.2.5) het die navorser tot die volgende gevolgtrekking gekom:

Die Messias het na die wêreld gekom en onder die mense kom woon. Hy het Sy Goddelike beeld verander om ten volle in die mens se wêreld te kom woon. As die Seun van God die mens se leefwêreld kon betree, behoort volwassenes wat met kinders werk, te leer hoe om die kind se leefwêreld te betree. Dit beteken dat pastorale kinderberaders:

- die leefwêreld van kinders moet bestudeer;
- die vermoë moet aanleer om deur die oë van ’n kind te kyk;
- moet leer om te verstaan hoe kinders voel;
- weet wat ’n kind kan begryp of nie kan begryp nie.

*Uit die kwalitatiewe navorsing het dit duidelik geword dat kinders van drie tot twaalf jaar deur beradingspel gehelp kan word***.** In (3.3.3.2) kom die hiërargie van behoeftes en ander ontwikkelingsfase van kinders voor. Soos wat reeds genoem is, is dit belangrik dat die berader die kind se behoeftes en ontwikkelingsfases ken en begryp.

Die berader behoort egter die ouer wat ’n afspraak maak, in te lig oor die berader se pastorale aanslag tydens die berading aan kinders.

5.3.3 Gebruik van gebed

Dit gebeur dikwels dat ouers hul verantwoordelikheid en plig om hul kinders deur hul voorbeeld te leer om te bid, agterweë laat. Die berader moedig die gesin dus aan om te bid en praat dikwels in gesprekke oor gebed, sonder om voorskriftelik te wees.

Die berader bid vir *leiding, insig* en *wysheid*. Hierdie begrippe word breedvoerig in 4.2.1 beskryf. Die berader bid:

- voor die aanvangsbesoek,
- terwyl die kind besig is met ’n projeksie en
- vir die ouers se hantering van die kind.

Dit gebeur soms dat die kind moet beleef dat bid eintlik net *praat met Jesus* is. Voorbeelde hiervan kan in die volgende gevallestudies opgemerk word. Hannes (Gevallestudie 1 - Sessie 3) kon maklik bid. Vir Jakob Gevallestudie 5) was dit ’n vreemde handeling, al het hy in Sessie 2 vertel dat sy ouma gereeld vir hom gebid het. Belinda (Gevallestudie 4) het in pleegsorg begin leer om te bid en bid in Sessie 2 in die speelkamer.

5.3.4 Leiding van die Heilige Gees

Die Heilige Gees herinner die berader aan Jesus Christus se woorde. In 5.3.1 word aangetoon dat die berader nie op eie insigte kan staatmaak nie. Hierdie benadering erken dat wysheid van die Here af kom (3.1). Voor en tydens die beradingspel bid die berader dat die Heilige Gees wysheid aan die berader sal gee.

Die Heilige Gees is teenwoordig by die wisselwerking tussen die kind en die berader. ’n Kind wat welkom by die berader voel, sal die sagte leiding van die Heilige Gees kan ervaar. As die speelsessie verby is, reflekteer die berader oor die gebeure in die speelkamer. Dit is dan wanneer die berader bid: “Here, wat wil U vir my wys. Wat sien ek hier?” Aantekeninge word gemaak en die volgende sessie word beplan.

Dit is uiters belangrik om weer hier te meld dat die innerlike genesing van kinders nie uit die kind self kom nie. In die navorser se kommentaar 4.2.3.2(a) word hierdie verskil tussen beradingspel en kindgesentreerde spelterapie aangedui. Innerlike genesing kom van die Vader, deur Jesus Christus onder die leiding van die Heilige Gees.

5.3.5 Toerusting

Die voorstelle in hierdie afdeling is riglyne wat die berader in die praktyk gevolg het en waarmee sy al sukses behaal het. Daar word verwys na die algemene eienskappe van ’n speelkamer (3.3.5.2), toerusting en speelgoed (3.3.5.3). Die pastorale berader het egter sekere eiesoortige voorskrifte.

- Kantoor en speelkamer: Hier word die ouers en kinders ontvang en alle administratiewe werk gedoen, en groepsessies vind hier plaas. Die speelkamer is afgesonder van die kantoor en ouers betree dit nie terwyl die kind besig is nie.
- Speelgoed: Speelgoed moet universeel wees. Dit beteken dat die figuurtjies en ander objekte enige persoon, dier, voertuig, gebou of voorwerp moet kan verteenwoordig. Monsters, drake, en sprokieskarakters wat magiese kragte besit, word nie gebruik nie. Daar behoort ook konstruksiemateriaal te wees.
- Musiek: Die gebruik van musiek is al vroeër bespreek. Musiek kan ook as stimulasie, vir kreatiewe dans of dramaspel gebruik word.
- Kunsaktiwiteite: Daar word meestal stewige wit A3- en gekleurde A4-papier, potlode, gom, ’n skêr, wondergom, wonderklei, ander soorte klei, tydskrifte, prente, waterverf, aangemaakte verf, groot viltpenne, pastelle en kleurpotlode gebruik.

- Aanvullende speelgoed: Soos wat die kind die proses deurleef, gebeur dit soms dat daar ’n behoefte by die kind ontstaan om ’n sekere speelding/objek te gebruik. Voorbeelde hiervan is die wit motortjie wat die berader vir Hannes (Sessie 3), en die pop wat anders gelyk het, vir Belinda (Sessie 3) gekry het. In Hannes se geval het die berader gedink dit was nodig, alhoewel dit nie veel verskil in die beradingsproses gemaak het nie. In Belinda se geval was die aanwesigheid van ’n ander pop baie belangrik vir haar om verder met haar herstel te kon gaan.

5.3.6 Hantering van ouers

Die samewerking met ouers maak beradingspel uniek. Die opvoeding van kinders in die tyd van die Ou en Nuwe Testament was die gesamentlike taak van die ouers en die gemeenskap (3.2.2.4a). Aan die einde van die Ou Testament word in Maleagi 4:6 verwys na ’n *herstelde* familie (vergelyk 3.2.5.1). Die bystand van hul ouers terwyl hul kind beradingspel ondergaan, het onskatbare waarde.

In die empiriese navorsing het die samewerking van die ouers tot sukses bygedra. In Gevallestudie 1 - Hannes het die kommunikasie tussen die berader en sy pa bygedra om die kern van sy probleem, naamlik die geboelie, te herken en te hanteer. Met Johan (gevallestudie 3) en Belinda (gevallestudie 4) was die kommunikasie tussen die volwassenes van groot hulp. Amanda (gevallestudie 5) se ouers, pastoor en skool was bewus van haar berading en het saamgewerk. Jakob (gevallestudie 6) se ondersteuning het nooit werklik gerealiseer nie; dit het tot gevolg gehad dat hy hom ’n paar maande later nie meer kon handhaaf nie.

Ouers ontvang deurlopend skriftelike kommentaar, advies of ondersteuning. Daar word ook aan die einde van die berading terugvoer op ’n spesifieke manier aan albei gesamentlik gegee. Die voorbereiding, opstel van terugvoering en die oordra van inligting neem baie addisionele tyd van die berader in beslag, maar dit is baie waardevol.

Soms gebeur dit dat ouers nie werklik ag slaan op advies nie, soos in (gevallestudie 2) Ten spyte hiervan kon Tertius sy verlies in die speelkamer hanteer en verwerk. Die berader kon die belangrike taak, naamlik om hom te help om sy huidige situasie te hanteer, uitvoer.

5.3.7 Die verloop van die beradingspelsessies

5.3.7.1 Aanvangsessie

Die primêre doel van hierdie sessie is om:

- algemene *agtergrond* oor die betrokke kind en die rede vir aanmelding in te samel;

- verhoudings met die kind en ouer aan te knoop en vas te stel wat die *verhouding* tussen die ouers en die kind is; en
- die kind aan die speelkamer bekend te stel**.**

Die berader is gereed om die kind en sy ouers te ontvang en tree verwelkomend op. Tydens hierdie sessie gee die ouers toestemming vir die berading (Bylae 2.3). Daar word egter op die kind gekonsenteer. Dit help as die berader die kind deur middel van spel of ander aktiwiteite kan akkommodeer terwyl die vrae aan die ouer gevra word. Die berader vul ’n vorm in wat die volgende insluit:

- Waarneembare fisiese eienskappe
- Mediese agtergrond
- Kind se voor- en afkeure
- Algemene inligting oor die kind se program, dissipline en funksionering
- Spesifieke vrae aan die kind
- Spesifieke geloofsvrae aan die kind

Dit is belangrik om te meld dat hierdie aanvangsessie een of albei ouers insluit. Omdat die kind dikwels nie vrae kan of wil antwoord nie, sal die berader sorg dat daar papier, klei, ’n legkaart, skryfmateriaal en speelgoed op die mat van die kantoor beskikbaar is. Vrae word dan aan die ouer gevra.

’n Duidelike uiteensetting van die berader se werk word gegee. Inligting oor beradingspel en werkswyses van die berader word aan die ouer oorgedra.

Die berader let op na tekens van gehoor- of gesigsgestremdheid. Indien dit voorkom of die kind spraakprobleme het, of indien die kind aan enige versteuring of sindroom ly, moet die kind na ’n spesialis verwys word. Die berader behoort kontakinligting van ’n oudioloog, oogkundige, spraakterapeut, arbeidsterapeut en pediater te kan verskaf. ’n Ernstige agterstand in verstandelike of motoriese ontwikkeling behoort ook na spesialiste soos opvoedkundige sielkundiges verwys te word. Dit is uiters belangrik dat die berader nooit ’n diagnose maak nie. Beradingspel word voorlopig uitgestel in enigeen van bogenoemde gevalle.

Die kind en ouer word van konfidensialiteit verseker.

5.3.7.2 Eerste speelsessie

Die kind word op die gepaste manier ontvang en na die speelkamer geneem.

Die berader kommunikeer skriftelik met *die ouer* deur inligting op skrif aan ’n klembord met die aankoms aan die ouer te oorhandig (Bylae 2.3). Daar word ook skryfmateriaal aan die ouers voorsien sodat hulle terugvoer kan gee en om hulle die geleentheid te bied om enige addisionele inligting oor te dra. Dit is raadsaam om alle kommunikasie op skrif te hê. Die ouer kan buite wag of die kind later kom haal. In uiterste gevalle wag die ouer vir die kind in die beradingskantoor.

Musiek kan op verskillende maniere in die speelkamer gebruik word. Sagte, Christelike kinder- of instrumentale *lofprysingsmusiek* word in die agtergrond gespeel. Om die regte musiek te kies, is uiters belangrik. Musiek het ’n definitiewe effek op kinders en behoort hoorbaar te wees sonder om inbreuk op die proses in die speelkamer te maak. Dit skep ook ’n rustige atmosfeer en dra daartoe by dat ander geluide nie skielik die aandag van die kind aftrek nie. In gevallestudie 2 is musiek suksesvol in Sessie 4 gebruik. Die pastorale momente wat in dieselfde seuntjie se beradingspel na vore gekom het, maak dit ook duidelik.

In die speelkamer *verduidelik die berader die tydsduur van die sessie* (een uur) met behulp van ’n muurhorlosie aan die kind. Vyf minute voordat die uur verstreke is, word die kind weer herinner dat die tyd amper verby is.

Gewoonlik onthou kinders die uitleg van die speelkamer. Daar word weer verduidelik dat die kind kan *kies waarmee hy wil speel*. Dit gee aan kinders struktuur en veiligheid as hulle weet wat om te verwag. Die kind word genooi om ’n speletjie saam met die berader te speel. Daarna laat die berader die kind die leiding neem terwyl die berader baie noukeurig waarneem. Die berader let op na:

- die eerste speelding wat die kind hanteer;
- voorkeure en afkeure van die kind;
- die vrae wat deur die kind gevra word;
- die kind se lyftaal en gesigsuitdrukkings; en
- emosie wat by die kind teenwoordig is.

Die sessie word stiptelik afgesluit en daar word seker gemaak dat die kind emosioneel veilig voel. Daar is metodes wat gevolg kan word indien ’n kind nie die sessies wil staak nie.

5.3.7.3 Verdere sessies

Die verskil tussen beradingspel en ander tegnieke tree hier die eerste keer na vore. Op hierdie stadium, wanneer die kind gereed is, begin die berader direk met hom te werk. Die berader hanteer

die situasies wat die kind beleef openlik. Die kind word ook uitgedaag om situasies gedurende kuns en ander aktiwiteite te hanteer.

Beradingspel hanteer die veranderingsproses van die kind stapsgewys:

- Die kind wat probleme het, leef in ’n nagemaakte werklikheid.
- Daar word dus eintlik in ontkenning geleef (al weet die kind dit nie self nie).
- Die kind reageer disfunksioneel, byvoorbeeld ooraktief, vergeetagtig, angstig, hou op praat of hy is emosioneel onstabiel.
- Daar bestaan ’n vrees om te verander (want dit is veiliger om in die aangeleerde lewenspatroon te leef).
- Die kind moet uitgedaag word om te verander.

Die berader *beplan* die verloop van die sessies van hierdie stadium af. In sekere gevalle soos wanneer ’n kind jonger as drie is, of die kind erg getraumatiseer is en angstig voorkom, sal die kind in verdere sessies steeds aangemoedig word om die aktiwiteite te lei. Dit was die geval met Belinda (gevallestudie 4) en Johan (gevallestudie 7). Omdat hier met kinders gewerk word, verduidelik die berader nie waarom sekere aktiwiteite voorgestel word nie. Dit gebeur dikwels dat die kind die krisis van die beradingspel wil ontwyk. Die berader se fyn waarneming is van uiterse belang. Indien die kind volhou met pogings om die uit die spel te onttrek, behoort die berader sensitief genoeg te wees om te weet dat die kind gerus gestel behoort te word. Daar kan daar weer later aan die proses gewerk word.

In die beplanning sal die berader navorsing doen oor gedeeltes uit die Skrif wat op die kind van toepassing is. Hoe dit gebruik gaan word, hang van die kind se ouderdom af.

5.3.7.4 Drieledigheid van die sessies

Die *eerste* deel (1) van die sessie bestaan uit die stimulering van *sintuiglike bewuswording* wat die volgende behels: speletjies of aktiwiteite waarin die kind gebruik maak van sy reuk, gehoor, smaak, tas en sig. In 3.3.7.2 (a) is aangetoon hoe die waarde van sintuiglike bewustheid wetenskaplik verklaar kan word. Die gebruik van klei wat geruik, gevoel en gesien word, speel ’n prominente rol in Gevallestudie 2 (Tertius – Sessie 1-3) en Gevallestudie 4 (Belinda – Sessie 6). Die figuurtjies wat gemaak word, dra by tot albei kinders se herstrukturering nadat hulle genesingsproses afgehandel is.

Die *tweede* (2) gedeelte bestaan uit *aktiewe interaksie* tussen die berader en die kind. Indien die navorser spesifieke aktiwiteite beplan, word die kind tydens die aanvang van die sessie daarvan vertel. Die interaksie kan uit die volgende bestaan:

- bordspeletjies,
- inleidende emosiewerk waarin gelamineerde speelkaarte gebruik word en
- tydspeletjies.

Emosiewerk is volgens die opinie van die navorser 'n Skriftuurlik gegronde beginsel. Daar bestaan in die sekulêre wêreld baie emosiespeletjies en -literatuur. Die navorser gebruik emosies soos dit in die Skrif voorkom. Hier is twaalf basiese emosies ter sprake.

In die *derde deel* (3) word 'n *projeksie* voorgestel. Projeksies word breedvoerig in 4.7.3 en 3.3.7.2(b) verduidelik.

Die kind word nie gedwing om met iets te speel nie. Daar word terloops 'n tema of benadering voorgestel, omdat die berader in die vorige twee sessies miskien kon aflei wat die kind se probleem is. Kinders hou van sandspel en om stories met sand uit te beeld. Soms wil hulle water in die sand hê. Heel dikwels behels die derde deel van die sessie 'n *sandtafelstorie.* 'n Ander moontlikhede is dat kinders 'n spel kan kies waarin *diere, geld, 'n babapop of groter menspoppe, marionette, hand- of vingerpoppe, dokterspeelgoed, 'n miniatuurkombuis, telefoon, aggressiespeelgoed* of die *pophuis* figureer. Hulle kan ook *verf* of *teken*. Die berader gee aan die kind die geleentheid om die speelkamer te verken, en sodra die kind op iets begin konsentreer, ondersteun die berader die keuse.

Indien 'n kind byvoorbeeld die pophuis met poppe verkies, sal die berader alternatiewe poppe aan haar wys en houers met klere uit die rak haal. 'n Seuntjie word verseker dat dit aanvaarbaar is om met poppe te speel. Die berader gaan doelbewus op die vloer sit en begin self met 'n pop speel. Die kind wat 'n poppespelstorie begin, sal aan al ander karakters voorgestel word. As die kind die gepaste leidraad gee, kan daar planne gemaak word om 'n "opvoering" te hou. 'n Kinderberader is dus gewillig om sáám te speel. Dit kan 'n uitdaging wees, maar as die berader bereid is om saam met die kind te speel, sal die vertrouensverhouding versterk word.

Die kind word nie voorgesê of gehelp nie, maar hy word ondersteun. Daar word min gepraat terwyl die kind speel. In die literatuurstudie word dikwels hierna verwys (kyk 3.3.7.1).

Wanneer die kind ’n situasie *uitgespeel* het, sal die berader tegnieke gebruik om die emosie wat uit die *ek is* (die hier-en-nou konsep van Gestalt) of die *werklikheid* van die kind op die voorgrond kom, te hanteer. In 3.3.7.2(c) word hierdie proses deeglik verduidelik.

Die kind sal aandui dat die storie in die sand klaar is. Daarna vra die berader of die kind die gebeure in die sandprojeksie kan vertel. Dieselfde word met die ander projeksies gedoen. Soms kan of wil die kind nie praat nie. Die berader kan dan voorstelle maak en raai wat daar in die projeksie is. Daar word op ’n naam vir die storie besluit. Die berader gebruik metodes om die *kind te lei na erkenning* van die probleem, ondersteun die kind deurgaans en help die kind om keuses te maak.

In 3.3.7.2(c) word die gebruik van bipolariteite, wat ook beskryf kan word as *uitdagings,* voorgestel. Jesus Christus het mense dikwels keuses laat maak voor verandering kon plaasvind. Omdat daar nog nie beradingspelliteratuur beskikbaar is nie, kan tegnieke soos wat in 3.3.2.2 bestudeer is, die pastorale berader lei.

Alle beraders weet dat mense se liggaamlike reaksies ’n aanduiding van die ontvanger van die berading se onderdrukte verdedigingsmeganismes is (3.7.2.1). Deur die kind se liggaamstaal, stemtoon, oogbeweging, emosies en gebare dop te hou, kan die berader die kind se weerstand erken en hanteer.

Dit is op hierdie tydstip dat die berader die kind se heersende *emosies reflekteer* en toestemming vir die kind gee (versekering gee dat dit aanvaarbaar is) om so te voel. Die emosie wat die kind reflekteer, word dus saam met die kind hanteer. Die Skrif leer ons dat die *waarheid mense vry maak* (Joh. 8:32). Die kind sal dan die emosie *beleef* en *gehelp* word om dit in die toekoms ook te hanteer.

Bogenoemde proses kan ’n paar sessies neem.

’n Ander manier om die kind te ondersteun met projeksies is deur stories. In die Skriftuurlike beskouing word Jesus Christus se gebruik van gelykenisse breedvoerig bespreek (4.8). Behalwe vir die vanselfsprekende gebruik van stories in narratiewe spelterapie (4.2.3.3b), word die gebruik van stories ook deur ander terapie voorgestel. Die verhaal van die twee hoenderboeties wat vir Hannes (gevallestudie 1-sessie 4) geskryf is, het ’n groot rol gespeel om homself te identifiseer in die veilige omgewing van ’n plaas.

In die beradingspeelkamer pak die kinders nie speelgoed weg nie. Hulle word gerus gestel dat hulle nie die opruimwerk hoef te doen soos by die huis nie. Indien die kind se projeksie afgehandel is, en

veral as die kind ‘deur’ die prosesse gewerk het, wil die kind dikwels vir ’n paar minute alleen speel. ’n Sensitiewe berader sal dit respekteer.

Terwyl die speelkamer weer georden word, gebeur dit dikwels dat ’n addisionele aspek van die kind na vore kom. Daar kan soms ’n speelding weggesteek wees of die posisie van diere en poppe word uit ’n ander hoek gesien. Die nuwe baba kan dalk in die sand weggesteek wees of die aaklige juffrou is in die krokodil se bek.

5.4 Pastorale momente

Kinders beeld dikwels hul persepsies en verwagtinge van God in simbole uit of vra vrae aan die berader. Dit is gedurende sulke momente dat ’n kind se geloof bevestig of geïgnoreer kan word. Sulke handelinge of uitinge word *pastorale momente* genoem. In die empiriese navorsing wou Hannes (gevallestudie 1) ’n prent van die hemel verf. Die berader moet die vlak van die kind se *geloofontwikkeling* in ag neem en gereed wees om met die regte stelling, antwoord of verskuilde vraag op die kind se leidrade te reageer.

Kunsmateriaal soos goue blinkers wat Jesus se liefde kan voorstel, klei waaruit figure gemaak kan word, gom, ’n skêr en tekenmateriaal indien die kind dit sou wou gebruik, moet beskikbaar wees. Die volgende kinders in die gevallestudies het geloofsbegrippe konkreet uitgebeeld:

- Geval 2 (Tertius) – Hy het sy ma as ’n engel in die hemel geteken, kleifigure van sy ma en Jesus gemaak en later ’n nuwe papierpop, soos hy sy ma as ’n persoon in die hemel sien, gemaak.
- Geval 3 (Johan) – Hy het goue blinkers oor sy sandtafeltoneel gestrooi en die volgende sessie weer daarna gevra.

Hierdie oomblik is uiters belangrik. Voorbeelde hiervan is:

- Ons glo dat Jesus die seun van God is. Begrippe soos “Jesus wat in my hartjie woon” of dat die kind “sy hart vir Hom moet gee” moet deur die regte Skrif-aanhalings vervang word.
- As die kind praat van daar bo waar God na ons kyk en dat die kerk God se huis is, kan die regte voorlesing die ware betekenis van begrippe soos die kerk en die hemel op ’n begryplike manier verduidelik.
- Die belangrikste is dat die kind deurlopend verseker sal word van die liefde van God en dat kinders kosbaar is. Die berader gee ook aan ouers voorbeelde van Skrifgedeeltes wat vir kinders voorgelees kan word voor hulle slaap.

Skrifvoorlesing uit ’n Bybel (nie ‘n Kinderbybel nie) is belangrik. Die navorser is van mening dat die kind die Woord van God moet hoor soos dit geskryf is en nie as stories met illustrasies nie. Illustrasies ontneem die kind die geleentheid om self skeppend oor die Skrifbeginsels te reageer. Die berader gebruik *Die Boodskap* omdat kinders die taal van die vertaling verstaan.

Sekere situasies, soos die dood van ‘n persoon of ouers wat skei, word deur die berader as programme geïmplementeer. Hierdie situasies kan vanweë beperkte omvang nie in hierdie studie as individuele temas hanteer word nie, maar die berader moet daarop bedag wees en kan dit op ’n subtiele wyse in diebeplanning van beradingspel inwerk**:**

- Egskeiding
- Rouberading
- Verkeerde ouerleiding
- Trauma
- Aanpassings soos ’n nuwe baba of verhuising
- Pleegsorg
- Onderontwikkeling as gevolg van trauma

Die kind kom vir *drie tot sewe sessies beradingspel.* Die moontlikheid vir ’n verdere verwysing of beradingshulp aan ouers word oorweeg indien die probleem nie opgelos is nie.

5.5 Gevolgtrekking

Die navorser het tot die slotsom gekom dat spel deur die pastorale berader gebruik kan word om die kind tot heling te lei. Die probleem wat aan die begin gestel is, is bevredigend opgelos. Die waarde van spel is bestudeer. Na afloop van die navorsing is bruikbare pastorale riglyne vir die gebruik van spel in pastorale berading ontwikkel.

Opsommend kan *beradingspel* soos volg verduidelik word:

Beradingspel begin wanneer daar ’n vertrouensverhouding met die kind gevestig is. In hierdie veilige ruimte kan die kind weer pynlike ervarings besoek. Selfregulering vind plaas deur die ou ervarings met nuwe ervarings deur spel te vervang. Sodra daar in die proses ’n soeke na God en die waarheid omtrent die Skrif op die kind se voorgrond kom, sal die pastorale berader net die waarheid oordra, hetsy deur spel, kreatiwiteit of sosiale interaksie.

Bogenoemde model bied ’n raamwerk vir die gebruik van pastoraleberadingspel. Die pragmatiese taak van Osmer (2008:4) is dus uitgevoer.

Hoofstuk 6 - Gevolgtrekking

6.1 Inleiding

In die begin van die navorsing is die volgende vraag gevra: Kan die onontginde potensiaal van spel deur die pastorale berader gebruik word om die kind tot heling te lei?

Die oorkoepelende doel van hierdie studie was om ná ’n pastoraal-teologiese en psigologiese ondersoek na die gebruik van spel, bruikbare pastorale riglyne vir die gebruik van spel in pastorale berading te ontwikkel en vir die pastorale kinderberader voor te stel.

6.2 Empiriese ondersoek met betrekking tot die kind en spel

In hoofstuk 2 word die beskrywend-empiriese momente (“tasks”) wat deur Osmer (2008:4) voorgestel word, geïmplementeer.

Die beskrywend-empiriese gedeelte van hierdie navorsing beskryf die ondersoek na die gebruik van spel deur die pastorale berader. Die gemengde navorsingsmetode wat uit kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing bestaan, is in die empiriese ondersoek gevolg.

Die eerste navorsingsmetode, naamlik die kwalitatiewe, is toegepas om die verloop van berading aan sewe kinders met behulp van spelterapietegnieke te ondersoek. Vóór die beradingsessies is die agtergrond en spesifieke voorbereiding vir die berading aangedui, en aan die einde van elke sessie is die pastorale momente en spelterapietegnieke van daardie sessie opgesom.

In die tweede deel van Hoofstuk 2, is die resultate van ’n kwantitatiewe navorsing gegee. Die tekort aan ’n pastoraal-teologiese benadering tot spel in die pastorale berading aan kinders in die kerk is met behulp van vraelyste aan kerkleiers ondersoek. Al die resultate is opgeteken.

6.3 Interpreterende moment met betrekking tot die kind en spel

Hoofstuk 3 bevat die interpreterende moment van Osmer (2008:4). Die vraag waarom die spel van kinders waarde vir die pastorale berader kan hê is beantwoord.

Die interpreterende moment van hierdie studie het uit twee dele bestaan.

In die eerste deel van hoofstuk 3 was indringend gekyk na wat die Skrif oor kinders en spel leer. Die kind wat geestelike en emosionele probleme ondervind, het begeleiding nodig om genees te word en ’n verhouding met Jesus Christus te skep. Die Messias het nie net die posisie van die kind tydens die Mediterreense tydperk verander nie, maar het ook tydens sy bediening aan kinders die voorbeeld van ’n kindervriend en begeleier gestel.

In die tweede deel van hoofstuk 3 is die spelterapiebewegings soos dit in die sielkunde voorkom, beskryf. Daar het verskeie spelterapiebewegings uit die drie basiese teorieë in sielkunde ontwikkel, naamlik mensgesentreerde humanistiese terapie, Freudiaanse psigoanalise en gedragsanalise. Virginia Axline het baanbrekerswerk in niedirekte spelterapie in die kindgesentreerde spelterapiebeweging gedoen, terwyl Violet Oaklander die beginsels van Gestaltspelterapie geformuleer het. Meer spelterapiemodelle het mettertyd ontwikkel.

Alhoewel daar spesifieke metodes vir elke spelterapiemetode voorgeskryf en toegepas word, is daar basiese beginsels wat wydversprei in die spelterapiebeweging geld. Die benadering en opleiding van terapeute, die inrigting van die speelkamer, wat toerusting en materiaal insluit, en die daarstel van grense bly altyd dieselfde.

Die waarde wat spel inhou is baie meer as net die genot en ontspanning wat dit bring. ’n Kind kan slegte ervarings uitspeel en daardeur selfregulering toepas. Dit is egter nodig dat ’n kundige die kind in hierdie spelproses begelei word.

Die pastorale berader wat met kinders werk, behoort bekend te wees met die aard en agtergrond van al die spelterapiedenkrigtings. Die kind word dus deur ’n kundige bygestaan terwyl selfregulering deur spel plaasvind.

6.4 Normatiewe aspekte met betrekking tot kind en spel

Hoofstuk 4 bevat die normatiewe moment van hierdie studie. Tydens die normatiewe moment van Osmer (2008:4) word die vraag, *wat behoort te gebeur*, beantwoord.

In die eerste gedeelte van hoofstuk 4, was die skriftuurlike beskouing van spelterapeutiese bewegings en verdere insigte in spel beskryf.

In die tweede gedeelte was kinderteologie ondersoek en Matteus 18:1-5 ontleed. Daarna was pastorale berading intensief verduidelik.

Die agtergrond en totstandkoming van die pastorale berading toon aan hoe hierdie hulpverleningspraktyk selfstandig kan bestaan. Die mens word as onlosmaaklik van God beskou terwyl die Skrif die onfeilbare, hoogste gesag in die pastorale praktyk het.

Die waarde van spelterapie as beradingsmodel in die pastoraat was uitgelig.

6.5 Pastoraleberadingspel met betrekking tot kind en spel

In hoofstuk 5 word die uitkoms van die studie bereik naamlik om ’n pastoraleberadingspel model voor te stel. Osmer se vierde vraag oor *hoe op die probleem wat hanteer moet word*, te reageer, word beantwoord (Osmer, 2008:4). Ná afloop van die *beskrywend-empiriese, interpreterende* en *normatiewe* momente in hierdie studie, is die *pragmatiese moment* geformuleer.

Die doel van hierdie navorsing is dus bereik.

Bylae 1

B.1 Beradingspelsessies met kinders

B.1.1 Navorser 1 – Hannes

Sessie 1

Hannes verken die speelkamer, hy is baie gemaklik en vertel alles van sy grootouers se siekte en dood. Sy stiefoupa leef nog en sy sandtafelprojeksie beeld sy stiefoupa se plaas uit met onder andere ’n tier en ’n leeu wat hom aan sy pa en oupa laat dink. Die slaanballon word dikwels geslaan.

Sessie 2

Aanvanklik speel Hannes aggressief, maar hy laat hom deur die berader lei wat sy aandag weer op sy grootouers vestig. Hannes verstaan die hiernamaals en hy verf indrukwekkende prente van die hemel. Hy gebruik goue blinkers om die hemel se kleur voor te stel en teken sy oupa en ouma in hulle “hemelhuis”. Die berader lees vir hom Skrifgedeeltes uit Openbaring 21 uit *Die Boodskap*. Hy hou daarvan.

Sessie 3

’n Karretjie wat soos sy ma se gesteelde een lyk, word tussen ander geplaas. Hannes word gevra om die “steel”-storie te bou. Hy kies skelms, polisie en ander motors, bou ’n straat en vertel en beduie hoe hy die gebeure tydens die roof ervaar het. Die rooftoneel kry nie lank aandag nie. Hy word opgewonde oor ander speelgoed en die spel wat volg is vol aggressie.

Sessie 4

Die storie gaan oor twee haantjies wat op ’n plaas woon. Die jongste haantjie red al die diere omdat hy klein genoeg is om ’n taak uit te voer.

Hy word dus die held in die storie. Hannes leef hom in die storie in en hy beeld sy eie plaasstories oor diereverhoudings in die sandtafel uit. Hy leer emosiewoorde en gebruik dit in sy vertellings.

Sessie 5

Dit kom voor of Hannes tevrede is, maar gedurende die week word sy ander oupa siek. Hannes vertel wat aangaan en sluit sy vertelling af met: "Tannie, hier gaan ons alweer." Die berader herinner hom aan die vorige week se storie en die rusies in die rolspel. Hy kry 'n gelamineerde skrifgedeelte om te memoriseer en te onthou as hy wil slaan of baklei.

	Spreuke 15: 1 'n *Sagte antwoord laat woede bedaar;* 'n *krenkende woord laat woede ontvlam.*	

Daarna kies hy speelgoed waarmee hy aggressie kan uitleef. Dit word duidelik dat daar 'n ander seun is wat hom afknou. Hannes begin huil as hy van die insidente vertel en met sy toestemming dra die berader die inligting aan sy ouers oor.

Sessie 6



Hannes se wapen wat wys wat sy slegste ervaring was, wat hy met baie geld sal doen en wat mense eendag op sy eie begrafnis oor hom moet kan sê.

Hannes lyk tevrede en stel nie belang in die gebruiklike aggressiespeelgoed waarna hy altyd teruggekom het nie. Hy is gretig om sy eie wapenskild te ontwerp. Sy slegste ervaring het in 'n klaskamersituasie plaasgevind.

Dit kom dus voor of Hannes die dood van sy grootouers, die roof en sy interaksie met sy broer en vriende verwerk het.

B.1.2 Navorser 2 – Tertius 2

Sessie 1

Tertius kies klei om mee te begin. Hy maak diertjies. Sy eerste sandtoneel is baie deurmekaar. Daar is ’n pa kameelperd, ’n seuntjie en baie visse in die swembad. Twee mense trou en gaan ’n huisie in. Die bus ry deur ’n boom. Hy maak later drie huise in ’n ry. Sy toon is stukkend en hy loop af en toe mank. Die berader vra of hy ’n pleister wil hê – die salf en pleister werk goed. Hy vertel baie van sy boetie se versorging. Eers teken hy krokodille en dan ’n ma met ’n baba. Wanneer die tyd verby is, gaan hy tevrede weg saam na die oom wat buite in die skoolbussie vir hom wag.

Die deurmekaar sandtoneel



Krokodille wat deur Tertius geteken is

Sessie 2

Tertius trek sy skoene uit en wys die gesonde toon. Hy sê dat hy planne het. “My ma het my geleer mens sê: “’n Boer maak ’n plan”. Hy maak figuurtjies uit die klei – daar volg ’n gesprek tussen sy figuurtjie en dié van die berader. Tertius sê sy ma het kort blonde hare gehad en van pynappel pizza gehou. Sy het stories vertel en in die middae het hulle gerus. Hy het pak gekry as hy stout is. Die

berader se figuurtjie vra of hy sy ma kan teken. Hy teken ’n engel en vra dat dit teen die muur (in die hemel) geplak word.

Daar word baie ander prente geteken en skoolwoorde geskryf. Hy vertel dat die dominee kerk gehou het om vir sy ma “koebaai” te sê. Sy ouma het gehuil. Op ’n ander dag het hulle klippe op die strand gaan pak om haar altyd te onthou.

Sessie 3

Na die aankondiging dat hy planne het, begin Tertius twee kleifiguurtjies te maak. Die een is ’n dogtertjie en die ander ’n seuntjie. Hulle trou. Hy maak ’n troue vir hulle tussen die klei en besluit dan om hulle in die hemel te sit. Hy teken wolke, knip dit uit en plak dit teen die muur. Die berader help hom om plek te maak. Die engel, Sus en Jesus is nou in die hemel.

Tertius begin om met groter poppe te speel. Hy ontdek die swanger pop wat ’n baba in haar maag het. Hy projekteer dadelik sy ma op die pop. Hulle hou partytjie, koop ys en skink doppe. Sy ma is vet en gaan hospitaal toe. Hy gebruik die dokterspeelgoed en haal die baba uit. Hy sny en sny en sny – hy opereer en sit die baba eenkant. Later moet die mamma die baba vashou. Die baba word kort-kort eenkant gesit.

Party rakke in die speelkamer word leeggemaak en hy omskep die speelkamer in sy eie wêreld. Dan haal hy poppe uitmekaar en sit hulle in plastiekhouers. Eers pak hy die poppe (die man en die vrou) op die rakke van ’n winkel en speel dan winkel-winkel. Dan gooi hy van die poppe in die sand. Wanneer die tyd verby is, vra hy dat ek die klein babatjiepop en sy mammapop moet bêre. Die berader begin die gedeelte hieronder uit Johannes 14:2 voorlees, maar hy wil dit nie luister nie.

Bababoetie wat weg van mamma is

Johannes 14:2:

“ In die huis van my Vader is daar baie woonplek. … Ek gaan om vir julle plek gereed te maak.

Sus en Jesus

Twee huise word gebou

Sessie 4

Pappa bring Tertius, want dis ’n vakansiedag. Hy is vroeg en het speelgoeddiertjies by hom. Daar is ’n seuntjiemaatjie, drie jaar ouer, by sy pa. Die maatjie kuier by hulle huis. Hy kyk rond, sit diere in sand, maar los dit.

Tertius is vir die eerste keer aandagafleibaar. Hy lyk gedisoriënteerd, asof hy sy balans met tye verloor. Hy konsentreer nie en sy gewone planne en humorsin is weg. Hy probeer vir die eerste keer om “stout” goed te doen soos om sand in die berader se mond te wil gooi en mors opsetlik water. Na twintig minute word hy kalmer.

Hy trek bokshandskoene aan en kla dat sy arms nie sterk genoeg is nie. Dan slaan hy die slaanballon so intens en aanhoudend dat hy lank hoes en sukkel om weer te konsentreer. Die berader oortuig hom om speletjies met die diere te speel.

Hy wil “survivor**”** speel, maar dit lei tot niks. Tertius begin spontaan die liedjie van Juanita du Plessis, “Hef jou hande na bo,'' te sing. Die berader gaan haal die CD en speel dit vir hom. Hy maak bewegings, hef sy hande op en geniet dit vreeslik baie. Die gedeelte, “Hy kom om ons te haal,” word oor en oor en oor gesing.

Wanneer hy saam met sy pa en maatjie wegry, is dit nodig om daarop aan te dring dat die kinders vasgegordel word.

Sessie 5

Tertius kondig aan dat hy ’n nuwe boetie het. Hy sê: “Ek het vandag ’n skêr nodig,” en hy begin om beddens en

duvets in sy en sy nuwe boetie se slaapkamer teken en te plak. Daarna wil Tertius ’n papierpop maak en vra hulp – veral met die uitknipwerk. Hy vra ook hulp om klere vir die pop te maak. Dit is ’n mamma. Daar word baie oor sy honde, haas en voëls gepraat. Sy hasie is lankal dood en by Jesus. Hy sit ’n miniatuurhasie in die hemeltoneel teen die muur by Sus en Jesus.

Die groot poppe kuier almal by sy ou huis. Hy maak twee woonplekke. In sy spel kom sy oupa, ouma en sy ma se sussie om sy ma te groet. Hulle pak haar klere in om dit hospitaal toe te neem. Sy ma is nog vet. Die familie kom kuier – oupa en ouma kom sê “koebaai” – en almal gaan hospitaal toe. Ma se sussie ook.

Die busbestuurder vra die skoolhoof om berader te bel en te sê dat Tertius oppad skool toe aan die slaap geraak het. Hierdie gedrag bevestig aan die berader dat Tertius sy ma se dood in die sessie uitgespeel het.

Sessie 6

Tertius het weer ’n seer plek onder sy voet. Hy vra salf en ’n pleister, *maar* dring daarop aan om dit self op te plak. Hy sê ’n paar keer hy is groot en nie ’n baba nie. Tertius wil met soldate speel. Hy los hulle en maak vir ’n pa-pop ’n bed. Daar is ’n dogtertjiepop wat by die pa kuier. Op ’n stadium gryp hy haar en gooi haar weg. Daarna gaan hy lank by die kombuisspeelgoed staan en begin outomaties kos maak.

Tertius begin om met handpoppe te speel. Hy gee vir die berader ook ’n pop. Die twee voer saam stories op en Tertius geniet dit baie.

Sessie 7

Tertius weet dit is sy laaste sessie. Hy speel ’n bietjie met klei, maar maak niks nuuts nie. Hy gesels oor sy nuwe groot boetie wat stout is en baie in die badkamer moet gaan sit. Hy vertel dat sy ouma en oupa kom kuier. Die berader herinner hom aan die hemel en hy gesels daaroor. As hy van sy ma praat, stel die berader voor dat hy vir haar ’n brief skryf. Hy wil graag, maar vra dat die brief namens hom geskryf word.

Hy dikteer die brief. Tertius wil sy prente van mamma in die hemel in die speelkamer agterlaat. Hy groet die speelkamer en is heel tevrede om weg te gaan. Dan druk hy die berader vas en huppel na die skoolbussie toe.

Tertius se uitbeelding van sy ma in die Hemel – sy is ‘n nuwe, gesonde mens – en nie meer ‘n engel nie

Liewe Mamma

Ek het gedroom jy het lewendig geword en weer by

ons kom bly,

maar dit is wat ek wil hê, maar dis nie waar nie.

Ek sal jou lief hê en jou altyd in my hart hou. Ek wens

jy kon by ons kom bly het, weer, altyd. Jy sal altyd

in my hart bly en ek sal jou altyd in my hart hou.

Ek sê vir jou een ding, as ons almal doodgaan

en al die

lande doodgaan sal almal van ons by jou kom bly.

Dollie,

Drago en Heidi en Peter en Pieter en Bunny en my

twee klein vissies.

B.1.3 Navorser 3 – Johan

Aanvangsbesoek

Johan se ma bring haar aangenome seun vir die aanvangsbesoek. Hy kies speelgoed waarmee hy op die kantoormat speel terwyl die berader agtergrondinligting afneem en ook met hom kontak maak. Johan praat baie hard, sonder emosie en op dieselfde stemtoon. Hy wil nie teken nie, maar is bereid om op ’n swart kleibord te “krap”. Sy ma is verlig en is bereid om haar volle samewerking te gee. Sy gaan aktiwiteite en ontwikkelingspel in die middae ná skool en naweke met hom doen (’n voorbeeld hiervan kan onder B1.2.1.2 gekry word).

Sessie 1

Johan se mamma bring hom en hy gaan dadelik self na die speelkamer toe. Hy bring ’n klein speeldingetjie saam. Johan speel lank met houtkapspeelgoed. Hy hou lank aan om te kap en kap. Later verken hy die speelkamer, sit ’n kroon op die berader se kop, en begin om ’n sandtafel projeksie te bou.

Johan vra vir water in die dam wat hy kies, bou dan ’n swart muur en sit ’n skippie in die dam. Vier mannetjies (“baddies”) swem. Johan sit ’n boom wat soos ’n kruis lyk in die sand en sê: "Dit is die kruis van Jesus – Hy het gesterf vir ons sondes.” Die berader gee vir hom ’n houertjie vol blinkers en verduidelik dat Jesus se liefde soos blinkers is – ’n mens sien dit nie altyd nie, maar dit is altyd daar.

Daarna maak Johan baie kos met plastiekspeelkos en gaan sit met sy rug na die berader. Hy eet alleen vir ’n lang ruk. Dan lig hy oral met ’n flitslig. Hy is gewillig om te gaan as sy ma hom kom haal.

Sessie 2

Vandag bring Johan twee speelgoedjies. Die sessie begin met bewuswording. Ons speel klei en die berader leer hom ’n gediggie oor ’n beer. Hy maak baie bere. Dan sny hy hulle hande, voete en koppe af en kook alles in ’n kastrol op die stoof. Hy skep twee borde in en ons eet die gekookte bere. Johan begin ’n ander speletjie, maar maak weer kleibere en herhaal die handelinge. Hy vra vir hulp. Daarna sit hy vir die berader oorbelle aan.

Hy wil weer water hê, maar begin om ’n oerwoud in die sand te maak. Dan verloor hy belangstelling, gaan na pophuis toe en wil weet wie almal is. Die poppe se klere word uit- en weer aangetrek. Hy speel met die vroulike poppe. Hy is gefassineer met die swanger pop en haal die baba ’n paar keer uit haar maag. Die poppe word in pare gegroepeer. Dan dring hy aan dat die mamma na die baba moet kyk (oppas). Hy teken ’n kar.

Sessie 3

Johan bring graankos in ’n houertjie en eet alles self. Met die oog op bewuswording proe hy verskillende smake in ’n yshouer en kry dan ’n paar lekkers om iets mee te bou. In die sessie word daar die eerste keer met verf gewerk – groot kwaste word gebruik en daar word op een kleur konsentreer. Daarna verf hy met blou en maak baie blou prente – later karre. Hy teken ’n vulkaan op die kleibordjie, maar vee alles weer uit. **Johan bou presies dieselfde sandtafeltoneel as in die eerste sessie.** Hy laat een mannetjie (’n skelm) in die water val en druk hom verder in. Dan sê hy in Engels: **“Get me out of here, I’m sinking, I’m sinking, get me out of here!**” Daarna spuit hy water oor die toneel op die boot. Hy vra vir blinkers en gooi baie oor sy sandtoneel. Hy onthou dat Jesus se liefde soos blinkers is.

Sessie 4

Ons leer hoe die kleur *geel* lyk en meng verf. Later gebruik hy wit om die kleure ligter te maak. Johan wil weer die **watertoneel** bou.

Hy doen dit, maar breek al die slegte mense se bene en arms af.

Sessie 5

Die sessie begin deur Johan verskillende lekkertjies te laat proe. Johan trek ’n gesig as hy suur proe en kan die smaak met ander eetgoed assosieer. Hy ontdek groen en wil groen plante en blare verf. Ons gaan haal blare buite om afdrukke daarvan te maak. Vir die eerste keer vra hy om ’n prentjie te teken, maar hou gou-gou op om te teken.

In die speelkamer is die sandtafel ’n inbraak. Skelms kom die huis in. Die huisie word gebreek. Daar is drie dogtertjies. Die polisie kom red die mense met ’n vliegtuig. Die berader leer Johan hoe om te ontspan. Johan begin kos maak en hy deel sy broodjies. ’n Emosiekaartspeletjie word gespeel en hy verduidelik dat hy skaam voel vir sy ore.

Sessie 6

Johan leer hoe die kleur *rooi* lyk. Hy speel in die sand met ’n trokkie en krokodille. Terwyl hy sorgvry speel, begin hy liedjies sing wat hy by die skool vir ’n konsert leer.

Die materiaal vir die speelsessie bestaan uit emosiekaarte, ‘n trokkie, diertjies en tekenpapier

Sessie 7

Johan kan nie wag om verf te meng nie Hy verf prentjies en leer hoe *pers* en *oranje* lyk. Dan speel hy met die mannetjies, karre, slaan die

houtspeelgoed en die slaan ballon. Die kos en die sandtafel word geïgnoreer en hy begin om sosiale speletjies met berader te speel. Ons moet winkel speel en die geld gebruik. Die berader betrek diere in die spel. Hy waag al meer en hy speel met geld.

En die hele tyd sing hy.

B.1.4 Navorser 4 – Belinda

Sessie 1

Belinda se pleegma bring haar vir die speelsessies en wag in die beradingskantoor terwyl Belinda saam met die berader in die speelkamer is. Haar pleegma en die berader bly skriftelik in kontak met mekaar.

Wanneer Belinda die eerste keer in die speelkamer inkom, is sy verslae en oorweldig. Sy begrawe

dadelik drie poppies in die sand – ’n vrou, ’n baba en ’n dogtertjie.

Daarna begin sy met die babapop speel. Sy versorg die pop deur ’n bottel aan die pop te gee en die doeke om te ruil. Sy begin kosmaak en sê: “Ek maak stywe pap en gravy”. Kort-kort lag sy skamerig, veral as sy baklei met die “ kinders en die manne”.

Belinda ontdek die groter poppe en sy begin klere wissel. Sy praat aanhoudend hard en kwaai . In haar spel konsentreer sy op die manspoppe en trek hulle klere uit. Nou lag Belinda baie hard en onvanpas.

Sessie 2

Belinda het nuwe klere aan en verduidelik dat Jesus vir haar sorg. Sy begrawe weer die baba en dogtertjie in die sand. Die ma-pop is afwesig, maar word met ’n man (skelm) vervang. Belinda lyk verward en maak weer kos.

Sy gesels vandag baie oor haar ouma wat onlangs oorlede en begrawe is, en oor haar pa wat in die Kaap bly. Sy praat van “onse mense”. Belinda raas met die groter manpop. Sy sê aan hom hy is baie stout en begrawe hom dan heeltemal.

Sy teken soms op ’n swart bord, maar vermy papier. Sy weet nie wat sterre is nie en noem dit “daai goed daar bo”. Dit is opvallend dat sy nie weet hoe om met klei te speel nie. Sy begin die grense van die speelkamer te toets, deur speelgoed te wil saamneem en langer te speel as haar toegelate tyd. Sy speel weer met die manpop en vra kort-kort waar die ander man is.

Sessie 3

Belinda ignoreer die nuwe manpop en speel met klei, diertjies, die baba en die kombuisspeelgoed.

Sessie 4

Dit kom voor of Belinda doelgerig te werk gaan. Sy speel die hele sessie met die groter poppe. Die “dogtertjies” word mooi aangetrek – sy borsel hulle hare en bind dit vas met “bobbels” (rekkies). Sy is heeltyd besig in gesprek met die poppe. Sy maak kos, trek aan vir werk en sê dat die “manne” stout is. Die nuwe man word by haar spel betrek.

Sessie 5

Wanneer Belinda inkom, sê sy sy moet kosmaak, en sy maak kos. Sy maak die menspoppe bymekaar. Sy gee vir die nuwe manpop ’n naam. Belinda is kwaad vir hom omdat hy stout is en vra die berader om haar te help om vir hom ’n bed te bou. Sy trek al die poppe uit en bad hulle in die swembad.

Sy gebruik party van die rakke in die speelkamer om ’n nuwe huis te bou. Die manpop bly in die huis. Sy wil saam met hom

in die huis bly, maar sy pas fisies nie daarin nie. Die berader stel voor dat sy 'n huis bou met die klein tafeltjie. Sy draai die tafel om en vra vir komberse. Daarna sit sy die man in die nuwe huis en drapeer komberse om die tafel om 'n huisie te maak. Sy klim self in die huisie in en loer elke nou en dan uit.

Sessie 6

Belinda bou twee huise vir twee families. Sy bou 'n sandtafelprojeksie waarin daar vier groepe voorkom: diere, gewere, dogtertjies en manne. Sy sê dat vrouens kleiner as mans is. Dan begin sy uit haar eie met klei te speel. Sy druk figuurtjies uit wat by mekaar sit. Die verskillende figuurtjies stel haar nuwe (pleegsorg-) familie voor

Daarna betrek sy die berader by die poppespel maar trek glad nie die klere uit nie . Aan die einde van die sessie speel sy met die babapop – sy voer die pop, sy gee medisyne en sy ruil die doek om.

Belinda se mens prent tydens haar **tweede sessie**

Belinda se mensprent **'n iaar later**

B.1.5 Navorser 5 – Jacob

Sessie 1

Jakob se gesin, wat sy ouma insluit, bring hom. Hulle klim almal uit ’n klein motortjie en maak hulle tuis in die tuin. Jacob word vriendelik en uitnodigend in die kantoor welkom geheet en op sy gemak gestel. Daarna gaan hy na die speelkamer waar die berader aan hom al die speelgoed wys. Hy kyk dadelik na die miniatuurhond.

Dan bou hy ’n wêreld in die sandtafel. Hy gebruik net *diere* – honde, plaasdiere en wildediere wat in hokke gesit word. Tussenin is paadjies waar honde rondloop. Daar is ook ’n bakkie en trokkie vir die vervoer van die diere. Twee sekuriteitswagte word bygevoeg. Hulle werk is om te *beskerm*. Johan praat van en vertel dat hy baie van diere hou. Daar is blinkers in die sand. Die berader skakel die lig aan en hy sien dit. Die *liefde van Jesus* word met ’n vergelyking verduidelik. Dit bestaan altyd, maar soms sien mens dit net as die lig daarop val.

Jacob vertel van sy *oupa* wat ’n paar jaar gelede gesterf het – hy vra vrae oor die hemel en wil weet of hy hel toe sal gaan omdat hy so stout is. Die berader verduidelik die bestaan van die hemel soos dit in die Skrif beskryf word. Daarna leer hy Johannes 10:10:

“Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.”

Die oorvloed van Jesus se liefde

is soos ‘n sodaroomys.

Dit is een kleur

(soos ons lewe).

Wanneer die roomys bykom, verander die kleur van die vloeistof en dit bruis.

(Net so is ‘n mens se lewe as jy glo dat Jesus God se seun is.)

Sessie 2

Omdat Jacob nie skool toe gaan nie, kom hy drie dae later vir ’n volgende sessie. Hy speel ’n bordspeletje en ontdek emosiewoorde ná so ’n speletjie. Hy vertel dat sy parakiet weggevlieg het. Jakob teken ’n prent oor hoe hy oor die skool voel. Dit is voel vir hom asof hy vasgehou word by die skool. Dit is aaklig om skool toe te gaan. Hy teken die skool met baie verskillende geboue.

Die parakiet voel soos hy, maar hy kon vry word.

Sessie 3

Die berader leer Jakob hoe om te ontspan. Daarna begin hy om van sy oupa se dood te vertel. Hy voel dat dit sy skuld is dat sy oupa ’n hartaanval gehad het.

Hy het saam met sy oupa gaan visvang. Terug by die huis het sy oupa gevra dat hy die bakkie moes was. Hy sê toe dat hy net eers wil stort. Toe hy uit die stort kom het hy sy oupa op die grond gekry, na sy ouma geroep en hulp gaan soek. Die hartaanval was fataal. Die berader stel voor dat Jacob die insident teken. Hy teken die uitleg van die huis.



Daarna verduidelik die berader die moontlike oorsake van ’n hartaanval. Jacob besef dat sy oupa in elk geval sou gesterf het. Hy is tevrede.

Sessie 4

Die sessie begin met ontspanningspel. Dit is duidelik dat aanvaarding en vriendskappe vir hom op sy voorgrond staan. Hy weet dat hy *impulsief kwaad word en baklei.* Jakob leer deur prente en rolspel dat woede ’n sekondêre emosie is. Daar is maniere om hom te help om die emosies (irritasie en vernedering) wat hom laat kwaad word te identifiseer. Idees oor optrede tydens sulke situasies word uitgeruil en met handpoppe geoefen. Daarna kry hy vakansieleeswerk, wiskunde en speloefeninge.

Sessie 5

Jakob doen niks vakansiewerk nie. Hy speel ’n bordspeletiie en ook ’n spel waar emosionele stories in die sandtafel gespeel word. Hy beeld ’n storie van die wildernis uit. Hy sien hom as ’n *leeu* wat selfs sal swem as hy moet.

Sessie 6

Jakob kan ontspan en speletjies speel sonder om te verwag dat hy sal wen. Hy begin oor sy pa gesels. (Dit was waarskynlik sy ma wat voorgestel het dat hy dit doen.) Hy vertel dat hy sy pa net een keer gesien het en dat hy toe dronk was. Hy het hom gesê dat hy nooit verdowingsmiddels moet begin gebruik nie. Daarna wil hy glad nie verder oor sy pa dink of praat nie. Hy glo dat sy ma se vriend vir hom sal sorg.

Sessie 7-10

Jakob kom gereeld betyds vir die sessies. Dit bestaan gewoonlik uit ’n speletjie, skeppende werk en sandtafelprojeksies, wat meestal uitbeeld hoe skelms inbreek en gevang word. Soms is hy omgekrap oor situasies by die skool. Jakob sien homself as verskillende seuns.

Jakob se self-“prente”, op verskillende tye geteken

B.1.6 Navorser 6 – Amanda

Aanvangsessie

Amanda kom saam met haar ma. Sy word gevra om te teken terwyl die berader inligting by haar ma kry. Sy kyk vir haar ma as sy ’n vraag moet antwoord. Amanda is bang vir *monsters* wat sy in die kamer sien. Dit is opvallend dat sy haarself glad nie kan uitdruk of laat geld nie. Sy is bereid om alleen na die speelkamer te gaan

Sessie 1

Amanda is gewillig om in die speelkamer agter te bly. Sy werk en speel netjies. Die berader leer haar hoe om te ontspan.

Amanda loop baie versigtig en sukkel om te ontspan. Sy is oorbewus van geluide en kyk dikwels rond om te sien wat om haar gebeur. Amanda is bang om vuil te word van die sand en beweeg stadig. Sy bou wel ’n sandtafel vol verskillende klein toneeltjies. Daar is soldate wat alles oppas en slange wat in ’n hok gehou word. Sy sit ook vier skelms in ’n kar.

Die berader gee inligting oor vrees aan die mamma. Sien 2.1.3.

Sessie 2

Amanda is baie meer ontspanne, sy lag spontaan, vra of sy haar skoene kan uittrek en sy begin om ’n sandtafel te maak. Sy raak egter gou verveeld en speel met ander speelgoed. Sy kies klei, word opgewonde en speel met die dokter en kosspeelgoed. In die sessie blyk dit dat Amanda vandag nie so bang is om vuil te word nie.

Sessie 3

Amanda neem deel aan bewuswordingspel deur te gesels oor prente wat sy sien en geluide waarna sy luister. Dan wil sy ’n prent teken. Sy vertel van die monster wat onder haar bed lê en teken dit soos sy dit ervaar. Daarna leer die berader vir Amanda ontspanningsoefeninge.

Amanda begin sosiale spel met die berader te speel.

Die monster in haar kamer

Sessie 4

Amanda maak tee, toebroodjies en geniet haar aktiwiteite. Sy beweeg gemaklik in die speelkamer rond en maak geen melding van die vrees nie. Die berader leer haar Ps. 91:11 – sy konsentreer dus op veiligheid

Die skelm word gevang

Vyf maande later

Amanda kom weer vir beradingspel. Sy maak 'n toneel in die sandtafel wat die gebeure uitbeeld. Daarna teken sy hoe een skelm gevang word. Hul buurman het die skelm gevang, hom geslaan, vasgebind en polisiestasie toe geneem. Dit wil voorkom of die bakleiery tussen die buurman en die skelms haar meer getraumatiseer het as die inbraak self.

Opvolgsessie

Amanda speel sosiale spel, met klei, trek poppe aan en uit en teken. Daarna speel sy met dokterspeelgoed en sy toon geen teken van vrees of angstigheid nie. Haar beradingsessies word beëindig.

B.1.7 Navorser 7 – Sarel

Aanvangsessie

Sarel kom saam met sy ma vir die eerste besoek. Hy is teruggetrokke en sukkel om vrae te beantwoord. Wanneer hy gevra word om iets te kies om mee te speel, neem hy die klei en maak die oulikste goed. Hy is duidelik baie kreatief.

Sessie 1

Sarel speel met oorgawe en hy leef sy kreatiwiteit uit. Hy maak projeksies met kleiwerk en bou goed in die sandtafel maar voltooi niks. Hy sê gereeld hy is nie lus om iets te doen nie en hy wil in beheer wees. Hy praat baie oor sy pa wat afwesig in sy lewe is. Hy slaan die slaanballon baie en intens. Dit kom na vore dat hy geboelie word.

Sessie 2

Sarel begin met ’n speletjie en wil nie die spel staak nie. Hy probeer eers wen en in beheer wees. Dan word hy kwaad as die berader die spel wil verander. Sarel toon minder aggressie oor die algemeen, maar hy is baie lusteloos. Hy speel meganies.

Sessie 3

Dit kom na vore dat Sarel ’n baie swak liggaamsbeeld van homself het – hy weier om in die spieël van die speelkamer te kyk. Die speelkamer word vir hom ’n plek waar hy sy fantasie in die sand kan uitleef. Hy praat egter min daaroor.

Sessie 4

Hy is baie bang vir inbrekers. Dit is vir hom moeilik om keuses te maak, want hy is te bang hy kies verkeerd en sê dan hy is nie lus nie. Hy sukkel om te kies wat hy wil doen, twyfel oor keuses. Later konsentreer hy vir twintig minute op sandspeelgoed. Hy teken aggressiewe prente en verduidelik dat hy niks van sy ma se nuwe vriend hou nie.

Sessie 5

Sarel praat baie oor sy pa en sê hy wil net by sy pa op die skip in Amerika gaan bly.

Sessie 6

Sarel skryf briewe vir sy pa en teken sy pa. Dit blyk dat hy nie van sy nuwe stiefpa hou nie. Hy baklei baie met sy maatjies by die skool en toon moontlik tekens van depressie. Die berader verwys die kind na ’n dokter toe.

B.1.8.1 Materiaal aan ouers gegee

Jeanien Marx

Pastorale Berader

<u>Kliënt se besonderhede</u>

Naam: _____ (kind)

Hiermee gee ek/ons _____ ouers(s)/voog(de) _____toestemming dat hy/sy berading/ m.b.v. beradingspel wat deur Jeanien Marx aangebied word, ontvang.

Ons is bewus daarvan dat Jeanien Marx van haar bevindinge in haar navorsing by die NWU kan gebruik.

Handtekening _____ _____

Datum: _____

Let wel:

1. Enige deelnemer mag te eniger tyd onttrek.
2. Skuilname sal gebruik word.
3. Alle inligting sal konfidensieel bly.

B.1.8.2 Aanvangsbrief aan ouers oor beradingspel

Liewe Ouer (Naam) (Datum)

Dankie dat jy Belinda (skuilnaam) na my toe bring. Ek hoop dit sal vir haar baie beteken.

Daar is bewys dat kinders nie hul probleme op 'n jong ouderdom kan **uitredeneer** (dink) nie. Hulle kyk en luister wel wat ander doen en sê en herhaal dit dan. Daarom speel hulle met speelgoed en orden hulle hul denke en ervarings so speel-speel. Die kind hoef nie te praat nie. Ons Skepper het kinders só gemaak – al wat ons moet doen, is om hulle die geleentheid te gee om dit te kan doen… m.a.w. om hulle toe te laat om deur spel, met die hulp van 'n berader of terapeut, hul emosies en probleme konkreet te aktualiseer.

'n Kind tot met die ouderdom van 11 jaar KAN probleme NIE abstrak beredeneer nie.

Onthou om haar asb. nie ná die tyd uit te vra oor wat gebeur het nie. Ek sal jou op hoogte hou van haar vordering, sou dit nodig wees. As sy self iets vertel, antwoord byvoorbeeld: "Dit klink of jy lekker gespeel/gesels het…" of "Jy hou van sand, nè?"

Niks in spel is reg/verkeerd nie. Ek stel wel grense teen vernielsug en hou by die vasgestelde tyd – vir haar ouderdom – 60 minute. (As sy besig is met iets, kan dit bietjie langer neem.)

Ek konsentreer op wat sy speel (m.a.w. wat sy vir my "wys"). Ons sê, "*Ons werk met wat haar werklikheid is*." Ons help haar om emosie te erken – dit is wanneer sy *emosie* kan erken dat genesing kan begin plaasvind. Soms gebeur dit net spontaan.

Ek sal wel graag wil weet:

- Hoe is haar gedrag, kry sy nagmerries… of het sy emosionele uitbarstings en doen sy dieselfde goed oor en oor?

Ek weet julle bid vir haar. Dis goed om voor slaaptyd die regte Woord (Bybel) oor haar uit te spreek. Voorbeelde is: Ps. 139, Ps. 91, 1 Johannes 4.

Groete

Jeanien

B.1.8.3 Voorbeeld van hulp aan Johan se ma gegee

Halo Mamma

Jy werk so hard met Johan. Ek geniet dit so as hy homself in sy spel uitdruk! Hy wou amper laas week weer met die water speel, maar toe vergeet hy en speel toe met ander goed. Ek dink Johan se manier van sê as hy iets geniet het, soos jy self weet, is:

"Ek is lief vir jou!"

Julle kan begin om vir hom te sê: "***Dit was vir my lekker om saam met jou***…

- ***te sing,***
- ***see toe te gaan, ens.…***

Dan voel my hart warm en dit maak my gelukkig."

As jy sy emosies reflekteer: "***Ek kan sien jy is***…(gefrustreerd, skaam, bang, alleen, jaloers)".

Kwaad in altyd 'n tweede keuse.

Grootmense weet nie altyd wat hulle "trigger" nie – dis eintlik maklik as mens dit gereeld oefen. (Weet jy wat jou eie kwaadword aan die gang sit?)

- "As mens kwaad word help dit om 'n kussing te slaan. Gaan haal gou 'n kussing, toe."
- Eierdosies skeur baie lekker. "Dit help ook as mens kwaad word om 'n boksie te skeur… dan voel mens beter. Julle kan al die klein stukkies op 'n groter karton (deel van byvoorbeeld 'n papboks) plak en dit dan verf. Gekleurde meel en water werk en mors lekker…"

Ek weet 'n kind moet self ook met Jesus "kontak" maak. Wat dink jy? _____

Speel hy al meer met ander kinders? _____ Ander mylpale? Probleme ?

Volgende week is ons laaste sessie – Week 7.

Ek hou dan op met werk en sal hom vir 'n ruk nie sien nie.

Groete

Jeanien

Bylae 2

B2 Kwantitatiewe navorsing – voorbeelde van materiaal wat uitgestuur is

B.2.1 Voorbeeld van "dekbrief" in Afrikaans en Engels.

Geagte Leraar

Ek is 'n pastorale berader en is tans besig om my skripsie oor spelterapie vanuit 'n Skriftuurlike perspektief af te handel. My onderwerp is: " **Die waarde van spelterapie: 'n pastorale beskouing."**
Ek is 'n student aan die Fakulteit Teologie van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). As pastorale berader konsentreer ek spesifiek op die insig wat die Skrif moontlik in die tema *kinders en spel* bied.
U ondervinding en kennis as pastoor/predikant word hoog geag en ek verstaan heeltemal dat u tyd baie kosbaar is. Ek versoek u nederig om hulp te verleen deur die vraelys, wat net vier kort vrae bevat, te beantwoord en aan my terug te stuur.
U kan dit voltooi en aan my e-pos by jeanienm@telkomsa.net of alternatiewelik faks na: 086 502 8936. Die data wat ek van u en ander verkry, sal streng vertroulik, sonder enige verwysing na u of u kerkgemeenskap, gebruik word. Indien u sou belangstel om die resultate van die navorsing te ontvang, is u welkom om dit aan te dui wanneer u die vraelys terugstuur.
U hulp en ondersteuning met die navorsing word hoog op prys gestel. Indien u enige navrae het, moenie huiwer om met my in aanraking te kom nie.

Groete

Dear Sir
I am a pastoral counsellor and am writing a thesis on Play therapy from a Biblical perspective, "**The Value of Play Therapy: A Pastoral Approach**."
As a student at the North-West University (Potchefstroom Campus), I am specifically focusing on what the Bible might teach with regard to *children and play*.
I value your experience and knowledge as a pastor and I understand that your time is extremely valuable, but I humbly request that you please complete the attached questionnaire, which contains only four questions, and return same to me either via e-mail jeanienm@telkomsa.net or by return of fax at 0865028936.
The data obtained from you is completely confidential, and will be used together with other churches' data without reference to either yourself or your church community. If you are interested in receiving the outcome of the survey, please feel free to make your request known to me upon return of the survey.
Your assistance and support with regard to this study is highly appreciated. If you have any queries, please do not hesitate to contact me.

Kind regards

B.2.2 Voorbeeld van Engelse vraelys

Please complete the following questionnaire by marking the appropriate statement by "x" in the block next to it:

The purpose of this questionnaire is to establish whether play therapy is relevant and practiced in the **church today**.

1. Play therapy is:

1.1 Psychoanalysis using toys. ☐
1.2 A method through which children can regulate themselves after trauma. ☐
1.3 A movement in Child Psychology not used in the church. ☐
1.4 I do not actually know what play therapy is. ☐
1.5 Other *(describe briefly)* ……
……

2. In my opinion the purpose of play therapy is:

